


M.M.18



RGN  
HSRC



# *die rol van lone in die volkshuishouding*

*raad vir geesteswetenskaplike navorsing*

001.3072068 HSRC  
MM 18

# RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak 41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 28831

Telegramme: RAGEN

Klasnr./Class No.	Registrernr./No.
001.3072068 HSRG MM 18	21922/3

**RGN** RAAD VIR  
GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING

**BIBLIOTEEK  
LIBRARY**

**HSRC** HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL

W.P. 809 7/69

President: Dr. P. M. Robbertse

Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

Sekretaris: Mej. K. M. Henshall

## Institute van die RGN

Instituut vir Geskiedenisnavorsing

Instituut vir Kommunikasienavorsing

Instituut vir Mannekragnavorsing

Instituut vir Navorsingsontwikkeling

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing

Instituut vir Psigometriese Navorsing

Instituut vir Sosiologiese Navorsing

Instituut vir Statistiese Navorsing

Instituut vir Taal, Lettere en Kuns

Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste

Administrasie

## Funksie van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindings en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

RGN-BIBLIOTEK  
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

Besorg asseblief hierdie publikasie terug of doen aansoek om verlenging van die leenteryn voor die laaste datum hieronder gestempel.

Please return this publication or apply for an extension of the loan period before the last date stamped below.

10. 8. 79

1987 -10- -7

0000442376



2844363866



001.3072068 HSRC MM 18



\* 0 4 4 2 3 7 \*

*SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING*

***DIE ROL VAN LONE IN  
DIE VOLKSHUISHOUDING***

*F. BOSHOFF, B.Comm.(Hons.), B.Ed.*

*INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING*

*DIREKTEUR: W. VERHOEF*

*PRETORIA*

*1971*

Verslag Nr. MM-18

Slegs in Afrikaans beskikbaar

Kopiereg Voorbehou

ISBN 0 86965 007 6

VOORWOORD

Vir die loontrekker is lone 'n emosioneelbelaaide onderwerp waarteenoor hy net nie objektief kan staan nie. Die grootte van sy loon bepaal immers sy lewenstandaard terwyl sy sosiale aansien veral deur die relatiewe grootte daarvan bepaal word.

Vir die ekonoom aan die anderkant is lone by uitstek 'n instrumentveranderlike, 'n middel wat aangewend kan word om ander ekonomiese veranderlikes in 'n gewenste rigting te laat beweeg.

Tussen hierdie twee uiterstes bevind die beleidmaker homself. Vir hom is lone 'n onderwerp wat met die grootste versigtigheid gehanteer moet word. Aan die eenkant mag hy nooit die emosies van die loontrekker, wat ook sy kieser of werknemer is, uit die oog verloor nie, want dan kan lone vir hom 'n struikelblok word waarteen sy besbeplande en goedbedoelde beleid skipbreuk kan ly. Aan die anderkant kan lone vir hom, indien hy dit reg gebruik, 'n middel wees waarmee hy 'n hele aantal sosio-ekonomiese doelwitte kan bereik.

Daar word gehoop dat hierdie studie daartoe sal bydra dat belanghebbende partye hierdie komplekse onderwerp in 'n helderder lig sal sien, en gevolglik in staat sal wees om enkele van die struikelblokke wat loonbeslissings soms tot gevolg het, te vermy.

*P. M. Louwke.*  
P R E S I D E N T

RGN BIBLIOTEK LIBRARY HSRC		
17-2-1974		
STANDKODE	REGISTERNOMMER	
<i>001-3072068 H.S.R.C.</i> BESTELNOMMER C. RGN.	21922	3



## INHOUD

BLADSY

1	INLEIDING	1
	LITERATUURLYS	3
2	BEGRIPSBEPALING	4
2.1	Volkshuishouding, met 'n beskrywing van enkele aspekte van die volks= huishouding van die Republiek van Suid-Afrika	4
2.1.1	Inleiding	4
2.1.2	Die huishoudelike sektor	4
2.1.3	Die sakesektor	8
2.1.4	Die owerheidsektor	8
2.1.5	Die buitelandse sektor	9
2.2	Lone	9
2.2.1	Inleiding	9
2.2.2	Lone uit die oogpunt van die arbeider	10
2.2.3	Lone uit die oogpunt van die werkgewer	11
2.2.4	Die sosiale koste van arbeid	12
2.2.5	Lone vir nasionale rekeningedoeleindes	12
2.2.6	Die verskil tussen nominale lone en reële lone	12
2.2.7	Die verband tussen loonverdienste en loonskaal ("wage rate")	13
2.2.8	Loontydperk	14
2.2.9	'n Definisie van lone vir doeleindes van hierdie studie	14
2.2.10	Die arbeidsmark	14
2.2.11	Arbeid	17
	LITERATUURLYS	18
3	ENKELE LOONTEORIEË	19
3.1	Inleiding	19
3.2	Die bestaansloonteorie	19
3.3	Die loonfondsteorie	20
3.4	Die grensproduktiwiteitsteorie	21
	LITERATUURLYS	28
4	DIE INVLOED VAN LONE OP PRODUKTIWITEIT	29
4.1	Inleiding	29
4.2	Die oorsprong van verhoogde produktiwiteit	29
4.3	Die faktore wat persoonlike werkverrigting beïnvloed	30
4.3.1	Algemeen	30
4.3.2	Vermoë	30
4.3.3	Motivering	30
4.4	Die invloed van lone op produktiwiteitsverhoging voortspruitende uit tegnologiese ontwikkeling	30
4.5	Die invloed van lone op produktiwiteitsverhoging voortspruitende uit 'n verbeterde standaard van persoonlike werkverrigting	33
4.5.1	Algemeen	33
4.5.2	Vermoë	33
4.5.3	Motivering	34
4.6	Die invloed van aansporingslone op produktiwiteit	36
4.7	Enkele gevolgtrekkings aangaande die rol van lone op produktiwiteit	37
	LITERATUURLYS	38
5	DIE ROL VAN LONE IN DIE WELVAARTSVRAAGSTUK	39
5.1	Algemeen	39
5.1.1	Ekonomiese en nie-ekonomiese welvaart	39
5.1.2	Persoonlike en nasionale welvaart	39
5.1.3	Die oorsprong van welvaart	39
5.2	Die welvaartsvraagstuk	41
5.2.1	Waarom en vir wie is welvaart 'n vraagstuk	41
5.2.2	Die oplossing van die welvaartsvraagstuk	42
5.2.3	Die owerheid se welvaartsfunksie	42
5.3	Die invloed van lone op ekonomiese groei of ontwikkeling	43
5.3.1	Inleiding	43
5.3.2	Die rol van lone op ekonomiese groei en ontwikkeling	43



5.4	Die invloed van lone op indiensneming	45
5.4.1	Algemeen	45
5.4.2	Die rol van lone in die bestryding van werkloosheid volgens die ouer-klassieke teorie	46
5.4.3	Die rol van lone in die bestryding van werkloosheid volgens die Keynesiaanse teorie	46
5.4.4	Die rol van lone in die bestryding van werkloosheid volgens die klassieke teorie in moderne gewaad	47
5.4.5	Enkele kritiese opmerkings oor die invloed van lone op indiensneming	52
5.5	Die invloed van lone op afsonderlike ontwikkeling	55
5.5.1	Inleiding	55
5.5.2	Die invloed van afsonderlike ontwikkeling op die welvaarts-vraagstuk	55
5.5.3	Die invloed van lone op Bantoemigrasie vanaf die Bantoetuislande na die Blanke gebiede	56
5.5.4	Die invloed van lone op die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande	57
5.6	Die "eweredige" verdeling van volksinkome onder die bevolking	59
5.6.1	Algemeen	59
5.6.2	Persoonlike en funksionele verdeling van die volksinkome	59
5.6.3	Herverdeling van die volksinkome	60
5.7	Die herverdeling van die volksinkome deur middel van die vasstelling van 'n statutêre minimumloon	60
5.7.1	Inleiding	60
5.7.2	Argumente ten gunste van 'n algemene minimumloon	61
5.7.3	Argumente teen 'n algemene minimumloon	61
5.7.4	'n Kritiese bespreking van enkele van die argumente teen en ten gunste van 'n algemene minimumloon	62
5.7.5	Enkele gevolgtrekkings insake 'n statutêre vasgestelde algemene minimumloon	66
5.8	Die herverdeling van die volksinkome deur beheer van maksimumlone	67
5.8.1	Inleiding	67
5.8.2	Die doel van 'n herverdeling van die volksinkome ten gunste van winsontvangers	67
5.8.3	Beheer oor maksimumlone in die praktyk	67
5.9	Lone en die rol van produktiwiteit in welvaart	68
5.10	Die invloed van lone op prysstabiliteit	70
5.10.1	Algemeen	70
5.10.2	Die rol van lone by die ontstaan van inflasie	71
5.10.3	Die rol van lone in die verloop van die konjunktuersiklus	71
5.11	Die invloed van lone op die betalingsbalans	73
5.11.1	Algemeen	73
5.11.2	Direkte daling van uitvoere	73
5.11.3	Direkte styging van invoere	73
5.11.4	Sekondêre daling van uitvoere	74
5.11.5	Daling in goudproduksie	74
5.11.6	Buitelandse lone	75
5.11.7	Die invloed van die land se relatiewe loonhoogte op die betalingsbalans	75
5.12	Welvaart en die sosiale koste van produksie	75
5.12.1	Inleiding	75
5.12.2	Die verband tussen sosiale koste en lone	76
5.13	Die invloed van lone op interne mededinging tussen produsente	76
5.14	Enkele gevolgtrekkings aangaande die rol van lone in die welvaarts-vraagstuk	78
5.14.1	Die invloed van lone op ekonomiese ontwikkeling	78
5.14.2	Die invloed van lone op volle indiensneming	78
5.14.3	Die invloed van lone op afsonderlike ontwikkeling	78
5.14.4	Die invloed van lone op die eweredige verdeling van die volksinkome	79
5.14.5	Die invloed van lone op prysstabiliteit	79

	LITERATUURLYS	81
6	DIE ROL VAN LONE IN DIE ALLOKASIE VAN ARBEID	84
6.1	Algemeen	84
6.2	Die vraag na arbeid	84
6.2.1	Die individuele onderneming se vraag na arbeid	84
6.2.2	Die totale of makrovraag na arbeid	88
6.3	Die aanbod van arbeid	91
6.3.1	Die totale of makroaanbod van arbeid in 'n volkshuishouding	91
6.3.2	Die aanbod van arbeid aan die individuele onderneming	93
6.4	Gevolgtrekkings	95
	LITERATUURLYS	97
7	DIE INVLOED VAN LONE OP DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK	98
7.1	Die invloed van lone op die bruto binnelandse produk gesien vanuit die oogpunt van die grensproduktiwiteitsteorie van arbeid	98
7.2	Lone as persentasie van die bruto binnelandse produk in die geskiedenis van 'n volkshuishouding	99
7.3	'n Makro-ekonomiese beskouing van die rol van lone op bruto binnelandse produk	101
7.4	Gevolgtrekkings	103
	LITERATUURLYS	104

TABELLE

BLADSY

2.1	BEVOLKINGSAMESTELLING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 6 SEPTEMBER 1960	5
2.2	NATUURLIKE AANWAS EN GROEIKOERS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BEVOLKING	5
2.3	LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE BEVOLKING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA OP 6 SEPTEMBER 1960	6
2.4	DIE VERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA VOLGENS GESLAG EN HOOFBE- VOLKINGSGROEPE 6 SEPTEMBER 1960	7
2.5	DIE VERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA VOLGENS HOOFBEROEPSGROEPE EN HOOFBEVOLKINGSGROEPE 6 SEPTEMBER 1960	7
7.1	LONE AS 'N PERSENTASIE VAN DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA	98
7.2	LONE AS 'N PERSENTASIE VAN DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK VIR 'N AANTAL LANDE 1950 EN 1963	100
7.3	WERKNEMERSVERGOEDING (LONE) AS 'N PERSENTASIE VAN DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK TEEN FAKTORKOSTE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 1911 TOT 1968	101

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

Die ekonomiese politiek is die doelbewuste manipulasie van sekere ekonomiese veranderlikes (die instrumentveranderlikes) met die doel om een of meer ander ekonomiese veranderlikes (die doelveranderlikes) in die een of ander mate te beïnvloed sodat dit in 'n vooraf beplande mate en rigting sal verander (1, 6). Die doeleindes van die ekonomiese politiek en ook sommige van die instrumente daarvan kan en mag egter nooit deur die ekonomiese wetenskap self gekies word nie (2, 122). Dit is die prerogatief van die volk self by monde van sy verteenwoordigers. Die ekonoom se taak eindig in hierdie geval by die aanwys van moontlike instrumente, die bepaling van die waardes wat hulle moet aanneem om die van buite gegewe doeleindes te bereik en die analise van die invloed daarvan op ander ekonomiese data.

In die meeste Westerse volkshuishoudings word monitêre ewewig, ewewig op die betalingsbalans, volle indiensneming en die verhoging van die welvaartspeil van die bevolking (ekonomiese ontwikkeling of groei) gewoonlik hoog op die lys van die owerheid se ekonomiese doelwitte aangetref. Dieselfde geld vir die Republiek van Suid-Afrika. Ekonomiese ontwikkeling staan waarskynlik bo-aan die lys van die meeste onderontwikkelde lande van die wêreld. In die lande waar die sosialisme as lewensfilosofie inslag gevind het, sal die herverdeling van die volksinkome gewoonlik weer hoog op die lys van sosio-ekonomiese doelwitte aangetref word. Ekonomiese instrumente kan ook ingespan word om suiwer magspolitiese doelwitte te bereik. Vandag word dit veral op internasionale vlak vir die doel aangewend. Dink maar aan die Amerikaanse en Russiese ontwikkelingshulp aan onderontwikkelde lande en die "boikot" van Rhodesië se buitelandse handel.

In die Republiek van Suid-Afrika met sy unieke en heterogene bevolkingsaestelling kan 'n mens verwag om enkele unieke doelwitte aan te tref wat nie in ander volkshuishoudings aangetref sal word nie. In die verband word veral gedink aan grensgebiedontwikkeling en die afsonderlike ontwikkeling van bevolkingsgroepe.

Indien daar onthou word dat dit volgens Tinbergen (1, 55) noodsaaklik is dat die owerheid vir elke doelveranderlike in sy ekonomiese politiek oor minstens een instrumentveranderlike moet beskik, is dit meteens duidelik dat die owerheid van die Republiek van Suid-Afrika 'n groter behoefte aan instrumentveranderlikes in sy ekonomiese politiek het as wat in die meeste ander Westerse volkshuishoudings die geval is. Waar lone (insluitende salarisse) een van die veranderlikes is wat 'n besondere groot en wye invloed op die volkshuishouding het, is dit minstens denkbaar dat die owerheid dit sal begin oorweeg om lone as 'n instrumentveranderlike in sy ekonomiese politiek aan te wend.

Dit moet egter ook in gedagte gehou word dat dit nie net die owerheid is wat lone as instrumentveranderlike kan aanwend nie. Elke individuele werkgewer, maar veral die groot werkgewer is ten volle bewus daarvan dat lone in al sy verskillende vorms die vernaamste, indien nie die enigste instrument is wat hy kan gebruik om die werkers wat hy benodig te lok. Dink in die verband byvoorbeeld aan dié relatief hoë lone wat olieboorwerkers op diepseeoliebore kan verdien.

Die terreine van die volkshuishouding waar lone as instrumentveranderlike aangewend kan word is veelvuldig. Enkeles, wat op die oomblik vir die Republiek van Suid-Afrika waarskynlik van die belangrikstes is, word kortliks hieronder aangestip.

(a) Mannekragbeplanning en meer in die besonder die mees ekonomiese aanwending (beide vir die werker en vir die volkshuishouding) van die skaars mensemateriaal wat oor die nodige aangebore of verworwe kwalifikasies beskik om die

hoër wetenskaplike, tegniese, besturende, uitvoerende en vakkundige take te ver-  
rig wat vir ontwikkeling so noodsaaklik is, word vandag as 'n noodsaaklike faset  
van beplande ekonomiese ontwikkeling in 'n demokratiese land beskou. Mannekrag=  
beplanning berus egter hoofsaaklik op twee belangrike faktore naamlik lone en  
opleiding (wat onderwys insluit).

(b) Monetêre ewewig. Daar word algemeen aanvaar dat buitensporige loon=  
stygings inflasionisties van aard kan wees.

(c) Die betalingsbalans. Indien minerale uitvoer (veral goud) as ver=  
naamste verdieners van buitelandse valuta vervang moet word, sal Suid-Afrikaanse  
nywerheidsprodukte van mededingende kwaliteit teen mededingende pryse op die  
internasionale markte geplaas moet kan word. Dit raak onder andere die rol  
van die Suid-Afrikaanse werker se produktiwiteit en lone in die nywerheids-kos=  
testruktuur.

(d) Die "regverdige" verdeling van die volksinkome tussen die verskillen=  
de subjekte, huishoudings, bevolkingsgroepe en sektore van die volkshuishouding  
hang tot 'n groot mate saam met die loonstruktuur en reële loonhoogte in 'n volks=  
huishouding.

(e) Geografiese desentralisasie van nywerheidsproduksie wat in die Repu=  
blik van Suid-Afrika met sy dualistiese volkshuishouding ten nouste saamhang  
met grensgebiedontwikkeling en afsonderlike ontwikkeling van bevolkingsgroepe,  
kan waarskynlik wesentlik deur loonstrukture beïnvloed word.

(f) Nywerheidsvrede, wat in die Republiek van Suid-Afrika waarskynlik 'n  
noodsaaklike voorvereiste vir vreedsame naasbestaan van die verskillende be=  
volkingsgroepe is, het sy wortels gewoonlik diep in die kompleksiteit van loon=  
struktuur, loonhoogte en loonbeleid.

Uit bostaande is dit dan ook sonder meer duidelik dat almal wat lone met  
watter doel ook al op die een of ander wyse as instrumentveranderlike in sy  
• ekonomiese of sosio-politieke bedrywighede aanwend, behoefte het aan volledige,  
betroubare en resente loonstatistieke.

Aangesien die invloed van lone egter oor soveel dimensies van die volks=  
huishouding heen strek, word dit wenslik geag om eers te besin oor wat die rol  
van lone in die volkshuishouding is, voordat daar enige beslissings geneem word  
oor die aard en omvang van loonnavorsing wat aangepak behoort te word en die ad=  
disisionele loonstatistieke wat ingesamel behoort te word. In die hoofstukke wat  
hierop volg sal kortliks nagegaan word watter lig die tradisionele en kontem=  
porêre ekonomiese denke kan werp op die rol van lone in die volkshuishouding.  
Daar word ook vertrou dat hierdie studie van nut sal wees by die bepaling  
van die rigtings waarin verdere loonnavorsing in hierdie instituut behoort te  
beweeg.

LITERATUURLYS

- 1 TINBERGEN, J. Economic policy principles and design, Amsterdam, North-Holland Publishing Co, 1964.
- 2 LOMBARD, J.A. Die ekonomiese politiek van Suid-Afrika, Kaapstad, HAUM, 1967.

HOOFSTUK 2  
BEGRIPSBEPALING

2.1 VOLKSHUISHOUDING, MET 'N BESKRYWING VAN ENKELE ASPEKTE VAN DIE VOLKSHUISHOUDING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

2.1.1 Inleiding

Die begrip volkshuishouding of ekonomiese stelsel, is 'n baie wye een waaroor daar sommer baie geskryf kan word. Die beperkte omvang en veld van hierdie studie beperk egter die belangstelling tot slegs daardie komponente van die volkshuishouding wat direk by lone betrokke is, naamlik die subjekte van die volkshuishouding, dit wil sê die mense of bevolking.

Omdat die moderne westerling egter tot so 'n groot mate nie meer as enkeling ekonomies betekenisvol handel en optree nie, vorm die organisasievorme soos huishoudings, sakeondernemings, openbare owerhede ensovoorts, waarbinne die mens sy optrede reël en orden, 'n integrale deel van die volkshuishouding. Alhoewel geeneen van die organisasies sonder die mens kan ontstaan en bestaan nie, sal enige moderne Westerse volkshuishouding daarsonder egter gou in chaos verval. Die organisasievorme is dus 'n blote verlenging van die mens. Die volkshuishouding word gewoonlik in die volgende subjeksektore onderverdeel:

- (1) Die huishoudelike sektor
- (2) Die sakesektor
- (3) Die openbare owerhede
- (4) Die buitelandse sektor.

2.1.2 Die huishoudelike sektor

Die huishoudelike sektor van die volkshuishouding bestaan eerstens uit 'n aantal individue, die bevolking, wat in die tweede instansie in 'n aantal huishoudings saam gegroepeer is. Die bevolking en die huishoudings kan, in die geval van sommige volkshuishoudings waaronder die Republiek van Suid-Afrika, weer verder onderverdeel word in 'n aantal verskillende bevolkingsgroepe.

Die huishoudelike sektor is vir hierdie studie van besondere betekenis want dié sektor is eerstens die oersektor van die volkshuishouding van wie die ander twee binnelandse sektore, sakeondernemings en openbare owerhede, hul bevoegdheid ontvang het. Tweedens is die huishoudelike sektor ook die besitter van die produksiefaktor arbeid wat hy teen 'n prys (lone) verhuur of verkoop. Die belangstelling in die huishoudelike sektor strek dus veral uit tot die dimensies van die bevolking wat direk 'n invloed het op die aanbod van arbeid, naamlik die bevolkingsgrootte en -samestelling. Dit sal kortliks hieronder ontleed word.

In tabel 2.1 word die bevolkingsamestelling van die volkshuishouding uiteengesit.

Uit tabel 2.1 blyk dit dat die volkshuishouding van die Republiek van Suid-Afrika gekenmerk word deur 'n besonder heterogene bevolkingsamestelling. Daar kan aanvaar word dat elkeen van die bevolkingsgroepe 'n eie kulturele karakter openbaar wat in die een of ander mate 'n invloed uitoefen op die bevolkingsgroep se aanbod van arbeid op die verskillende arbeidsmarkte van die volkshuishouding.

TABEL 2.1  
BEVOLKINGSAMESTELLING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 6 SEPTEMBER 1960  
'000

Bevolkingsgroep <sup>1)</sup>	N	%	N	%
Xhosa	3062	28.0		
Zoeloe	2862	26.2		
Swazi	338	3.1		
Tsonga	506	4.7		
Suid-Sotho	1291	11.8		
Tswana	1149	10.5		
Noord-Sotho	957	8.8		
Venda	242	2.2		
Ander en nie gespesifiseer <sup>2)</sup>	514	4.7		
<b>TOTAAL BANTOE</b>	<b>10928</b>	<b>100.0</b>	<b>10928</b>	<b>68.3</b>
Blankes			3080	19.3
Kleurlinge			1509	9.4
Asiate			477	3.0
<b>TOTAAL</b>			<b>15994</b>	<b>100.0</b>

Bron : Buro vir Statistiek. Suid-Afrikaanse Statistieke 1968, bl. A-29

1) Die indeling van die Bantoevolksgroepe geskied volgens die bepalings van die wet op "Die bevordering van Bantoeselfbestuur", Wet 46 van 1959.

2) Insluitende 290 563 Ndebele vir wie die wet op "Die bevordering van Bantoeselfbestuur" nie voorsiening maak nie.

Die bevolkingsamestelling kan egter nie as 'n statiese toestand aanvaar word nie. In die eerste plek verskil die natuurlike aanwas en groeikoers van die verskillende bevolkingsgroepe aanmerklik soos in tabel 2.2 gesien kan word. In die tweede instansie word daar tans 'n daadwerklike poging aangewend om die Blanke getalle deur middel van immigrasie aan te vul. In 1968 byvoorbeeld het daar 40 548 Blanke immigrante die land binnegekom terwyl slegs 10 589 emigrante die land verlaat het (2, 13).

TABEL 2.2  
NATUURLIKE AANWAS EN GROEIKOERS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BEVOLKING

Bevolkingsgroep	Natuurlike aanwas <sup>1)</sup> per 1000 van die be- volking 1968	Groeikoers; Gemiddelde jaarlikse aanwas 1951 tot 1960 <sup>2)</sup>
Blankes	13.4	1.65%
Kleurlinge	27.1	3.43%
Asiate	23.5	2.87%
Bantoes	- 3)	2.65%

1) Buro vir Statistiek. Bulletin van Statistiek, September 1969, tabel A-5.

2) Buro vir Statistiek. Suid-Afrikaanse statistieke 1968, bl. A-10.

3) Geen betroubare syfer beskikbaar nie.

'n Ander dimensie van die bevolking wat 'n belangrike invloed op die arbeidsaanbod in 'n volkshuishouding het, is die leeftydsamestelling van die bevolking. Dit word in tabel 2.3 ontleed.



TABEL 2.3

LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE BEVOLKING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA OP  
6 SEPTEMBER 1960

'000

Bevolkingsgroep	Leeftydsgroep							
	0-14 jaar		15-64 jaar		65 jaar en ouer		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Blankes	998	32.4	1870	60.7	212	6.9	3080	100
Kleurlinge	682	45.2	779	51.6	48	3.2	1509	100
Asiate	212	44.5	256	53.7	9	1.8	477	100
Bantoes	4524	41.4	6054	55.4	350	3.2	10928	100
Alle bevolkingsgroepe	6416	40.1	8959	56.0	619	3.9	15994	100

Buro vir Statistiek. Suid-Afrikaanse Statistieke 1968, tabelle A-26, A-27 en A-28.

Uit tabel 2.3 blyk dit dat die persentasie Blankes in die ekonomies aktiewe leeflydsgroep, 15-64 jaar, heelwat hoër is as die vir die ander bevolkingsgroepe. Hierdie verskynsel is die gevolg van 'n relatief lae natuurlike aanwas- syfer vir die Blanke bevolkingsgroep (kyk tabel 2.2). Die relatief hoë persentasie Blankes in die leeftyd 15-64 jaar (kyk tabel 2.3) het tot gevolg dat die potensiële arbeidsaanbod vir die Blanke bevolkingsgroep tans groter is as dié vir die ander bevolkingsgroepe. Dit beteken egter terselfdertyd dat die persentasie Blankes in die sogenaamde ekonomies aktiewe leeflyd, 15-64 jaar, oor die volgende dekade relatief tot die ander bevolkingsgroepe sal daal, tensy dit deur middel van immigrasie aangevul word.

Uit tabel 2.3 blyk dit verder dat die Kleurlinge die jeugdigste van die vier bevolkingsgroepe is met 45.2 persent van hul getalle in die leeflydsgroep 0-14 jaar. Dit het belangrike gevolge vir die potensiële aanbod van arbeid oor die volgende dekade, want indien die kindersterftesyfer onder Kleurlinge nie ook relatief hoog is nie, beteken dit dat daar in die volgende dekade relatief meer jeugdige van die Kleurlingbevolkingsgroep tot die arbeidsmark kan toetree as van die ander bevolkingsgroepe. Dieselfde geld in 'n mindere mate vir die Asiatiese bevolkingsgroep.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat ouderdom nie die enigste faktor is wat bepaal of 'n persoon ekonomies bedrywig is of nie. In die geval van die Blankes skryf tradisie byvoorbeeld vandag voor dat alle skoolverlaters wat nie verder studeer nie tot die arbeidsmag moet toetree. Die aan- of afwesigheid van klein kindertjies in die gesin het 'n belangrike invloed op die ekonomiese bedrywigheid van die Blanke vrou. In die geval van Asiate verbied die Hindoe- en Mohammedaanse kultuur die vrou om die ope arbeidsmark te betree (1, 68). In die geval van die Bantoe oefen die grootte van die afgelope graanoes waarskyn- lik 'n betekenisvolle invloed uit op die arbeidsaanbod vanuit die Bantoe-tuislan- de. Daar kan dus nie verwag word dat die ekonomies bedrywige bevolking met die bevolking in die ouderdomsgroep 15-64 jaar sal ooreenkom nie. Daar kan hoog- stens beweer word dat die deel van die bevolking tussen die ouderdomme 15 en 64 jaar die potensiële arbeidsaanbod van die volkshuishouding uitmaak.

Die deel van die bevolking wat hul dienste buite die huislike kring teen vergoeding aanbied is volgens Lombard en Stadler ekonomies bedrywig (1, 67). In tabel 2.4 word die ekonomies bedrywige bevolking van die Republiek van Suid- Afrika volgens geslag en volgens hoofbevolkingsgroepe ontleed en in tabel 2.5 volgens hoofberoeps-groepe en hoofbevolkingsgroepe.

TABEL 2.4

DIE VERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA VOLGENS GESLAG EN HOOFBEVOLKINGSGROEPE 6 SEPTEMBER 1960 '000

Bevolkingsgroep	Ekonomies bedrywige bevolking								
				Manlik		Vroulik		Totaal	
	Manlik	Vroulik	Totaal	N	%	N	%	N	%
Blankes	1535	1545	3080	856	55.8	296	19.2	1152	37.4
Kleurlinge	751	758	1509	377	50.2	176	23.2	553	36.6
Asiate	242	235	477	115	47.5	11	4.7	126	26.4
Bantoes	5512	5416	10928	3054	55.4	838	15.5	3892	35.6
Alle bevolkings- groepe	8039	7954	15994	4396	54.7	1323	16.6	5719	35.8

Buro vir Statistiek. Bulletin van Statistiek, Maart 1969, bl. 18.

TABEL 2.5

DIE VERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA VOLGENS HOOFBEROEPSGROEPE EN HOOFBEVOLKINGSGROEPE 6 SEPTEMBER 1960 '000

Hoofberoeps- groep	Blankes		Kleur= linge		Asiate		Bantoes		Alle bevol- kingsgroepe	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Professionele, tegniese en verwante werkers	138	12.0	14	2.5	5	4.0	49	1.3	206	3.6
Administratiewe, uitvoe- rende en besturende wer- kers	59	5.1	1	0.2	2	1.6	6	0.2	68	1.2
Klerklike werkers	277	24.0	9	1.6	8	6.3	19	0.5	313	5.5
Verkoopswerkers	98	8.5	10	1.8	23	18.2	29	0.7	160	2.8
Boere, vissers, houtkap= pers en verwante werkers	117	10.2	128	23.2	12	9.5	1475	37.9	1731	30.3
Myn-, steengroef- en verwante werkers	31	2.7	-	-	-	-	1	0.0	32	0.5
Werkers in vervoer en kommunikasie	72	6.3	22	4.0	7	5.6	64	1.6	164	2.9
Vakmanne, produksiepro- seswerkers en arbeiders	273	23.7	192	34.7	36	28.6	1252	32.2	1752	30.6
Diens-, sport en ont- spanningswerkers	59	5.1	118	21.3	15	11.9	711	18.3	902	15.8
Ongespesifiseer en geen beroep vermeld	28	2.4	59	10.7	18	14.3	286	7.3	391	6.8
TOTAAL	1152	100	553	100	126	100	3892	100	5719	100

Buro vir Statistiek. Bulletin van Statistiek, Maart 1969, bl. 18.

Wat die geslagsverdeling van die ekonomies bedrywige bevolking van die Re-  
publiek van Suid-Afrika aanbetref is dit veral opmerklik dat so 'n lae persenta-  
sie (4.7 persent) van die Asiatiese vroue ekonomies bedrywig is. Dit kan waar-  
skynlik toegeskryf word aan die eise van die Mohammedaanse en Hindoekulture wat  
die Indiërvroue verbied om hul dienste op die arbeidsmark aan te bied.

Die relatief lae persentasies ekonomiese bedrywigheid onder Asiatiese en Kleurlingmans kan toegeskryf word aan die relatiewe jeugdigheid van die twee bevolkingsgroepe (kyk tabel 2.3). Vyf en veertig persent van die twee bevolkingsgroepe val in die leeftydsgroep 0-14 jaar teenoor 41 persent vir Bantoes en 32 persent vir Blankes.

Uit tabel 2.5 blyk dit dat die beoefenaars van die hoëvlakberoep in die Republiek van Suid-Afrika hoofsaaklik uit die Blanke bevolkingsgroep kom terwyl die Nie-Blankes hoofsaaklik in die laevlakberoep aangetref word. Terwyl slegs 1 152 000 of 20.1 persent van die ekonomiese bedrywige bevolking Blankes is, word 138 000 of 66.9 persent van die professionele, tegniese en verwante poste en 59 000 of 86.8 persent van die administratiewe, uitvoerende en bestuurende poste in die land deur Blankes gevul. Daarteenoor vul die Nie-Blankes wat 80 persent van die bevolking uitmaak, 1 480 000 of 84 persent van die 1 752 000 poste vir ambagsmanne, produksiewerkers en arbeiders en 844 000 of 93.6 persent van die poste vir diens-, sport- en ontspanningswerkers..

'n Ander opmerklieke verskynsel wat uit tabel 2.5 blyk is die relatief hoë persentasie (18.2 persent) Asiate wat die beroep van verkoper beoefen.

### 2.1.3 Die sakektor

'n Sakeonderneming of firma word deur Lombard en Stadler gedefinieer as 'n selfstandige ekonomiese subjek wat met die oog op 'n wins, die voorsiening van 'n objek of objekte onderneem waaraan daar 'n behoefte in die ekonomiese stelsel bestaan (1, 91). Dit is 'n finansiële of organisatoriese eenheid wat uit een of meer persone wat op 'n statutêr-erkende wyse saamgesnoer is kan bestaan. Dit moet duidelik onderskei word van 'n bedryf wat 'n ekonomiese objek is en, anders as die onderneming, wel fisies waarneembaar is.

Reynders wys daarop dat die bedryf as tegniese eenheid wat die voortbrenging van goedere en dienste ten doel het, in beide die sosialistiese en kapitalistiese volkshuishoudings aangetref word. Die onderneming is egter 'n finansierings-, organisatoriese en risikodraende eenheid wat by uitstek 'n kenmerk van die kapitalisme is (4, 2). Ondernemings kan in beheer wees van meer as een bedryf. Yskor byvoorbeeld besit fabriek in Pretoria en Vanderbylpark en myne op Thabazimbi, Rosh Phina en Uis.

Ondernemings in die Republiek van Suid-Afrika word in ses hoofgroepe verdeel, naamlik:

- 1 Eenmansake
- 2 Vennootskappe
- 3 Maatskappye
- 4 Koöperasies
- 5 Openbare korporasies
- 6 Owerheidsondernemings.

Die totaal van alle sakeondernemings vorm saam die sakektor van die volkshuishouding. Die sakektor is vir hierdie studie veral van betekenis omdat dit die koper is van die oorgrote persentasie van alle arbeid wat binne 'n volkshuishouding verhandel word. Die arbeid word dan aangewend (as produksiefaktor) om die menigvuldige goedere en dienste wat in die volkshuishouding verhandel en verbruik of uitgevoer word, te produseer.

### 2.1.4 Die owerheidsektor

Die owerheidsektor van die volkshuishouding word deur Lombard en Stadler omskryf as "(i) alle wetgewende, geregtelike en uitvoerende liggame, wat deur middel van politieke prosesse tot stand gebring is, insluitende sentrale regeeringsliggame met afdwingbare magte wat oor die hele landsgebied strek, sowel as liggame op laer vlakke met soortgelyke maar beperkte magte wat oor slegs 'n ge-

deelte van die land strek; en (ii) alle agentskappe wat direk aan bogenoemde liggame verantwoordelik is" (1, 120). Die vernaamste kenmerke wat die owerheidsektor van die ander sektore onderskei is dat sy aktiwiteite hul oorsprong in politieke besluite het en dat hy oor die magte beskik om die besluite met dwang uit te voer.

Die owerheidsektor in die Republiek van Suid-Afrika kan op grond van die funksies en gebied waaroorheen hul magte en bevoegdhede strek in vier hoofliggame onderverdeel word, naamlik:

- Die sentrale regering
- Die provinsiale administrasies
- Die plaaslike owerhede
- Die Bantoe-, Kleurling- en Indiërowerhede.

In die algemeen kan aanvaar word dat owerhede daargestel word om sekere dienste te lewer wat volgens die politieke mening van die gemeenskap ten beste op kollektiewe grondslag uitgevoer kan word. Die vernaamste voorbeelde hiervan is die handhawing van die regsorde en die lewering van kollektiewe dienste.

Wat vir hierdie studie egter van groot belang is, is die feit dat die owerhede, ten einde in staat te wees om die kollektiewe dienste (en sekere goedere) te kan lewer, genoodsaak is om groot hoeveelhede arbeid op die verskillende arbeidsmarkte aan te koop. Die owerheid is met ander woorde 'n belangrike werkgewer, en oefen as sodanig 'n belangrike invloed uit op die prysbepaling van arbeid in die Republiek van Suid-Afrika.

Verder is dit ook belangrik om in gedagte te hou dat die owerheid, ten spyte van die feit dat hy oor dwangmagte beskik waarmee hy sy beleid kan uitvoer, nie sy besluite kan neem of formuleer sonder om die beginsels waarvolgens die hele volkshuishouding self werk, in ag te neem nie. Die ekonomiese beginsels dien as grense waarbinne die owerheid kan optree en wat hy nie kan oorskry sonder om homself in die wiele te ry nie (1, 133).

#### 2.1.5 Die buitelandse sektor

Wanneer alle ekonomiese aktiwiteite in 'n volkshuishouding slegs tussen subjekte van die volkshuishouding en binne die grense van die betrokke land plaasvind, noem ons dit 'n geslote volkshuishouding. Die Republiek van Suid-Afrika, waar invoere en uitvoere van goedere en dienste in 1968 onderskeidelik 26.0 persent en 18.3 persent van die bruto binnelandse produk uitgemaak het (5, S - 50 en S - 63) is egter 'n oop volkshuishouding met 'n buitelandse sektor.

Vir hierdie studie is die buitelandse sektor veral van belang omdat die buiteland indirek die koper is van 'n groot hoeveelheid arbeid wanneer hy goedere van hier af invoer. Die Republiek van Suid-Afrika is weer indirek die koper van 'n aansienlike hoeveelheid arbeid wanneer hy goedere vanaf die buiteland invoer en is daarbenewens ook die direkte invoerder van arbeid vanaf naburige gebiede. In 1969 was daar byvoorbeeld volgens die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling 125 894 vreemde Bantoes in die Republiek van Suid-Afrika werksaam. Die buitelandse sektor oefen met ander woorde 'n betekenisvolle invloed uit op die vraag na en aanbod van arbeid en alsoo op die prysbepaling van arbeid in die Republiek van Suid-Afrika.

### 2.2 LONE

#### 2.2.1 Inleiding

Van lone sê Woytinsky die volgende: "From a purely economic point of view, the wage is the price of labor. Like other prices, it is determined by the interplay of demand and supply, the competition between buyers and sellers, and, ultimately, the cost of reproducing the labor force. Despite this conceptual similarity wages differ from commodity prices; for labor is unique among things

that are sold, bought and priced" (7, 3).

Die belangrikste gronde vir die verskil tussen lone en die prys van ander kommoditeite is nie in die aard van lone self geleë nie maar eerder in die feit dat die arbeider en sy arbeid nie van mekaar geskei kan word nie. Wanneer die produsent of handelaar 'n artikel verkoop, beëindig hy daarmee meestal ook alle persoonlike kontak tussen homself en die artikel. Dit skeel hom gewoonlik min wie die koper is en wat hy met die artikel gaan maak. Marshall het dit so gestel: "It matters nothing to the seller of bricks whether they are to be used in building a palace or a sewer ..." (16, 471).

Die arbeider bly egter permanent en persoonlik verbonde aan sy arbeid. Vir hom word alle aangeleenthede wat verband hou met die lewering van sy arbeid soos die fisieke en sosiale werksomstandighede, die persoonlikheidseienskappe van sy werkgever of toesighouer, ensovoorts deel van die verkoopkontrak.

Dieselfde geld vir die werkgever. Hy koop nie 'n objektief meetbare hoeveelheid energie nie, maar 'n onbekende hoeveelheid arbeid van onbekende kwaliteit wat nie van die arbeider se persoon geskei kan word nie.

'n Ander verskil is geleë in die feit dat die arbeidsmark wesentlik van kommoditeitsmarkte verskil. Hieroor sal later meer gesê word.

Die derde verskil is geleë in die feit dat die meeste artikels wat verhandel word slegs een, in gelduitgedrukte prys het wat, indien dit nie indirekte belasting insluit nie, presies dieselfde vir die koper en die verkoper is, terwyl die loon van 'n arbeider uit 'n hele aantal komponente kan bestaan en meermale twee verskillende waardes vir die werknemer en die werkgever verteenwoordig.

## 2.2.2 Lone uit die oogpunt van die arbeider

Vir die arbeider beteken sy loon inkomste en gewoonlik is dit òf sy enigste òf sy belangrikste bron van inkomste. Deurdat die grootte van sy reële loon bepaal hoe groot die deel van die bruto binnelandse produk waarvoor hy seggenskap verkry sal wees, bepaal dit sy lewenstandaard of welvaartspeil en tot 'n groot mate ook sy sosiale status. Om dié rede sal die komponente waaruit die loon saamgestel is vir die werker 'n ander betekenis hê as vir die werkgever. Die werker sal slegs daardie komponente van sy loon wat aan hom beskikkingsmag gee oor goedere en dienste waarmee hy sy eie en sy gesin se behoeftes kan bevredig, as loon beskou. Dit kan onder andere die volgende items insluit (8, 257):

(a) Die netto bedrag wat hy gereeld wekeliks, maandeliks of jaarliks kan huis toe neem, al word dit ook loon, salaris, bonus toelae of wat ook al genoem.

(b) Diverse bedrae wat hy as werknemer op ongereelde tye van sy werkgever of enigiemand anders ontvang, byvoorbeeld footjies.

(c) Verbruikersgoedere of -dienste wat hy as werknemer gratis van sy werkgever of enige ander instansie ontvang, byvoorbeeld behuising, vervoer, mediese dienste, opleiding, ensovoorts.

(d) Kortings wat hy as werknemer ontvang op goedere of dienste wat hy werklik aankoop .

(e) Die werkgever of enige ander instansie of persoon se bydrae ten behoeve van die werknemer aan enige instansie of tot enige fonds, byvoorbeeld bestaansbeveiligingsfondse, pensioenfondse, mediese fondse, ensovoorts, mits die werker die diens wat hy van so 'n instansie of uit so 'n fonds kan ontvang as van enige nut of waarde vir hom of sy gesin ag.

(f) Verlof en siekteverlofvoorregte.

(g) Outomatiese bevorderings en loonsverhogings, opleiding en ervaring wat opgedoen word besit sekerlik ook die een of ander waarde vir die werker.

(h) Beroeps- en inkomstesekuriteit.

(i) Bekleërs van sekere betrekking geniet ook sekere ontasbare voorregte soos kontakte en toegang tot vertroulike inligting waaruit munt geslaan kan word (12, 407).

(j) Laastens besit sekere beroepe en betrekking by sekere werkgewers vir sommige werkers die een of ander nie-materiële aantrekkingskrag soos byvoorbeeld status-, prestige- of snobwaarde wat beslis 'n rol speel by die werker se waardering van sy betrekking.

Sommige van die bogenoemde items kan natuurlik ook 'n negatiewe waarde vir die werker aanneem. In so 'n geval sal die een of meer van die oorblywende komponente 'n relatief hoër positiewe waarde moet aanneem om die negatiewe waarde uit te kanselleer en die loon nog kompetender te maak.

Bedrae, goedere en dienste wat die werker van sy werkgewer of enige ander instansie ontvang maar wat hy nie vir die bevrediging van sy eie of sy gesin se behoeftes kan aanwend nie, sal hy nie as deel van sy loon beskou nie. Hieronder tel items soos vergoeding vir buitengewone nadele verbonde aan die betrekking, byvoorbeeld premies vir versekering teen buitengewone risiko of spesiale beskermende klere, byvoorbeeld duikpakke (9, 57).

### 2.2.3 Lone uit die oogpunt van die werkgewer

Vir die werkgewer is lone 'n koste wat aangegaan moet word. Vir hom is dit bloot die prys van arbeid as produksiefaktor (6, 210). 'n Verhoging daarvan beteken vir hom meestal 'n verlaging van sy wins en dus ook 'n verlaging van die beskikkingsmag oor goedere en dienste wat hy vir die bevrediging van sy eie en sy gesin se behoeftes kan aanwend.

Lone as koste van 'n produksiefaktor vir die werkgewer se komponentesamestelling is dan ook heel anders as wat dit vir die werker as inkomste is. Dit sal eerstens komponente insluit wat die werker glad nie as inkomste sal reken nie. Hieronder tel onder andere die volgende (8, 257):

(a) Verpligte of vrywillige bydraes tot fondse en aan instansies waaruit of van wie die werker geen direkte voordeel ontvang nie, byvoorbeeld ledegedelde betaal aan werkgewersorganisasies.

(b) Onkoste aangegaan vir die werwing van arbeiders, byvoorbeeld verpligte betalings aan die arbeidsburo's van Bantoe Stam- en Streksowerhede ingevolge regulasie No. 74 van 1968 soos gepubliseer in Buitengewone Staatskoerant No. 2029 van Maart 1968 wanneer Bantoe werkers aldaar gewerf word.

(c) Die koste van personeeladministrasie en toesighouding.

(d) Bedrae wat deur die werkgewer aan die werker of iemand anders betaal word of goedere en dienste wat deur die werkgewer aan die werker gelewer word maar wat hy (die werker) nie kan aanwend vir die bevrediging van sy eie of sy gesin se behoeftes nie, aangesien dit hom maar net vergoed vir of beskerm teen spesiale nadele verbonde aan die betrekking wat hy beklee, soos premies vir versekering teen buitengewone risiko of beskermende klere (9, 57).

Tweedens sal dit komponente uitsluit wat die werker wel sal insluit. Hieronder tel onder andere die volgende:

(a) Bedrae, goedere, dienste, voorregte, ensovoorts wat die werker uit hoofde van sy posisie as werknemer van die betrokke werkgewer ontvang maar nie van die werkgewer self nie, byvoorbeeld fooitjies.

(b) Sekere ontasbare voordele soos prestige, status, sekuriteit, kontakte, ensovoorts wat die werkgewer niks kos nie.

#### 2.2.4 Die sosiale koste van arbeid

Dit moet ook in gedagte gehou word, dat die koste van arbeid wat deur die werkgewers betaal word nie die enigste koste is wat daar vir die volkshuishouding as geheel aan die aanwending van arbeid verbonde is nie. Die owerhede dra die koste verbonde aan sulke dienste soos vervoer, behuising, mediese versorging, toesig oor fabriek en werksomstandighede, arbitrasie in loongeskille, opleiding van werkers, ensovoorts. Dit is die sogenaamde sosiale kostes. Die owerhede betaal die kostes uit belasting wat hy van die subjekte van die volkshuishouding ingevorder het.

Indien die werkgewer self al die kostes wat nou deur die owerheid gedra word, self moes betaal, sou dit beteken dat die pryse van die goedere en dienste wat deur die werkers geproduseer word, duurder sou wees. Of die subjekte dus die sosiale koste verbonde aan die aanwending van arbeid in die vorm van belasting aan die owerheid betaal, en of hulle dit in die vorm van verhoogde pryse van goedere en dienste aan die sakesektor moet betaal, kom nie juis daarop aan nie. Die feit wat onthou moet word, is dat die koste daar is en dat dit betaal moet word.

#### 2.2.5 Lone vir nasionale rekeningedoeleindes

Vir nasionale rekeningedoeleindes is die onderskeid tussen lone as inkomste vir die werker en betalings aan of namens die werker wat as koste vir die werker beskou moet word, van besondere belang want die eersgenoemde maak deel uit van die nasionale inkome en die laasgenoemde nie. Tog word daar omrede praktiese probleme by die insameling van gegewens in die meeste lande se nasionale rekeninge wel bedrae onder lone ingesluit wat eintlik noodsaaklike onkoste vir die werker is (10, 10). Wat die onderskeid tussen lone en onkoste aanbetref, het Richard Stone in 1947 reeds aanbeveel dat "all expenditure by an enterprise on behalf of an employee should, in order to be considered as part of the employee's remuneration, confer upon him a net benefit and not merely compensate him for a particular disadvantage arising out of his employment" (9, 57). Met die berekening van die bruto binnelandse produk vir die destydse Unie van Suid-Afrika vir die jare 1911 tot 1959 het Stadler onder arbeidsvergoeding die volgende items ingesluit: "Werklike gereelde kontantsalarisse en lone van werknemers, toelaes, direkteursvergoeding, spesiale of aanvullende vergoeding soos kommissie, bonusse en fooitjies, vergoeding in natura en werkgewersbydraes tot pensioen-, voorsienings- en bestaansbeveiligingsfondse" (11, 24). Stadler se berekenings word op dieselfde basis deur die Departement van Statistiek vir die Republiek van Suid-Afrika voortgesit.

#### 2.2.6 Die verskil tussen nominale lone en reële lone

Nominale lone is die bedrag geld of die in geld uitgedrukte heersende waarde van die loon wat 'n werker ontvang, al ontvang hy sy hele loon in die vorm van goedere en dienste. Geld se waarde verander egter oor die tyd. Om die relatiewe waarde van loonsveranderinge oor die tyd te kan bepaal, word daar van die begrip reële lone gebruik gemaak. Reële lone is, in die woorde van Phelps, "money wages in terms of purchasing power. They are what money wages will buy" (12, 401).

Indien die werker se nominale loon konstant bly en die algemene pryspeil in 'n land sou daal, beteken dit dus dat die werker se reële loon styg en indien die algemene pryspeil sou styg, daal die werker se reële loon. Indien beide nominale lone en die algemene pryspeil sou styg of daal, sal dit van die relatiewe styging of daling van nominale loon afhang of reële lone gestyg of gedaal het.

Om die reële loon te bereken, word daar gebruik gemaak van die verbruikersprysindeks soos gepubliseer deur die Departement van Statistiek om die nominale loon na 'n waarde vaste rand (1958-rand) toe te herlei.

### 2.2.7 Die verband tussen loonverdienste en loonskaal ("wage rate")

By loonstudies kom die navorser gedurig voor die probleem te staan dat hy moet kies tussen die gebruik van loonverdienste of loonskaal. Die rede vir die probleem is geleë in die feit dat die begrip loonskaal in min bedrywe dieselfde betekenis het terwyl loonverdienste weer baie wisselvallig kan wees.

By die eerste aanblik wil dit voorkom asof die onderskeid tussen die twee en dus ook die keuse, baie eenvoudig is. Loonskaal kan naamlik beskou word as die "normale loon" of prys van 'n sekere hoeveelheid arbeid. In so 'n geval sal dit dan die loon wees waarteen 'n werker onder "normale omstandighede" vir 'n bepaalde werktyd, byvoorbeeld 'n uur, 'n dag of 'n week se arbeid vergoed word en sal loonskaal en loonverdienste ook presies dieselfde wees.

Die woord loonskaal kan egter in die literatuur en in die praktyk verskillende betekenis aanneem. Dit word onder andere volgens Van den Bogaerde in die volgende betekenis gebruik (15, 43 - 44):

(a) As die minimumloon wat deur kollektiewe bedinging of andersins vasgestel is, maar wat deur die werkgewer oorskry mag word.

(b) As die standaardloon wat beide 'n minimum en 'n maksimum is.

(c) As 'n skaal wat beide 'n minimum en 'n maksimum kerf het met kerwe tussenin. Elke werker ontvang dan 'n loon volgens 'n kerf op die skaal wat op grond van senioriteit, ervaring of die een of ander sodanige oorweging bepaal word.

(d) As die kontrak of basiese loon waarteen 'n werker aangestel word.

Verder kan loonskaal ook nog verwys na stukloonskaal of aansporingsloon wat per hoeveelheid of kwaliteit geproduseer, vasgestel word.

Loonverdienste, dit wil sê die bedrag geld wat die werker weëkliks of maandeliks huis toe neem, is om die volgende redes baie wisselvallig:

(a) Dit sluit skof- en oortydbetalings in wat van dag tot dag kan verskil.

(b) Indien die werker nie betaalde siekteverlof kry nie, kan afwesigheid van werk weens siekte sy loonverdienste laat skommel.

(c) Indien bonusse of spesiale toelaes op ongereelde tye betaal word, kan weeklikse of maandelikse verdienste van tyd tot tyd varieer.

(d) Wanneer 'n bedryf weens 'n tekort aan bestellings tydelik sluit of korttyd werk, kan dit die werkers se verdienste beïnvloed.

Uit bostaande is dit ook duidelik dat loonskaal en loonverdienste in baie gevalle sal verskil en tot verskillende gevolgtrekkings aanleiding kan gee indien dit nie versigtig gehanteer word nie.

'n Ander interessante aspek van die probleem is die feit dat volgens Roberts, loonverdienste meer gevoelig vir korttermyn-ekonomiese skommeling is terwyl loonskaal weer 'n getrouer weergawe van langtermyn-ekonomiese tendense in 'n volkshuishouding bied (14, 11). Van den Bogaerde wys ook daarop dat loonskaal gewoonlik die wetlike basis vir die loonstruktuur vorm (15, 47).

Die vraag watter een van die twee gebruik moet word kan nie sonder meer bevredigend beantwoord word nie. Ostry, Cole en Knowles is van mening dat nie een van die twee in alle opsigte bevredigende resultate gee nie (13, 221 - 222) en Van den Bogaerde beveel aan dat die navorser, waar moontlik, albei moet gebruik (15, 47). Indien albei nie beskikbaar is nie of dit onprakties is om albei in te samel of te gebruik, sal die eise van die onderhawige probleem dikteer aan watter een van die twee voorkeur gegee sal word.



### 2.2.8 Loontydperk

Aanverwant aan die vraagstuk van loonskaal of loonverdienste is die keuse van 'n loontydperk. Loonskaal vir industriële werkers word gewoonlik òf per uur òf per week vasgestel, terwyl witkragwerkers se loon weer per maand of per jaar vasgestel word.

Die probleem met uurloonskaal is dat dit meteens na 'n tweede faktor wys, naamlik lengte van werksdag of -week. Die verdienste van twee persone per week, maand of jaar wat albei sê R0.80 per uur verdien, kan aansienlik verskil as die een 40 uur per week en die ander een 48 uur per week werk.

Omdat loonverdienste per jaar alle soorte loonbetalings wat 'n werker gedurende 'n jaar van sy werkgewer ontvang het moet insluit, al het hy dit ook op ongereelde tye ontvang en loonskaal vir witkragwerkers meestal per jaar vasgestel word, wil dit voorkom asof 'n jaar die aangewese loontydperk sal wees. Maar die vraag ontstaan onmiddellik hoeveel industriële en Bantowerkers sal op enige tydstip kan sê hoeveel hulle die afgelope jaar verdien het indien opnames by hulle gemaak word. Dit wil voorkom asof die tydperk gekies sal moet word om by die tipe werker wat ter sprake is en ander omstandighede ter sake aan te pas.

### 2.2.9 'n Definisie van lone vir doeleindes van hierdie studie

Wanneer voortaan in hierdie studie van lone in die algemeen gepraat word, sal daarmee tensy anders aangedui, bedoel word die vergoeding vir gelewerde dienste wat deur werkgewers aan werknemers betaal word, hetsy in geld, hetsy in natura, wat ook in die nasionale rekeninge opgeneem sal word as inkome van die eienaars van die produksiefaktor arbeid. Daar sal, soos dit in die ekonomiese literatuur gebruiklik is, nie onderskeid gemaak word tussen lone en salarisse nie.

Dit word egter voorsien dat dit in die meeste gevalle slegs maontlik of prakties sal wees om inligting in te win oor die weeklikse, maandelikse of jaarlikse loonverdienste van werkers. In sulke gevalle sal die eise van omstandighede dikteer wat onder die begrip lone verstaan sal word.

### 2.2.10 Die arbeidsmark

Daar is voorheen beweer dat lone nie as maar net nog 'n produksiefaktorprys beskou kan word nie en dat een van die redes daarvoor in die kenmerke van die arbeidsmark geleë is. Om die bewering te regverdig, is dit nou nodig om die arbeidsmark van naderby te bekyk en dit met die ideale of Marshalliaanse mark te vergelyk.

Nemmers definieer 'n mark as "the area in which buyers and sellers of the commodity are in communication with one another, and an area in which exchange takes place" (17, 260). Stonier and Hague se definisie lui: "... any organization whereby the buyers and sellers of a particular commodity are kept in close touch with each other and are able to fix its price" (6, 4).

Van die ideale mark het Alfred Marshall in 1890 al gesê: "Thus the more nearly perfect the market is, the stronger is the tendency for the same price to be paid for the same thing at the same time in all parts of the market (16, 270 - 271). Maar wat is die eienskappe van die ideale of Marshalliaanse mark? Stigler noem vier eienskappe (18, 88):

(a) Volmaakte kennis. Alle kopers en verkopers moet ten volle ingelig wees oor die vraag- en aanbodtoestande op die mark. As dit nie die geval is nie, sal daar prysverskille voorkom en geleentheid vir kibbel wees.

(b) Groot getalle. Daar moet so baie kopers en verkopers op die mark wees wat teen mekaar kompeteer dat selfs die grootste verkoper slegs so 'n klein persentasie van die aanbod voorsien en die grootste koper vir so 'n klein persentasie van die vraag verantwoordelik is, dat nie een van die twee in staat sal wees om deur sy optrede die prys betekenisvol te beïnvloed nie.

(c) Homogene produk. Die kwaliteit, voorkoms of selfs die verpakking van die een of ander verkoper se produk mag nie so van die res s'n verskil dat dit die prys kan beïnvloed nie.

(d) Deelbare produk. Indien 'n produk slegs in groot eenhede beskikbaar is, kan dit sekere kopers uit die mark uitsluit en gevolglik die prys van die produk beïnvloed.

Marshall self het ook nog produk mobiliteit as 'n vereiste genoem (16, 271). Hiermee word bedoel dat die fisiese eienskappe van die produk sodanig moet wees dat dit oor groot afstande vinnig en goedkoop vervoer kan word.

Indien nou na die praktyk gekyk word, dan blyk dit dat daar maar bitter min markte bestaan wat aan al vyf die bogenoemde vereistes kan voldoen. Marshall self was van mening dat slegs 'n aandelebeurs en metaalbeurse as ideale markte beskou kan word (16, 272). Die graanbeurse van die VSA en Kanada sal vandag waarskynlik ook as ideale markte beskryf kan word.

Oor wat presies 'n arbeidsmark is, skyn skrywers glad nie in ooreenstemming te wees nie. Lester som die posisie op deur te beweer dat 'n arbeidsmark volgens die ekonomiese literatuur enigeen van vier verskillende begrippe kan wees, naamlik:

"(1) the work commuting area, (2) the area of wage-determining forces, (3) the place where labor purchase and sale occurs (dit wil sê op die werkgewer se perseel), or (4) an occupation and its labor mobility area" (8, 259). Die definisie van Clark Kerr skyn egter onder heersende omstandighede heeltemal aanvaarbaar te wees. Dit lui soos volg: "An area defined occupationally, industrially and geographically, within which workers are willing to move and do move comparatively freely from one job to another" (24, 144).

Kerr se definisie dui heeltemal tereg daarop dat daar in elke volkshuishouding nie net een nie, maar 'n hele aantal arbeidsmarkte is. Elkeen van die arbeidsmarkte sal deur vae geografiese en/of beroeps- en/of industriële grense omlyn word. Daar sal met ander woorde besliste sprake van verskillende markte wees sonder dat daar duidelike grense tussen hulle getrek kan word, en daar sal altyd die een of ander mate van beweging van werkers oor die grense wees.

Maar hoe vergelyk 'n tipiese arbeidsmark met die ideale of Marshalliaanse mark? Outeurs is redelik eenstemmig daarvoor dat dit nie eens by benadering as 'n ideale mark beskou kan word nie. Wanneer dit aan die vereistes van die ideale mark getoets word, sal dit heeltemaal duidelik wees.

#### (a) Volmaakte kennis

Die feit dat daar, ten spyte van werkverskaffingsburo's nog 'n aansienlike persentasie werkers is, wat oningelig is oor werkgeleenthede wat beter is as die wat hulle tans het en dat daar werkgewers is wat onbewus daarvan is dat daar werksoekers is wat swakker voorwaardes sal aanvaar as die wat hulle tans aanbied, is volgens verskillende outeurs in baie lande die reël eerder as die uitsondering. Phelps byvoorbeeld beweer dat "In no other market is information concerning prices and offers so difficult to get. In normal times employers treat news of job openings as highly confidential, and both employers and employees tend to consider wage and salary information as personal and confidential data ..." (12, 403 - 404). Youtsler (20, 26) en Davis and Matchett (21, 532) is ook van mening dat werkers meermale oningelig is oor beskikbare werkgeleenthede.

#### (b) Groot getalle

Dit is wel waar dat daar "groot" getalle werkers is, maar of hulle altyd en in alle gevalle teen mekaar kompeteer vir alle beskikbare poste is in normale omstandighede twyfelagtig en sedert die opkoms van die magtige vakbonde en personeelverenigings het baie werkgewers al gevind dat hulle, wat arbeidsaangeleenthede aanbetref, voor monopolieë te staan gekom het (12, 404). Verder sal werkers volgens Phelps, slegs in hoogs uitsonderlike gevalle (depressie byvoorbeeld) teen mekaar om 'n betrekking biej (12, 404).

Aan die ander kant is daar volgens Phelps (12, 404) en Davis and Matchett (21, 535) slegs heel selde van groot getalle werkgewers wat teen mekaar om die dienste van 'n werker bie sprake, want eerstens gebeur dit volgens Reynolds (19, 16) en Davis and Matchett (21, 535) dikwels dat werkgewers oor lone en in=diensnemingspraktyke ooreenkomste aangaan wat dit vir werknemers òf haas on=moontlik òf nutteloos maak om van werkgewer te verander. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die loonooreenkoms tussen die verskillende provinsiale onderwysde=partemente in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Tweedens is som= mige werkgewers so groot en vir so 'n groot persentasie van die mark se werkge=leenthede verantwoordelik dat hulle vir praktiese doeleindes monopsonieë in hul= self is. Dit is veral die geval waar 'n "groot" fabriek in 'n "klein" dorpie 'n groot persentasie van die dorp se inwoners in diens het.

(c) Produkhomogeniteit

Van homogene produkte is daar in die arbeidsmark hoegenaamd nie sprake nie. Hiervan getuig Hicks "... the efficiencies of different men differ" (22, 3), Youtsler "... no two workers are of the same quality" (20, 27) en Phelps "It would be difficult to think of anything regularly exchanged for money which is less homogeneous (uniform) than labor services" (12, 403)

(d) Produkdeelbaarheid

Soos reeds voorheen gesê, is die arbeid onafskeidbaar aan die werker ver=bonde en die werker is nie deelbaar nie. Die werkgewer is daarom verplig om 'n minimum van een hele werknemer in diens te neem. Daar is wel uitsonderings op die reël soos byvoorbeeld tandartse wat daaglik aan verskeie persone (werkge=wars) se tande werk, maar hulle produseer maar 'n klein deeltjie van die bruto binnelandse produk.

(e) Produkmobiliteit

Die arbeid self is natuurlik glad nie vervoerbaar nie. Die arbeider is wel. Maar die arbeider is 'n mens en mense, veral gesinshoofde, het meestal 'n sterk weerstand teen verhuising na 'n nuwe werkplek toe veral as hy reeds geves=tigde belange soos 'n vriendekring, 'n eie huis, ensovoorts by sy huidige werkplek het. Die rede hiervoor moet volgens Phelps gesoek word in die feit dat die kos=te verbonde aan verhuising groot is en die kans om dit te verhaal onseker is (12, 403). Hy beweer verder dat die hoogste mobiliteit onder jong en ongetrou=de werkers voorkom, maar dat baie van hulle ook maar onwillig is om hul ouer=huise en vriendekringe te verlaat tensy hulle oortuig is van die wysheid van so 'n stap. In die lig hiervan is die bewering van Davis and Matchett dat on=kunde oor werkgeleenthede en gunstige voorwaardes 'n belangrike rede vir die lae mobiliteit van werkers is, heeltemal aanneemlik (21, 534 - 535).

Davis and Matchett onderskei tussen vertikale en horisontale mobiliteit (21, 527). Vertikale mobiliteit kom voor wanneer 'n werker sy ou betrekking ver=laat vir 'n hoër of laer gegradueerde betrekking al is dit nog in diens van die=sselfde werkgewer. Onder horisontale mobiliteit verstaan hy verandering van werk=gewer sonder dat daar enige bevordering by betrokke is (21, 527).

Ten spyte van die arbeidsmark se tekortkominge is hy nogtans, volgens Reynolds (19, 16) 'n redelik doeltreffende werktuig van die volkshuishouding en wel om die volgende redes:

(a) "The labor market is the main mechanism by which increases in produc=tivity have been translated into higher wages and living standards" (19, 17)

(b) "The market also does reasonably well in determining relative wage levels for different plants, industries, occupations and regions" (19, 17)

(c) "Finally the labor market is the only device we have for sorting out many millions of workers with varying skills and interests among the multitude of different jobs in the economy" (19, 17).

Aan die ander kant mag erkenning van die feit dat die arbeidsmark sommige take redelik verrig en selfs beter verrig as wat dit op enige ander wyse verrig kan word, ons nooit verblind vir die feit dat daar wel sekere take is wat dit nie kan verrig nie of wat veel beter deur ander instellings verrig kan word.

Oor die aangeleentheid laat Richard Lester hom soos volg uit: "The market mechanism is especially unsatisfactory with respect of many matters of great concern to labour. It offers little protection to the worker against arbitrary exercise of managerial authority on the job. The prohibition of child labour and of hours or conditions of work injurious to employees' health or morals are values that we now insist individual workers should not be allowed to destroy under pressure of economic need. In such cases, the social or group interest is considered more important than individual freedom" (23, 7).

Die blote feit van die bestaan van arbeidswetgewing, nywerheidsverenigingsrade, loonrade, vakbonde, ensovoorts is almal bewys dat die arbeidsmark onder sekere tekortkominge gebuk gaan wat na die mening van die owerheid en die werkers reggestel behoort te word.

#### 2.2.11 Arbeid

Aangesien lone die "prys" van arbeid is, is dit nodig om die begrip arbeid nader te omskryf.

Onder arbeid word vir doeleindes van hierdie studie verstaan alle menslike inspanning, hetsy fisiek of verstandelik, of albei gelyktydig, wat onderneem word met die oog op inkome of vergoeding. Dit sluit uit alle bedrywighede wat, al sou dit 'n bydrae tot die ekonomiese welvaart van die volkshuishouding lewer, nie onderneem word met die oog op inkome of vergoeding nie.

LITERATUURLYS

- 1 LOMBARD, J.A. en STADLER, J.J. Die Ekonomiese Stelsel van Suid-Afrika. Kaapstad, HAUM, 1967.
- 2 SUID-AFRIKA (Republiek). Buro vir Statistiek, Bulletin van Statistiek September 1969. Pretoria, Staatsdrukker.
- 3 SUID-AFRIKA (Republiek). Buro vir Statistiek, Bulletin van Statistiek September 1969. Pretoria, Staatsdrukker.
- 4 REYNDEERS, H.J.J. Die taak van die Bedryfsleier. Pretoria, J.L. van Schaik, 1967.
- 5 SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. Kwartaalblad September 1969. Pretoria.
- 6 STONIER, A.W. and HAGUE, D.C. A textbook of economic theory. Longmans, London, 1965.
- 7 WOYTINSKY, W.S. and ASSOCIATES Employment and wages in the United States. NY, The Twentieth Century Fund, 1953.
- 8 LESTER, Richard A. Economics of Labor. (2nd edition.) NY, Macmillan, 1964.
- 9 STONE, Richard Definition and measurement of the National Income and Related Totals. Appendix to : Measurement of National Income and the Construction of Social Accounts, Studies and Reports on Statistical Methods, 7. Geneva, United Nations, 1947.
- 10 CHAPMAN, A.L. Wages and salaries in the United Kingdom 1920 - 1938. Cambridge University Press, 1953.
- 11 STADLER J.J. Die bruto binnelandse produk van Suid-Afrika 1911 - 1959. Ongepubliseerde D.Com.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1962.
- 12 PHELPS, Orme W. Introduction to Labor Economics. NY, McGraw-Hill Book Co., 1955.
- 13 OSTRY, S.W., COLE, H.J.D. and KNOWLES, K.G.J.C. Wage differentials in a large steel firm. Bulletin of the Oxford University Institute of Statistics. Aug. 1958.
- 14 ROBERTS, B.C. National wages policy in war and peace. London, Allen & Unwin, 1958.
- 15 VAN DEN BOGAERDE, F. Die loonstruktuur - n Ekonomiese ontleding van loonvorming en loondifferensiasie in die metaalbedryf sedert 1924 - 25. Ongepubliseerde D.Com.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1961.
- 16 MARSHALL, Alfred Principles of Economics. 8th edition. London, Macmillan, 1959.
- 17 NEMMERS, E.E. Dictionary of economics and business. Totowa, New Jersey, Littlefield Adams, 1966.
- 18 STIGLER, G.J. The Theory of price. 3rd edition. New York, Macmillan, 1966.
- 19 REYNOLDS, Lloyd G. Labor Economics and Labor Relations. (4th edition.) New Jersey, Prentice-Hall, 1965.
- 20 YOUTSLER, James S. Labor's Wage Policies in the twentieth century. Twayne Publishers, Skidmore College, 1956.
- 21 DAVIS, P. and MATCHETT, G.J. Modern labor economics. New York, The Ronald Press Co., 1954.
- 22 HICKS, J.R. The Theory of wages. New York, Peter Smith, 1948.
- 23 LESTER, Richard A. Labor and Industrial Relations. New York, Macmillan, 1951.
- 24 KERR, C. Labor markets : Their character and Consequences; Proceedings of the Industrial Relations Research Association. Dec. 1949 : 69. Referred to by SALKEVER, L.R. Wage Structure Theory, New York, Humanities Press, 1964 : 144.

## HOOFSTUK 3

### ENKELE LOONTEORIEË

#### 3.1 INLEIDING

Daar is waarskynlik min onderwerpe in die ekonomie waaroor daar sulke wyd uiteenlopende teorieë bestaan as lone. Die rede hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die feit dat lone so 'n wye verskeidenheid van mense en belangegroepes raak. Dit raak natuurlik eerstens die werker vir wie lone 'n inkomste is. Tweedens raak dit die professionele vakbondleier want sy toekoms hang af van die mate waarin hy lone kan beïnvloed of kan voorgee dat hy dit beïnvloed het. Derdens raak dit die werkgewers vir wie lone koste is. Vierdens raak dit die verbruiker wie se lewenskoste deur loonbewegings beïnvloed word. Vyfdens toon die owerhede hedendaags orals groot belangstelling in lone omdat dit soveel aspekte van die sosio-ekonomiese beleid beïnvloed dat dit net nie geïgnoreer kan word nie. Sedens raak dit die politikus, want sedert vakbonde en personeelverenigings van hul politieke mag bewus geword het, is lone diep in die party-politiek ingesleep. Laastens het die sosioloog en die sosiale hervormer besondere belangstelling in lone omdat lone aan die wortel van sommige van die ernstigste sosiale euwels lê.

Elk van die bogenoemde groepe het egter 'n unieke siening op die onderwerp en elkeen huldig derhalwe sy eie unieke opinies daaroor. Dit is dan ook heeltemal verstaanbaar dat dieselfde stel gegewens in die hande van die verskillende belangegroepes aanleiding kan gee tot wyd uiteenlopende en selfs direk teenstellende gevolgtrekkings. Dit is daarom ook geen wonder nie dat loonvaststelling vandag in die woorde van Cartter (2,2) die kenmerke van 'n pseudo-politieke proses begin aanneem nie. Dit is daarom ook glad nie verbasend nie dat dieselfde loonteorie oor die jare heen so verskillend geïnterpreteer is nie. So byvoorbeeld is die kollektiewe bedingingsteorie (collective bargaining theory) volgens Woytinsky deur Adam Smith gebruik as 'n eenvoudige beskrywing van die loonvaststellingsmeganisme, deur vakbonde as 'n "marching song" en deur werkgewersorganisasies as 'n beskuldiging dat vakbonde die volkshuishouding ondermyn (1, 6).

Verder weerspieël alle loonteorieë, volgens Woytinsky, die heersende ekonomiese klimaat toe hulle ontstaan het. Hy beweer dat daar duidelik onderskei kan word tussen loonteorieë van ekonomiese stagnasie en loonteorieë van ekonomiese vooruitgang (1, 6). Daar moet ook volgens Salkever duidelik onderskei word tussen 'n loonteorie en 'n loonstruktuurteorie (6, 1). 'n Loonteorie poog om die algemene loonhoogte te verklaar en is as sodanig, volgens Salkever, slegs 'n ondergeskikte afdeling van die verdelingsleer wat die verdeling van die volksinkome tussen die subjekte van die volkshuishouding probeer verklaar (6, 1). Hy is ook van mening dat die vrae wat deur 'n loonstruktuurteorie verklaar moet word, baie meer gekompliseerd is as die wat 'n loonteorie moet beantwoord.

In die volgende afdelings sal enkele loonteorieë kortliks bespreek word sonder om te poog om die onderwerp volledig te dek.

#### 3.2 DIE BESTAANSLOONTEORIE

Hierdie teorie wat ook as die "iron law of wages" (Lassalle) bekend was, het 'n voorklassieke oorsprong aan die begin van die 18de eeu gehad toe aanvaar was dat slegs noodsaak die armer klasse sal beweeg om vlytig te werk en dat lone daarvoor noodsaaklik was (1, 545). Die vroegste formulering van die teorie vind gedurende die middel van die 18de eeu plaas deur die Fisiokrate. Hulle het, in die woorde van Marshall aangeneem "that there was a natural law of population according to which the wages of labour were kept at starvation limit" (3, 419).

Vir Malthus (1789) was die bestaansloonteorie ook 'n "natuurwet" wat bevolkingstoename in bedwang moes hou. Lone moes volgens hom so laag wees dat dit net die werker en soveel kinders per huwelik aan lewe sal hou wat sal verseker dat die bevolkingsgrootte konstant sal bly (4, 363).

Die Malthusiaanse teorie vorm die grondslag van Ricardo (1798) se teorie wat volgens hom die wet was wat lone gereguleer het. Hy onderskei tussen die natuurlike prys en die markprys van arbeid. Die natuurlike prys van arbeid definieer hy as "that price which is necessary to enable the labourers, one with another, to subsist and to perpetuate their race, without either increase or diminution" (5, 67).

Volgens Woytinsky het Lassalle in 1863 sy "iron law of wages" in 'n ope brief as volg omskryf: "This is the iron economic law that determines the wage of laborers under present conditions, under the play of supply and demand. The average wage is always limited to the level of subsistence which is required in a nation, according to its customs for maintenance and reproduction" (1, 546).

Die bestaansloonteorie het vandag in die Westerse wêreld min indien enige praktiese waarde want min, indien enige, Westerse owerheid kan dit bekostig om lone so laag te laat daal. Tog is dit vanuit 'n suiwer teoretiese oogpunt duidelik dat dit die absolute minimum grens aantoon waaronder lone oor die lang termyn nie kan daal nie.

Die bestaansloonteorie maak ook geen pretensie om die loonstruktuur te verklaar nie.

### 3.3 DIE LOONFONDSTEORIE

Die loonfondsteorie het waarskynlik sy oorsprong in 'n bewering van Adam Smith (1776) gehad wat as volg lui: "The demand for those who live by wages, it is evident, cannot increase but in proportion to the increase of the funds which are destined for the payment of wages" (7, 53).

Dobb noem die loonfondsteorie 'n vraag- en aanbodteorie waarin die loon van die individuele werker nie as 'n absoluut vaste bedrag gesien is nie. Die aanbod het, volgens Dobb, bestaan uit die totale aantal persone in 'n land wat vir 'n lewe van besoldigde werk afhanklik was. Die vraag is bepaal deur die kapitaal wat kapitaliste bereid was om aan lone te bestee (8, 76). Die bogenoemde variasie van die loonfondsteorie moet egter sonder meer verwerp word, want lone word gewoonlik nie uit kapitaal nie, maar wel uit lopende inkomste (produksie) betaal.

Nassau Senior het egter in 1836 'n variasie van die loonfondsteorie verkondig wat elemente bevat wat vandag nog so na aan kontemporêre ekonomiese denke is dat dit eenvoudig bewonder moet word. Senior het in die eerste instansie sy aandag gewy aan 'n reële loon - "the quantity and quality of commodities obtained by each labouring family" (9, 153) en tweedens het hy die loonfonds gesien, nie as 'n bedrag kapitaal nie, maar wel as 'n deel van die lopende volksprodukt "... the quantity and quality of the commodities directly or indirectly appropriated during the year to the use of the labouring population, compared with the number of labouring families (9, 153). Hy verwerp die algemene geloof van sy tyd dat die arbeiders se aandeel in die volksprodukt deur meganisering of invoere verminder sal word (9, 162 en 168). Hy verwerp ook die idee dat die onproduktiewe konsumpsie van die groot grondbesitters en kapitaliste van sy tyd tot die voordeel van die arbeider strek (9, 169). Volgens Senior word die grootte van die loonfonds deur slegs twee faktore bepaal, naamlik:

(a) Die produktiwiteit van die arbeiders in die direkte of indirekte produksie van goedere en

(b) die aantal persone wat direk of indirek aktief aan die produksieprosesse deelneem (9, 174).

Krities gesien verklaar Senior nóg die algemene loonhoogte nóg die totale loonontvangste van alle werkers in 'n volkshuishouding. Wat hy wel duidelik raakgesien het, is dat lone oor die lang termyn slegs uit lopende bruto binnelandse produk betaal kan word en dat binnelandse produk gelyk moet wees aan die gemiddelde produksie per werker vermenigvuldig met die aantal werkers wat met produksie besig is. Watter deel van die lopende produksie wel as lone aan die werkers uitbetaal sal word (verdelingsleer) het hy nie probeer verklaar nie, be-

halwe om daarop te wys dat die grootte daarvan afhanklik sal wees van die produktiwiteit van die werkers.

### 3.4 DIE GRENSPRODUKTIEWEITSTEORIE

Met hierdie loonteorie word daar gepoog om terselfdertyd die algemene loonhoogte sowel as die loonstruktuur te verklaar. Dit het sy oorsprong waarskynlik by die sogenaamde "marginal-value theory", wat deur Alfred Marshall as volg beskryf is, gehad: "... the alert business man is ever seeking for the most profitable application of his resources, and endeavouring to make use of each several agent of production up to that margin, or limit, at which he would gain by transferring a small part of his expenditure to some other agent; and how he is thus, so far as his influence goes, the medium through which the principle of substitution so adjusts the employment of each agent that, in its marginal application, its cost is proportionate to the additional net product resulting from its use" (3, 427).

Om die essensiële kenmerke van die teorie kortliks te verduidelik sal daar hoofsaaklik gebruik gemaak word van J.B. Clark se uiteensetting daarvan.

Clark se vertrekpunt is 'n wêreld waarin daar -

- (a) volmaakte kompetisie heers,
- (b) 'n volmaakte arbeidsmark is,
- (c) 'n statiese bevolking is,
- (d) 'n onveranderlike hoeveelheid maar volmaak mobiele kapitaal is,
- (e) 'n tegnologie is wat staties is, en
- (f) volkome ekonomiese vryheid heers (10, 29).

Clark se veronderstelde onveranderlike hoeveelheid kapitaal veronderstel egter nie ook dat die vorm waarin dit gehou word ook onveranderlik is nie, maar juis dat dit ongehinderd en moeitewy van vorm kan verander.

Om by die heterogeniteit van werkers verby te kom, maak Clark gebruik van 'n homogene arbeidseenheid (10, 63). 'n Absoluut ongeskoolde arbeider met hoegenaamd geen besondere aanleg nie kan volgens Clark, so 'n veronderstelde arbeidseenheid wees. 'n Goedopgeleide vakman sal dan meer as een arbeidseenheid verteenwoordig, terwyl 'n suksesvolle sakebestuurder somer 'n hele aantal sulke arbeidseenhede sal verteenwoordig (10, 63).


In Clark se Utopia sal werkers natuurlik werkgewers wat lae reële lone betaal, verlaat om by werkgewers wat hoër reële lone betaal, te gaan werk en al so reële lone by die hoërloonwerkgewers afdwing en omgekeerd tot reële lone, per homogene arbeidseenheid en vir dieselfde werk, orals gelyk is. Werkgewers sal aan die ander kant gedurig poog om hul beskikbare kapitaal so aan te wend dat hulle maksimum opbrengs (rente) daarvan verkry. Hulle sal dit onder andere doen deur soveel homogene arbeidseenhede te huur as wat winsgewend met hul konstante hoeveelheid kapitaal kan saamwerk. Die individuele onderneming sal dus onder dalende grensopbrengs oftewel stygende grenskoste produseer en die grensprodukt van elke addisionele arbeidseenheid wat in diens geneem word, sal daarom ook daal.

Clark verduidelik die teorie verder met behulp van 'n grafiek (10, 201) wat hier met enkele wysigings oorgeneem word:

In figuur 3.1 word die aantal homogene arbeidseenhede op die horisontale as voorgestel terwyl die reële grensprodukt van elke eenheid arbeid wat met 'n konstante hoeveelheid kapitaal saamwerk, op die vertikale as voorgestel word. Lyn BC sal dan die dalende reële grensprodukt van die arbeid voorstel. Indien die heersende reële markloon wat die werkgewer aan elke eenheid arbeid moet betaal, gelyk is aan AE sal dit hom betaal om addisionele arbeidseenhede in diens te neem solank as wat elkeen van hulle se reële grensprodukt groter as AE is. Die indiensneming van die werkgewer sal dan AD wees en die ewewigsposisie sal bereik word presies waar die grensprodukt van die laaste eenheid arbeid gelyk is aan sy reële loon, dit wil sê by C.



FIGUUR 3.1  
DIE GRENSPRODUKTIVITEITSKURWE



Let daarop dat dit die reële grensprodukt is wat op die vertikale as gemeet word en dat die totale reële produkt dus voorgestel word deur die oppervlakte van area A B C D waarvan die reële produkt wat voorgestel word deur die oppervlakte van area A E C D bygedra word deur arbeid, en die reële produkt voorgestel deur area E B C bygedra word deur die ander produksiefaktore wat in hierdie geval veronderstel word om slegs uit die konstante hoeveelheid kapitaal wat met die arbeid saamwerk, te bestaan. Dit is dus duidelik dat indien die werkgewer minder as A D-arbeid in diens neem, sal die totale reële produkt van die ander (nie arbeid nie) produksiefaktore kleiner wees as die maksimum moontlike opbrengs daarvan wat gelyk is aan E B C. Neem hy meer as A D-arbeid in diens sal 'n deel van die opbrengs van die ander produksiefaktore gebruik moet word om arbeid mee te vergoed. Die deel sal gelyk wees aan die area C H G indien hy A F-eenhede arbeid in diens neem teen 'n reële loon gelyk aan A E. Dit sal die werkgewer dus nie betaal om of minder of meer as A B C D te produseer nie. Dit sal hom met ander woorde ook nie betaal om meer of minder eenhede arbeid as A D in diens te neem nie, en aangesien alle eenhede arbeid homogeen is en daar volmaakte kompetisie en marktoestande heers, sal alle eenhede arbeid presies eweveel (A E) verdien, en hul totale reële loon sal gelyk wees aan A E C D (10, 200).


In bostaande uiteensetting is die situasie waarin die individuele onderneming hom sal bevind indien hy te doen kry met 'n van buite gegewe kapitaal- en arbeidsopbrengsverhoudings (rate of return for both capital and labor) geskets. So 'n situasie is nie heeltemal ondenkbaar onder ideale marktoestande nie.

Cartter wys egter daarop dat Clark se uiteensettings onder die omstandighede essensieel 'n indiensnemingsteorie is en nie 'n loonteorie nie, want die loon is volgens Clark 'n van buite gegewe faktor in die model (2, 17). Indien Clark se teorie egter op die volkshuishouding as geheel toegepas word, lyk die prentjie heel anders. Dan sal nie die reële loon en die arbeidsopbrengsverhouding nie, maar die beskikbare hoeveelheid arbeid (homogene eenhede) en kapitaal die gegewe faktore wees. Hierdie situasie word in figuur 3.2 grafies voorgestel.

In figuur 3.2 word die totale arbeidsmag van die volkshuishouding op die horisontale as deur A D voorgestel, weer eens in homogene eenhede. Net soos in figuur 3.1 stel lyn B C G die dalende reële grensprodukt van elke eenheid arbeid wat saam met 'n vaste hoeveelheid kapitaal in diens geneem word, voor. Indien die arbeidseenhede onder dieselfde veronderstelde ideale marktoestande teen mekaar kompeteer om die beskikbare betrekkings, sal hulle lone na benedie indien sommige van hulle werkloos is. Werkgewers wat vakatures het en nie werkers kan vind nie, sal weer lone omhoog bly, met die gevolg dat 'n ewewigswaarde eventueel bereik sal word gelyk aan A E waar die reële grensopbrengs van die laaste eenheid arbeid presies gelyk is aan sy reële loon. Onder die veronderstelde omstandighede kan D C I dan beskou word as 'n arbeidsaanbodkurwe terwyl B C G die werkgewers se arbeidsvraagkurwe sal wees. Dit is duidelik dat slegs 'n reële loon gelyk aan A E die arbeidsmark in ewewig sal bring.

Volgens Clark se teorie sal die reële grensprodukt van 'n eenheid arbeid dus die reële loonhoogte bepaal wanneer ons die hele volkshuishouding met sy totale arbeidsmag, wat minstens oor die kort termyn uit 'n gegewe hoeveelheid homogene eenhede arbeid bestaan, in gedagte het. Indien die aandag egter na die individuele onderneming wat te doen het met 'n van buite gegewe arbeid-opbrengsverhouding en loonskaal gewend word, dan is Clark se teorie eintlik slegs 'n indiensneming- of arbeid-vraagteorie. Clark se teorie is met ander woorde op die makrovlak 'n loonteorie en op die mikrovlak 'n indiensnemingsteorie. Hierdie punt kan volgens Cartter net nie oorbeklemtoon word nie (2, 18). Cartter wys verder daarop dat volgens Clark se formulering van grensproduktiwiteitsteorie, daar niks van die loonhoogte gesê kan word tensy die arbeidsaanbod as gegewe aanvaar word nie. In die bostaande formulering van die teorie is die arbeidsaanbod beskou as volmaak onelasties (elastisiteit = 0). Dit beteken dat Clark implisiet 'n absoluut statiese arbeidsmag veronderstel. Dit behels onder andere dat die bevolking absoluut staties sal bly met betrekking tot getalle, onderwys, opleiding, aanleg, vaardigheid, ensovoorts. Indien die laaste veronder-

FIGUUR 3.2  
DIE GRENSPRODUKT I WITEITSKURWE



stelling (statiese arbeidsmag) nie meer geld nie, dan is die aanbodkurwe onbepaald en kan daar niks meer van die loonhoogte gesê word nie want dit word gelyktydig deur twee faktore, naamlik die vraag na arbeid (die grensproduktiwiteitskurwe B C G) en die aanbod van arbeid (kurwe D C I) bepaal.

Die grensproduktiwiteitsteorie soos Clark dit formuleer, behels volgens Cartter (2, 18) dus drie belangrike komponente, naamlik:

(a) Die veronderstelling dat die rasonale werkgewer in sy pogings om sy winste te maksimaliseer hom sal laat lei deur die grensproduktiwiteit van 'n produksiefaktor wanneer hy die verwantskap tussen die betrokke faktor se reële opbrengs en indiensneming bepaal. Dit is natuurlik 'n dubbele veronderstelling, naamlik eerstens dat die wet van dalende meeropbrengs aanvaar word en tweedens dat werkgewers wel rasoneel optree.

(b) Die veronderstelling dat daar onder ideale marktoestande gewerk word waar markkragte neig om opbrengskoerse vir alle produksiefaktore oor die tyd te egaliseer.

(c) Die veronderstelling van langtermyn-algemene ewewig in alle markte.

Indien al drie die veronderstellings juis is en daar 'n vaste (volmaak onelastiese) arbeidsaanbod is, sal loonhoogte slegs deur die grensprodukt van arbeid bepaal word. Cartter is ook van mening dat die eerste van die drie veronderstellings wel geldig kan wees in 'n wêreld waar die ander twee nie geldig is nie. Indien lone in so 'n wêreld institusioneel of outoritêr buite die invloed-sfeer van die werkgewer vasgestel word, sal die rasonale werkgewer daarop reageer deur sy indiensneming so te wysig dat die van buite vasgestelde loon gelyk sal wees aan die grensprodukt van arbeid (2, 19). Cartter is verder van mening dat dit duideliker mag wees om die eerste een van die drie bogenoemde veronderstellings as volg te herformuleer: "... the marginal productivity principle states that there is a direct functional relationship between the level of wages and the level of employment, and that a rational employer will attempt to adjust one or both of these variables so that the marginal product of labor is equal to the wages of labor" (2, 19).

Die grensproduktiwiteitsbeginsel sal dus, behalwe wanneer die werkgewer oor beide loonhoogte en indiensneming geen invloed het nie, 'n besliste invloed op die arbeidsmark uitoefen, òf op indiensneming òf op lone òf op albei.

Oor die jare heen is daar etlike pogings aangewend om die grensproduktiwiteitsteorie op ander wyses aan te bied wat dit minder vatbaar vir kritiek sal maak. Veral J.R. Hicks (11) en P.H. Douglas (12) het in die dertigerjare van hierdie eeu baie gedoen om die teorie by kontemporêre denke aan te pas. Die essensiële kenmerke van die teorie is egter nooit wesentlik verander nie.

Een van die belangrike wysigings wat die teorie egter ondergaan het, was om voorsiening te maak vir 'n belangrike tekortkoming wat daar vandag in die produktemarkte van die wêreld bestaan. 'n Groot persentasie verbruiksartikels wat vandag bemark word, is naamlik merkartikels (dit is artikels wat 'n handelsmerk dra). Die meeste merkartikels word egter bemark onder marktoestande wat veel eerder as oligopolisties of selfs monopolisties, en nie as volmaak mededingend nie, beskryf kan word. In die volmaakte mark onder suiwer konkurrensie is die prys van die produk (ook die grensprodukt) vir die individuele produsent 'n gegewe grootheid. Die waarde van die grensprodukt van die laaste werker, dit is die laaste werker se grensopbrengs, is dus eenvoudig sy grens-fisiese opbrengs vermenigvuldig met die (gegewe) markprys van die produkte.

Die monopolis en oligopolis het egter nie met 'n gegewe markprys te doen nie. Indien die pryselastisiteit van vraag na sy produk minder as oneindig is, kan hy sy verkope slegs verhoog indien hy die verkoopprijs daarvan verlaag (18, 229). Vir die monopolis en oligopolis is die waarde van die laaste werker se grensprodukt dus die grens-fisiese-opbrengs vermenigvuldig met 'n onbekende prys wat laer is as die prys waarteen hy tot dusver sy produkte verkoop het. Om vir die geval voorsiening te maak, is die begrip grens- of marginale geldopbrengs geformuleer. Schumann, Franszen en De Kock definieer marginale geldopbrengs as

"die ekstra ontvangste wat die bedryf kry deur nog een eenheid van die betrokke produksiefaktor in diens te neem" (18, 319 - 320).

Die grensgeldopbrengs van die laaste werker kan selfs nog laer wees as die grens-fisiese-opbrengs vermenigvuldig met die prys waarteen dit verkoop word. Dit mag naamlik vir die produsent nodig wees om nie net die laaste werker se grens-fisiese-opbrengs nie, maar ook alle ander (vorige) produkte wat hy produseer teen die nuwe verlaagde prys te verkoop. Dit is baie selde moontlik om dieselfde merkartikels, in een en dieselfde mark teen verskillende pryse te verkoop. In so 'n geval sal die grensgeldopbrengs van die laaste werker gelyk wees aan sy grens-fisiese-opbrengs vermenigvuldig met die nuwe verlaagde prys minus die vermindering in geldopbrengs op alle vorige artikels as gevolg van die prysverlaging van alle artikels.

Daar is ook nog ander redes waarom grensgeldopbrengs laer as grensopbrengs kan wees. Wat ook al die rede daarvoor is, is nie nou soseer ter sake nie as om te begryp dat grensgeldopbrengs laer sal wees as reële grensopbrengs en dat loone in die geval gelyk aan die grensgeldopbrengs moet wees voordat die stelsel in ewewig kan wees.

Ten spyte van alle wysigings wat die grensproduktiwiteitsteorie oor die jare heen ondergaan het, het die kritiek daarteen bly voortbestaan. Enkele van die besware teen die teorie word kortliks hieronder genoem.

(a) Die begrip homogene arbeidseenheid of homogene arbeider staan nie op pote nie en is in die praktyk heeltemal onbruikbaar. Reynolds beweer in die verband "It does raise a serious question whether it is proper to speak of the number of 'efficiency units' in the entire national labor force or any large segment of it" (17, 291).

In die individuele bedryf of selfs sommige bedryfstakke waar die soort werk behoorlik omskryf kan word en die individuele werker se produktiwiteit behoorlik gemeet kan word, kan daar miskien wel van so iets sprake wees, maar vir die volkshuishouding as geheel is dit 'n onaanvaarbare begrip. Bowendien hang die produktiwiteit van die werker van so baie faktore af wat gedurigdeur verander (motivering o.a.) dat die werker se persoonlike produktiwiteit daardeur geweldig beïnvloed en gewysig word. Oor die kort termyn skommel sy loon egter nie daarmee saam nie.

(b) Tweedens wys Reynolds daarop dat lone wat die werkgewer bereid is om te betaal en lone wat die arbeider bereid is om te aanvaar vir die teorie onder 'n toestand van ewewig dieselfde is, terwyl dit in die praktyk heelwat van mekaar kan verskil (17, 291). Vir die werker is lone die bedrag wat hy huis toe kan neem terwyl dit vir die werkgewer veel meer insluit.

(c) Derdens betwyfel Reynolds die stelling dat daar oor die kort termyn teen stygende koste per eenheid geproduseer word (17, 295). Hy is van mening dat daar oor die kort termyn tot op volle enkelskofkapasiteit in die meeste fabriekke teen vaste koste per eenheid geproduseer word (17, 295). Hy meen die idee van die stygende koste per eenheid kom van die waarneming dat 'n drastiese verhoging van produksie hoë uitgawes vereis soos byvoorbeeld oortydbetalings aan die werkers (17, 297) maar selfs in dié geval, beweer hy, het mens nie met 'n gelykmatige stygende kostekurve te doen nie, maar wel met een wat trapsgewys of sprongsgewys styg om dan weer oor die kort termyn horisontaal te verloop (17, 297).

(d) Hy is ook van mening dat dit baie onrealisties is om volmaakte mededinging te veronderstel terwyl ons vandag, waar die merkartikel so 'n groot rol in die handel en nywerheid speel, veel eerder met oligopolie met produkdiversifisering as reël te doen het. In die geval is die kousale orde van loon, indiensneming/produksie ietwat omgekeer. Die oligopolie stel eers die prys van sy produk vas, waarmee die verkope en alsook die indiensneming vanself bepaal is (afhangende van die pryselastisiteit van vraag van die betrokke tipe artikel). Reynolds is dan verder oortuig daarvan dat daar geen rede is om te aanvaar dat 'n loonsverhoging in hierdie geval enige invloed op indiensneming sal hê nie, tensy dit die prys van die artikel so laat styg dat dit heeltemal onlonend word om dit te vervaardig (17, 298).

(e) Die grensproduktiwiteitsmeganisme het tyd nodig om versteurings in die loonstruktuur wat die gevolg is van skokke wat die volkshuishouding van buite ontvang het, reg te stel. Hoeveel tyd nodig is, kan nie met sekerheid gesê word nie. Clark self het dit op 50 jaar gestel (10, 431). Maar alle westerse volkshuishoudings het gedurende die afgelope 50 jaar soveel ernstige versteurings beleef (waaronder twee wêreldoorloë) dat mens, indien Clark se berekenings (of skattings) korrek is, nie kan verwag om 'n loonstruktuur wat aan die eise van die grensproduktiwiteitsteorie se norme sal beantwoord, binne die eersvolgende 20 jaar in die westerse wêreld waar te neem nie.

(f) Selfs al word 'n volkshuishouding ook die nodige tyd gegun, skyn dit nog onwaarskynlik te wees dat aan al die ander voorwaardes wat die teorie se grootste aanhangers noem, gelyktydig in dieselfde volkshuishouding voldoen kan word. Douglas noem byvoorbeeld die volgende elf aanrames en voorwaardes: (12, 68):

(i) Die teorie in sy suiwer vorm het slegs betrekking op 'n statiese gemeenskap.

(ii) Werkgewers is in staat om vooruit vas te stel hoe groot 'n werker se grensprodukt sal wees.

(iii) Daar heers volle en vrye mededinging tussen werkgewers.

(iv) Arbeiders ken die waarde van hul grensprodukt.

(v) Daar bestaan volmaakte mobiliteit van kapitaal.

(vi) Daar heers volmaakte kompetisie tussen arbeiders.

(vii) Daar heers volmaakte mobiliteit van arbeid.

(viii) Volle indiensneming van arbeid.

(ix) Volle indiensneming van kapitaal.

(x) Arbeiders bevind hulle nie in 'n beter of slegter bedingingsposisie as werkgewers nie.

(xi) Werktoestande, voorwaardes en lone word deur die werkers en werkgewers self, en nie deur 'n eksterne instansie nie, vasgestel.

Dit wil voorkom asof dit baie onwaarskynlik is dat al die voorwaardes gelyktydig in dieselfde volkshuishouding sal voorkom, en dat dit heeltemal onmoontlik is dat almal vir 50 agtereenvolgende jare in dieselfde volkshuishouding aangetref sal word.

Die grensproduktiwiteitsteorie moet dus nooit gesien word as 'n wonderformule wat alle tekortkominge in die loonstruktuur van 'n volkshuishouding vinnig en doeltreffend uit die weg sal ruim nie. Dit moet ook nie as 'n natuurwet wat geen afwykings ken, beskou word nie. Dit moet eerder beskou word as die formulering van 'n tendens by netto lone vir gelyke werk in dieselfde mark om oor die tyd gelyk te word, waar onder netto lone verstaan word die somtotaal van alle voor- en nadele verbonde aan 'n bepaalde betrekking, waar sommige van die voor- en nadele ontasbaar of selfs denkbeeldig van aard kan wees.

Daar kan ook met redelike sekerheid aanvaar word dat die meeste aanhangers van die teorie dit in 'n dergelike lig beskou. Cartter byvoorbeeld beweer in die verband: "The Clarkian marginal productivity theory has never made any pretence to be anything other than a statement of long-run tendencies of adjustment to a particular situation; but, as Clark was quick to add, these tendencies are the real things in the world around us which are constantly bringing about the adjustments we experience" (2, 37). Ook Hicks gee toe dat die egaliserende magte van die grensproduktiwiteitsteorie maar baie stadig werk, maar hy is nogtans seker van hul werking (11, 76).

Laastens dien daarop gelet te word dat die vernaamste besware voortspruit uit die onvolmaaktheid van die arbeidsmark, en dat 'n onvolmaakte arbeidsmark as praktiese verskynsel nie die teorie wat 'n volmaakte mark veronderstel omverwerp nie. Die grensproduktiwiteitsteorie is daarom vandag nog die mees aanvaarbare teoretiese verklaring vir loonvorming, loonhoogte en loonstruktuur in 'n Westerse demokratiese volkshuishouding.

LITERATUURLYS

- 1 WOYTINSKY, W.S. and ASSOCIATES. Employment and wages in the United States.  
New York, The Twentieth Century Fund, 1953.
- 2 CARTTER, A.M. Theory of wages and employment. Homewood Illinois, Richard D.  
Irwin, Inc., 1959.
- 3 MARSHALL, A. Principles of economics, 8th edition. London, Macmillan & Co.,  
1959.
- 4 MALTHUS, T.R. An Essay on the principle of population. London, Ward Lock &  
Co., 1890.
- 5 RICARDO, D. On the principles of political economy and taxation. Georgetown,  
Milligan, 1918.
- 6 SALKEVER, L.R. Toward a wage structure theory. New York, Humanities Press,  
1964.
- 7 SMITH, A. An inquiry into the nature and causes of the wealth of nations.  
Manchester, George Routledge and Sons, 1893.
- 8 DOBB, M. Wages. Cambridge University Press, Nisbet & Co, 1928.
- 9 SENIOR, N. Political economy. London, George Allen & Unwin, 1938.
- 10 CLARK, J.B. The distribution of wealth. London, Macmillan, 1925.
- 11 HICKS, J.R. The theory of wages. New York, Peter Smith, 1948.
- 12 DOUGLAS, P.H. The theory of wages. New York, Macmillan, 1934.
- 13 VILJOEN, P. du T. Wage differentiation with reference to the building industry  
in the Union of South Africa. Unpublished M.Com-thesis, Pretoria University,  
1957.
- 14 PIGOU, A.C. The economics of welfare. London, Macmillan, 1946.
- 15 LESTER, R.A. Economics of labor, (second edition). New York, Macmillan, 1964.
- 16 REYNOLDS, L.G. Labor economics and Labor Relations (fourth edition). New  
Jersey, Prentice-Hall, 1965.
- 17 REYNOLDS, L.G. Toward a short-run theory of wages. The American Economic  
Review 38, 1948 : 289 - 308.
- 18 SCHUMANN, C.G.W., FRANZSEN, D.G. en DE KOCK, G. Ekonomie, 'n Inleidende studie.  
Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars, 1964.

## HOOFSTUK 4

### DIE INVLOED VAN LONE OP PRODUKTIWITEIT

#### 4.1 INLEIDING

Die begrip produktiwiteit het betrekking op die verhouding tussen opbrengs en die een of ander inset wat gemaak moes word om die betrokke opbrengs te kry. So byvoorbeeld kan daar in die vervoerbedryf sprake wees van brandstofproduktiwiteit waar die inset gellings petrol kan wees en die opbrengs die hoeveelheid goedere wat vervoer is, gemeet in tonmyle.

In hierdie hoofstuk gaan dit om arbeidsproduktiwiteit waar die opbrengs geproduseerde ekonomiese goedere en dienste is en die inset man-ure-arbeid. In die geval van arbeidsproduktiwiteit lewer die meting van beide die inset en die opbrengs egter ernstige probleme op. Neem byvoorbeeld die geval van 'n gewone fabriek wat 'n personeel van sê 2000 man het. Die 2000 personeellede bestaan uit ongeskoolde, halfgeskoolde en geskoolde bloukraagwerkers, wetenskaplikes, bestuurders, verkoopsmanne ensovoorts. Die vraag ontstaan nou of 'n uur se arbeid deur 'n ingenieur sonder meer by 'n uur se arbeid deur 'n bode getel kan word; hoeveel ure arbeid die hoofbestuurder gelewer het indien hy 140 mid-dae en 30 oggende gholf gespeel het terwyl die ander werkers op kantoor was; of die kantoorpersoneel en die verkoopsmanne se dienste bygetel moet word en indien wel, moet hul betaalde verlof ook bygetel word.

Die meting van die opbrengs lewer ook probleme op. Veronderstel 'n sekere fabriek produseer daaglik 200 eenhede van produk a en 100 eenhede van produk b, almal van presies dieselfde kwaliteit. Van produk a word 60 persent teen R200 stuk en 30 persent teen R120 stuk verkoop terwyl die res onverhaalbaar verlore gaan. Van produk b word 50 persent teen R40 stuk en 50 persent teen R30 stuk verkoop. Wat was die fabriek se opbrengs? Verder kan gevra word of 'n werker wat 'n a-produk wat teen R200 verkoop is in een uur gemaak het meer produktief was as 'n werker wat 'n a-produk wat teen R120 verkoop is in een uur gemaak het, indien veronderstel word dat die prysverskil slegs aan vraagfaktore te danke was.

Vir die volkshuishouding as geheel word die opbrengs van finale goedere en dienste gewoonlik beskou as gelyk aan die bruto binnelandse produk. Alhoewel dit 'n baie praktiese metode is, kan dit soms die oorsaak van baie misleidende gevolgtrekkings wees. Veronderstel byvoorbeeld dat alle staatsamptenare 10 persent salarisverhoging kry. Die gevolg daarvan sal wees dat hul "opbrengs" die volgende jaar 10 persent hoër sal wees as die vorige jaar, al werk hulle die volgende jaar minder en bly hul getalle presies dieselfde as die vorige jaar.

#### 4.2 DIE OORSPRONG VAN VERHOOGDE PRODUKTIWITEIT

Verhoogde produktiwiteit kan sy oorsprong in een van twee hoof-faktore hê, naamlik òf tegnologiese ontwikkeling òf verhoogde persoonlike werkverrigting deur die werkers self (kyk diagram 4.1). Onder tegnologiese ontwikkeling tel sake soos die ingebruikneming van verbeterde gereedskap of hulptoerusting, meganisasie, outomatisasie, verbeterde werkmetodes, verbeterde organisasie en metodes van produksie, soos byvoorbeeld materiaaltoevoer en produkafvoer ensovoorts. Kortom, alle faktore wat tot hoër produksie kan lei sonder dat die werker self hom enigins meer as voorheen moet inspan.

Daar bestaan geen twyfel dat die grootste persentasie produktiwiteitsverhoging in die verlede van die kant van tegnologiese ontwikkeling gekom het nie en daar is ook min twyfel dat dit in die toekoms van dieselfde kant sal kom. Daar moet slegs aan 'n paar eenvoudige voorbeelde gedink word om die waarheid van die stelling te besef. Dink maar aan die afstand wat 'n man te voet in een uur kan aflê, al is hy Olimpiese kampioen, vergeleke met die afstand wat hy per vliegtuig in een uur kan aflê en onthou dan verder dat ons nog nie die era van supersoniese lugvervoer betree het nie; of dink aan die aantal berekenings wat 'n man in 1 uur met en sonder 'n elektroniese rekenaar kan doen. Die Britse Produktiwiteitsraad het eksperimenteel vasgestel dat verbeterde werkmetodes en pro-



duksie-organisasie aanleiding kan gee tot produktiwiteitsverhogings van 20-200 persent (6, 24). Daarteenoor is eksperimenteel vasgestel dat verbeterde toesig oor werkers produktiwiteitsverhogings van slegs 7 tot 15 persent teweeg kan bring (6, 24). Of die produktiwiteitsverhogings die gevolg was van groter inspanning deur die werkers onder die verbeterde toesig en of dit die gevolg is van beter werkmetodes wat hulle onder die beter toesig aangeleer het (tegnologiese ontwikkeling dus), is onbekend. Die lae persentasie behoef egter glad nie te verbaas nie, indien die gemiddelde mens se beperkte fisieke en psigiese vermoëns in gedagte gehou word.

#### 4.3 DIE FAKTORE WAT PERSOONLIKE WERKVERRIGTING BEÏNVLOED

##### 4.3.1 Algemeen

Volgens Sutermeister (7, 7) hang die standaard van 'n werker se persoonlike werkverrigting (kwalitatief sowel as kwantitatief) van slegs twee faktore af, naamlik vermoë en motivering (kyk diagram 4.1). Sutermeister beweer dat die standaard van persoonlike werkverrigting eintlik die produk van vermoë en motivering is ("motivation times ability") (7, 7). Hy wys daarop dat die bes gemotiveerde werker wat oor geen vermoëns beskik nie nog steeds 'n swak werker is. Andersins is 'n ongemotiveerde, dit wil sê onwillige werker, nog maar steeds 'n swak en onproduktiewe werker, al beskik hy ook oor heel besondere vermoëns.

##### 4.3.2 Vermoë

Vermoë hang volgens Sutermeister ook van slegs twee faktore af, naamlik kennis en vaardigheid (7, 8). Dit wil egter voorkom asof hierby, veral in die geval van handarbeiders, nog 'n derde faktor bygevoeg moet word, naamlik liggaamskragte en gesondheid. Dit is immers sonder meer duidelik dat 'n welgevoede, gesonde arbeider tot baie produktiewer handarbeid in staat is as een wat ondervoed en sieklik is.

Soos in diagram 4.1 opgemerk kan word, het elk van die drie faktore weer 'n aantal bepalende subfaktore. So word liggaamskragte en gesondheid bepaal deur fisiese faktore soos voeding, kleding, huisvesting en mediese dienste. Volgens Sutermeister bepaal onderwys, ervaring en belangstelling 'n werker se kennis, terwyl aanleg, persoonlikheid en onderrig sy vaardigheid bepaal (7, 8).

##### 4.3.3 Motivering

Volgens Sutermeister word 'n werker se motivering deur drie hoof-faktore bepaal, naamlik -

- (1) sy fisiese werkstoestande
- (2) sy sosiale werkstoestande en
- (3) sy persoonlike behoeftes ("needs") (7, 8) (kyk diagram 4.1).

'n Werker se persoonlike behoeftes kan volgens Maslow onderverdeel word in -

- (1) fisiologiese behoeftes
- (2) behoeftes aan liggaamlike veiligheid
- (3) behoefte aan liefde
- (4) behoefte aan 'n gevoel van eiewaarde en
- (5) selfverwesenlikingsbehoeftes (10, 394).


Volgens Sutermeister kan die behoeftes saamgevat word in 3 groepe naamlik fisieke, sosiale en psigiese behoeftes (7, 13).

Fisiologiese behoeftes en die behoefte aan liggaamlike veiligheid word dan saamgevoeg as fisieke behoeftes terwyl selfverwesenlikingsbehoeftes en behoefte aan 'n gevoel van eiewaarde saamgevoeg word as psigiese behoeftes.

#### 4.4. DIE INVLOED VAN LONE OP PRODUKTIWITEITSVERHOOGING VOORTSPRUITENDE UIT TEGNOLOGIESE ONTWIKKELING

Soos reeds vermeld (kyk par. 4.2), verg produktiwiteitsverhogings as gevolg van tegnologiese ontwikkelings nie hoër inspanning van die werker self nie. Daar kan derhalwe ook nie 'n direkte produktiwiteitsverhoging uit die rigting

DIAGRAM 4.1



verwag word indien aan die werkers 'n hoër of laer loon betaal word nie.

Loonsverhogings wat die winsgewendheid van 'n onderneming ernstig aantas, kan egter die indirekte oorsaak van aansienlike tegnologiese produktiwiteitsverhogings wees. 'n Paar voorbeelde sal die bewering duidelik illustreer. Veronderstel 'n ondernemer het altyd te doen gehad met 'n loonstruktuur wat relatief tot die verkoopsprys van sy produk redelik was. Indien die lone nou skielik soveel verhoog word, sodat sy onderneming se winsgewendheid tot niet gaan, het die ondernemer een van die volgende keuses.

(a) Indien dit moontlik is, kan hy die kostestying op die verbruikers afskuif deur die verkoopsprys van sy produkte te verhoog. Maar hy sal dit net kan doen indien die elasticiteit van vraag na sy produkte kleiner is as een.

(b) Indien hy van 'n arbeidsintensiewe produksieproses gebruik gemaak het en indien sy mark groot genoeg is, kan hy moontlik na 'n kapitaalintensiewe produksieproses wat minder arbeid verg, oorskakel. Die gevolg hiervan sal wees dat sy onderneming se arbeidsproduktiwiteit sal styg terwyl die kapitaalproduktiwiteit daarvan sal daal indien dieselfde hoeveelheid produkte as voorheen vervaardig word. Hy kan egter die winsgewendheid van sy bedryf op die manier herstel indien die kapitaalkoste per produk laer is as die nuwe arbeidskoste per produk.

(c) Indien sy bedryf se interne organisasie en werksmetodes ruimte daarvoor laat, kan hy dit sodanig opknep dat hy met minder arbeid dieselfde hoeveelheid produkte produseer of met dieselfde hoeveelheid arbeid 'n groter produksie lewer. Dit kan eenheidskoste ten spyte van die hoër lone sodanig afdwing dat hy sy ou verkoopsprys en dus ook sy mededingende posisie in die mark sal kan handhaaf of uitbrei, maar sy arbeidsproduktiwiteit sal nou heelwat hoër wees as wat dit voor die loonsverhoging was.

(d) Indien hy in 'n mededingende mark verkoop het en indien die winsgewendheid van sy onderneming geheel en al op die laeloonstruktuur berus het, en hy nie in staat is om die kostestruktuur van sy bedryf deur òf meganisasie òf beter organisasie en metodes te verlaag nie, sal hy deur ander ondernemings met 'n gunstiger komparatiewe kostestruktuur uit die mark verdring word. Die kans is goed dat die produktiwiteit van die ondernemings wat hom uit die mark gedwing het hoër sal wees as wat syne was, met die gevolg dat die gemiddelde arbeidsproduktiwiteit van die volkshuishouding as gevolg van sy verdwyning sal styg.

Loonstygings kan dus langs 'n omweg tog tot tegnologies georiënteerde produktiwiteitsstygings aanleiding gee. Ekonomie soos Pigou gaan in werklikheid sover om loonsverhogings met onder andere dié doel voor oë te propageer (3, 562-3).

Bostaande skyn daarop te dui dat die omgekeerde ook waar kan wees, dit wil sê dat 'n baie lae loonstruktuur die indirekte oorsaak van 'n lae arbeidsproduktiwiteit kan wees. Daar moet egter onthou word dat 'n hoë arbeidsproduktiwiteit nie 'n doel op sigself is nie, tensy arbeid besonder skaars is, soos wat dit in tye van oorlog gewoonlik is of soos wat dit ten opsigte van sekere tipes arbeid tans in die Republiek van Suid-Afrika die geval is. In alle ander gevalle is 'n hoë arbeidsproduktiwiteit slegs 'n middel tot 'n doel, naamlik hoër produksie teen 'n laer gemiddelde koste per eenheid, produk of diens geproduseer, wat uiteindelik 'n hoër gemiddelde lewenstandaard vir die subjekte van die volkshuishouding sal beteken (17, 530 en 5, 198).

Indien dit egter waar is dat lae lone bevorderlik is vir lae produktiwiteit en hoë lone bevorderlik vir produktiwiteitsstying, dan sou mens verwag om die neigings weerspieël te sien in die produktiwiteitsstygings van lae- en hoëloonywerhede oor die jare heen. Evans van die Amerikaanse Buro vir Arbeidstatistiek beweer egter dat die beskikbare produktiwiteits- en arbeidstatistieke geen verband tussen loonhoogte in 1923 en produktiwiteitstying van 1923 - 1939 aantoon nie (18, 73 - 77). Aan die ander kant egter het ervaring na die minimumloonvasstelling onder die Fair Labor Standards Act in die VSA volgens Reynolds (17, 527) en Lester (21, 517) bewys dat ondernemers veral in laeloongebiede en -nywerhede en selfs in hoogs mededingende bedrywe somer baie geleent-

heid het om produktiwiteit te verhoog deur beter organisasie, metodes, toesig, meganisasie, seleksie en opleiding van werkers, die uitskakeling van vermorsing, ensovoorts. "Experience with minimum wage legislation has demonstrated that managements, even in highly competitive industries, may be inefficient and wasteful in some respects, perhaps partly because low wages permit them to be", aldus Lester (21, 517). Reynolds weer wys daarop dat die realisering van die doemprofesieë van bankrotskap en werkloosheid baie selde op 'n minimumloonwet gevolg het. "Investigation", beweer hy, "usually reveals that the answer is a general overhaul of equipment and methods which enable employers to carry on profitably at the higher wage levels" (17, 527).

#### 4.5 DIE INVLOED VAN LONE OP PRODUKTIWITEITSVERHOOGING VOORTSPRUITENDE UIT 'N VERBETERDE STANDAARD VAN PERSOONLIKE WERKVERRIGTING

##### 4.5.1 Algemeen

Aangesien produktiwiteitsverhoging langs die weg van 'n verbeterde standaard van persoonlike werkverrigting groter inspanning van die werker self verg, wil dit by die eerste aanblik voorkom asof moontlik veel in die rigting vermag kan word met die betaling van hoër of aansporingslone. Dit wil byvoorbeeld voorkom asof die werker se motivering wesentlik met behulp van hoër of aansporingslone beïnvloed kan word.

Om die juistheid van die vermoede te toets, sal daar nou nagegaan word of hoër of aansporingslone enige gunstige invloed kan hê op elk van die faktore wat die werker se vermoë en motivering bepaal.

##### 4.5.2 Vermoë

###### (a) Liggaamskragte en gesondheidstoestand

'n Werker se liggaamskragte en gesondheidstoestand word tot 'n groot mate deur sy voeding, kleding, huisvesting en die standaard van die mediese dienste waartoe hy toegang het, bepaal. Hicks beweer in die verband: "To take ability first. Higher wages may react favourably on man's efficiency in several ways. They enable him to be better fed, and consequently stronger; they open up to him new opportunities for recreation and self-improvement; ..." (4, 94).

Hierdie faktor is vandag natuurlik van min, indien enige praktiese belang in die meeste Westerse volkshuishoudings en wel om die eenvoudige rede dat daar min huishoudings oorbly waarvan die inkomste (loon of werkloosheidsversekering en ander bestaansbeveiligingsontvangstes) so laag is dat die gesin as gevolg daarvan verplig is om onder die broodlyn te leef. In baie Oosterse en sommige Afrika-volkshuishoudings is daar egter sonder twyfel wel werkers wie se gesinsinkomste so laag is dat hulle as gevolg van ondervoeding en swak gesondheid liggaamlik swak is. Hul produktiwiteit is as gevolg daarvan dan ook baie laag.

Of daar in die Republiek van Suid-Afrika nou nog werkers is wie se inkomste so laag is dat hul produksie daaronder ly, kan nie met sekerheid gesê word nie. Daar is egter wel persone wat van mening is dat dit so is. Die Universiteit van Suid-Afrika se Buro vir Marknavorsing bereken byvoorbeeld dat die gemiddelde gesinsinkomste van die stedelike Bantoe in Durban in 1966 R59-84 per maand was (5, 80). Daarteenoor bereken die Universiteit van Natal se Instituut vir Sosiale Navorsing dat die minimum bestaansinkomste (insluitende vervoer + huisvesting) vir dieselfde Bantoe gesinne in 1966 R61-72 per maand was (1, 25). Daarby moet nog in gedagte gehou word dat volgens prof. Batson van die Universiteit van Kaapstad 'n gesin eers nadat hy minstens 150 persent van die minimum bestaansinkomste verdien die noodsaaklike minimum aan noodsaaklike lewensmiddele bestee (1, 24-25). Dit wil dus voorkom asof veral handarbeiders wie se gesinsinkomste minder as 150 persent van die minimum bestaansinkomste is, se produktiwiteit gunstig beïnvloed kan word deur aan hulle hoër lone te betaal.

Bogenoemde gevolgtrekking is so oud soos die ekonomie self. Adam Smith het reeds in 1776 daarop gewys (2, 63) terwyl Pigou so laat as 1920 weer die aandag daarop gevestig het (3, 607). Hicks wys egter op die moontlikheid dat terwyl hoër lone sulke werkers se vermoë tot harder en produktiewer werk kan ver-

hoog, dit andersins weer hul gewilligheid (motivering) om hard en lang ure te werk nadelig kan beïnvloed (4, 208). Daar bestaan waarskynlik vandag nog indiwiduele Bantoe werkers wat vir 'n korter periode elke jaar sal werk indien hul lone met 'n sekere persentasie verhoog sou word. Van der Merwe (8, 46) en Berg (9, 291) is egter van mening dat die arbeidsaanbodkurwe vir die Bantoe arbeidsmag as geheel 'n positiewe helling het vir alle relevante loonhoogtes.

(b) Kennis

Indien kennis soos in paragraaf 4.3.2 beweer, van onderwys, ervaring en belangstelling afhanklik is, is dit onwaarskynlik dat die verhoging van lone langs die weg van kennisvermeerdering enige onmiddellike en direkte gunstige invloed op produktiwiteit kan hê. Die moontlike gunstige invloed daarvan kan per slot van rekening eers na lang periodes van blootstelling aan onderwys en ervaring te voorskyn kom.

Dit is egter wel moontlik dat hoër lone aan die huidige geslag werkers die produktiwiteit van die volgende geslag werkers baie gunstig kan beïnvloed en wel omrede dit ouers in staat kan stel om hul kinders beter te laat onderrig en oplei as wat andersins die geval sou wees.

Dit is egter nie vanselfsprekend dat 'n werker wat 'n hoër loon ontvang 'n deel daarvan sal aanwend om sy kinders beter te laat onderrig of oplei nie. Of hy dit wel sal doen en, indien wel, watter persentasie van die loonsverhoging hy vir die doel sal aanwend, sal afhang van sy keusepatroon wat weer afhang van sy waardesisteem (22, 46). Indien hy onderwys en opleiding vir sy kinders baie hoog op sy waardesisteem plaas, sal hy 'n groot persentasie van die loonsverhoging vir die doel aanwend. Beklee dit egter 'n lae posisie op sy waardesisteem sal die persentasie wat daaraan bestee word maar gering wees, en sal die invloed van die loonsverhoging op die produktiwiteit van die volgende geslag ook maar baie gering wees.

Hierdie uiters indirekte waarde van hoër lone moet egter sterk betwyfel word, aangesien onderwysgeriewe tot op middelbare vlak vandag feitlik orals so goed as gratis is, terwyl geld vir naskoolse studie in die meeste Westerse volkshuishoudings geredelik beskikbaar is.

(c) Vaardigheid

Indien vaardigheid slegs van die werker se aanleg, onderrig en persoonlike heid afhanklik is; is dit eweneens onwaarskynlik dat hoër lone veel sal kan doen om produktiwiteit langs die weg van vermeerderde vaardigheid te verhoog. Aansporing lone kan moontlik 'n werker oorreed om die nodige onderrig te ondergaan wat van hom 'n vaardiger werker en dus 'n produktiewer werker sal maak, maar dan is dit eintlik die motiverende werking van die aansporingsloon wat die hoër produktiwiteit teweeggebring het. Hierdie aspek sal as sodanig later bespreek word.

#### 4.5.3 Motivering

In soverre dit die verbetering van die standaard van werkers se persoonlike werkverrigting aanbetref, wil dit by die eerste aanblik voorkom asof die beste resultate op die gebied van motivering verkry kan word. Motivering van 'n werker hang egter volgens Sutermeister van drie faktore af, naamlik die werker se fisiese werkstoestande, sy sosiale werkstoestande en sy persoonlike behoeftes.

Dit is duidelik dat daar niks aan die werker se fisiese werkstoestande verander kan word deur aan hom 'n hoër loon te betaal nie. Daar is wel 'n geringe en baie indirekte kans om sy sosiale werkstoestande te verander deur eenvoudig aan hom 'n hoër loon te betaal. Die hoër loon kan byvoorbeeld daartoe lei dat die onderneming werkers van 'n beter sosiale klas trek en dat dié beter werkers dan 'n aangenaamere sosiale werkstoestand sal skep. Die kans dat die werkgewer egter enige voordele uit die transaksie sal trek, is egter so skraal dat dit twyfelagtig is of enige werkgewer ooit sal poog om sy bedryf se produktiwiteit op dié manier te verhoog.

Kom ons egter by die aktivering en bevrediging van die werker se persoonlike behoeftes ("needs") dan bevind ons ons onmiddellik op 'n baie belowende terrein. Sutermeister verdeel die werker se persoonlike behoeftes vir die doeleindes van produktiwiteitsverhoging in drie hoofgroepe naamlik fisieke, sosiale en psigiese (egoïstiese) behoeftes (7, 13).

Maslow wys egter daarop dat behoeftes slegs as motiverende kragte aangewend kan word indien hulle geaktiveer maar nog nie bevredig is nie (10, 375). Indien 'n werker se laer behoeftes (fisieke behoeftes) nog nie bevredig is nie, bestaan daar vir hom geen ander behoeftes nie. Maslow self stel dit so: "For our chronically and extremely hungry man, Utopia can be defined very simply as a place where there is plenty of food. He tends to think that, if only he is guaranteed food for the rest of his life, he will be perfectly happy and will never want anything more. Life itself tends to be defined in terms of eating. Anything else will be defined as unimportant" (10, 374). As een van die twee groepe laere behoeftes (fisieke en sosiale behoeftes) egter eenmaal bevredig word, verdwyn hulle van die toneel as motiverende kragte maar dan word die hoëre behoeftes geaktiveer en neem hulle oor as motiverende kragte. Psigologiese behoeftes word egter nooit permanent bevredig nie. Die mens se behoefte aan herversekering van sy eiewaarde en aan selfverwesenliking word nooit ten volle bevredig nie en verdwyn ook nooit heeltemal nie indien dit eenmaal geaktiveer is nie. Gevolglik sal dit altyd as motiverende kragte aangewend kan word (7, 14).

Die belangrike vraag wat egter nog beantwoord moet word, is of en hoe lone in die werker se behoeftepatroon aangewend kan word ter bereiking van hoër produktiwiteit.

Indien mens onthou dat 'n bevredigde behoefte nie meer 'n motiverende krag is nie, blyk dit dat die moontlikheid om lone as instrument te gebruik met die doel om die werker se fisieke behoeftes as motiverende krag in te span, selfvernietigend is. Indien die werker genoeg betaal word om in al sy fisieke behoeftes te voorsien, verdwyn hulle as motiverende kragte. As hy te min betaal word om in al sy fisieke behoeftes te voorsien, verswak sy liggaam sodanig dat sy vermoë tot produktiewe arbeid aan bande gelê word (kyk par. 4.5.1). Die enigste moontlikheid skyn te wees om 'n aansporingsloon te gebruik wat sodanig vasgestel is dat 'n werker slegs met inspanning in staat sal wees om genoeg te verdien om in sy fisieke behoeftes te voldoen. Dit is in 'n tyd van volle industriële ontwikkeling egter onprakties want die werker sal dan net eenvoudig van werk verander. In depressietye werk die werker se fisieke behoefte natuurlik uitstekend as motiverende krag. Volgens Goode en Fowler is dit so omdat die werker in die moontlikheid van ontslag 'n bedreiging van sy fisieke behoeftebevrediging sien en gevolglik hard werk om sy betrekking te behou (11, 622) maar dan was die vrees vir ontslag en nie die loon nie, die direkte aanleidende oorsaak vir sy hoë produktiwiteit.

In die geval van individuele werkers kan hul sosiale behoeftes hul moontlik tot produktiewer werk motiveer mits hul seker is of verwag dat die produktiewer arbeid met 'n hoër loon vergoed sal word wat hulle weer kan aanwend om hul sosiale behoeftes te bevredig. Sutermeister wys egter daarop dat werkers se sosiale behoeftes geweldig baie verskil en dat baie van hulle hul sosiale behoeftes bevredig sonder dat dit hulle baie geld kos (7, 13). Indien die bevrediging van sy sosiale behoeftes hom om die een of ander rede wel baie geld kos, sal dit ook nie help om hom 'n hoër tydloon te betaal nie, want soos reeds gesê sal die sosiale behoeftes as motiverende krag verdwyn sodra dit bevredig is. Die enigste moontlikheid skyn dus ook in die hierdie geval 'n aansporingsloon te wees.

Dit wil egter voorkom asof lone onder sekere omstandighede direk of indirek wel 'n groot genoeg rol in die bevrediging van 'n werker se psigologiese behoeftes kan speel en dat lone derhalwe langs dié omweg tog tot hoër (of laer) produktiwiteit aanleiding kan gee. Dit sal eerstens die geval wees wanneer die loon (hoër of laer loon) wat die werker ontvang vir hom bewys of simbool is van sy prestasie en sy eiewaarde. Lincoln stel dit soos volg: "Earnings that are the reward for outstanding performance, progress, and responsibility are signs that

he is a man among men" (12, 125).

Herzberg, Mausner en Snyderman beweer dat: "Money thus earned as a direct reward for outstanding individual performance is a reinforcement of the motivators of recognition and achievement" (14, 117).

Tweedens is daar die kwessie van werkers se groeps- of individuele moreel. Goeie of swak werksmoreel kan sy oorsprong in die werkers se persoonlike behoeftes (sosiaal of psigies) of in die fisiese of sosiale werktoestande hê. Hoe dit ook al sy, werksmoreel is 'n faktor waarmee die bestuur deeglik rekening moet hou. Cartter stel dit so: "The effect of morale on productivity should not be underestimated; a number of studies have suggested that productivity of a given group of workers can easily vary by amounts as great as 25 or 30 per cent for what seem to be rather trifling causes affecting the morale and interest of workers in their jobs" (13, 42). Voeg hierby dat volgens Herzberg, Mausner en Snyderman lone, en veral die werkers se oortuiging dat die werkge- wer 'n onregverdigde loon betaal wanneer dit vergelyk word met lone wat onder soortgelyke omstandighede vir soortgelyke werk betaal word, een van die belang- rike oorsake vir swak moreel is (14, 114). Dit blyk dus dat dit nie hier die absolute bedrag van die loon is wat ter sake is nie, maar wel die relatiewe loon wat betaal word wat as onregverdig beskou word. Lone kan dus ook 'n nega- tiewe effek op produktiwiteit hê.

#### 4.6 DIE INVLOED VAN AANSPORINGSLONE OP PRODUKTIWITEIT

Ongeag watter motiverende kragte daar ook al agter aansporingslone skuil, aanvaar sommige mense vandag nog dat 'n nyweraar maar net 'n aansporingsloonstel- sel moet invoer om sy werkers se standaard van persoonlike werkverrigting die hoogte te laat inskiet.

Dit is wel waar dat die steeds groter mate van massaproduksie en meganisaa- sie in die nywerheid 'n groot vraag na halfgeskoolde werkers, wat hoofsaaklik eenvoudige repeterende take verrig, geskep het en dat aansporingslone vir derg- like take op hul bruikbaarste is en besliste voordele vir beide bestuur en wer- kers inhou. Vir die bestuur verlig dat die taak van toesighouding aanmerklik (16, 10) terwyl dit aan die individuele werker 'n mate van vryheid van optrede en vryheid van toesighouding gee wat beslis deur sommiges verwelkom word (19, 328).

Ten spyte van die oënskynlik voor-die-hand-liggende voordele van die stel- sel is die toepassing daarvan volgens Leiserson besig om in die VSA veld te verloor (16, 11). Die redes hiervoor is velerlei. Leiserson is van mening dat dit te wyte is aan die feit dat die teorie wat onderliggend aan die stelsel is, onbetroubaar is (16, 11). Hy wys daarop dat die suksesvolle werking van die stelsel van drie aannames afhanklik is wat volgens hom, al drie of foutief of twyfelagtig is. Die drie aannames is (16, 14):

(a) Dat die markmeganisme in staat is om 'n effektiewe en objektiewe beheer te kan uitoefen oor die loon wat die verskillende soorte arbeid kan verdien;

(b) dat produksiestandaarde in terme van die karakteristieke van die werk en die werkers en onafhanklik van die persoonlike voorkeure van die werkers, vasgestel kan word;

(c) dat werkers se persoonlike voorkeure sodanig is dat daar vir elke ge- gewone peil van verdienste 'n aansporingsloonstelsel ontwerp kan word wat werkers sal aanspoor om die vereiste prestasiestandaarde te handhaaf.

Volgens Reynolds (17, 220), Peterson (19, 339) en Evans (18, 79) is daar egter onbetwisbare bewyse dat werkers wat volgens 'n aansporingsloonstelsel ver- goed word soms hul produksie vrywillig beperk, ten spyte daarvan dat hulle as gevolg daarvan ook hul verdienste beperk.

Finlay, Sartain en Tate waarsku ook dat die werkgewer wat 'n aansporingsloon wil aanwend om produktiwiteit te verhoog, in gedagte moet hou dat hy mense wil motiveer om hulself meer effektief in te span. Hulle is egter van mening dat

die mens so 'n komplekse wese is met sulke uiteenlopende motiewe wat sy handeling op enige bepaalde tydstip rig, dat enige poging tot die motivering van werkers wat tot 'n enkele formule gereduseer is (aansporingslone) tot mislukking gedoem is (15, 126-127).

Roth is egter van mening dat 'n aansporingsloon wel kan slaag mits dit so ontwerp is dat dit aan die volgende 4 vereistes voldoen:

- (a) Die aansporing moet betrekking hê op 'n geldige motief van die werker.
- (b) Die werker moet bewus wees van die verband tussen sy handeling (harde werk of wat ook al) en die aansporing wat hy ontvang.
- (c) Die werker moet seker wees dat die aansporing op 'n bepaalde handeling sal volg.
- (d) Die aansporing moet onmiddellik op die handeling wat beloon word, volg (20, 25).

Volgens Evans sal enige aansporingsloonstelsel egter misluk indien die werkers op grond van vorige ervaring of watter ander rede ook al, rede het om te vermoed dat die neergelegde prestasiestandaarde verhoog sal word indien hulle na die mening van die bestuur dit te maklik bereik (18, 79). Hulle sal dan eenvoudig hul produksie vrywilliglik inperk.

#### 4.7 ENKELE GEVOLGTREKKINGS AANGAANDE DIE ROL VAN LONE OP PRODUKTIEWEIT

4.7.1 (a) Lone het oor die kort termyn waarskynlik min of geen invloed op produktiwiteit voortspruitende uit tegnologiese faktore. Selfs oor die lang termyn het lone waarskynlik min direkte invloed op tegnologiese veranderinge wat tot hoër produktiwiteit aanleiding kan gee (kyk par. 4.4).

(b) Lone, of liewers stygende lone wat die winsgewendheid van 'n onderneming ernstig aantast, het veral oor die langer termyn, waarskynlik wel langs 'n omweg en binne perke, 'n gunstige invloed op produktiwiteit, deurdadig dit die aanleidende oorsaak mag wees wat die bestuur van 'n onderneming daartoe kan ooreed om die nodige tegnologiese stappe te doen wat die onderneming se produktiwiteit en also ook die onderneming se winsgewendheid kan verhoog (kyk par. 4.4).

(c) Aan die ander kant kan baie lae lone waarskynlik wel die oorsaak daarvan wees dat die arbeidsproduktiwiteit van 'n onderneming baie laag kan wees omdat die beskikbaarheid van die laeloonarbeid dit onlonend maak om produktiwiteit langs die weg van tegnologiese ontwikkelinge te verhoog (kyk par. 4.4).

4.7.2 (a) Waar daar nog werkers is wie se vermoë tot produktiewe arbeid deur ondervoeding of ander fisieke oorsake aangetas word, kan hoër lone wel aanleiding gee tot produktiwiteitsverhogings (kyk par. 4.5.2).

(b) Hoër lone kan waarskynlik wel oor die lang termyn bydra tot produktiwiteitsverhogings langs die omweg van verbeterde kennis en vaardigheid van die werkers deurdadig dit ouers in staat kan stel om hul kinders, dit is die volgende geslag werkers, beter te laat oplei, onderrig, ensovoorts (kyk par. 4.5.2).

(c) Dit wil voorkom asof lone 'n belangrike rol kan speel in die aktivering en bevrediging van 'n werker se psigiese (egoïstiese) behoeftes en also 'n belangrike bydrae kan lewer tot die motivering van die werker tot hoër produktiwiteit langs die weg van 'n verbeterde standaard van persoonlike werkverrigting. Werkers se ander persoonlike behoeftes is, so wil dit voorkom, nie geskikte instrumente vir die verbetering van produktiwiteit nie (kyk par. 4.5.3).

(d) Aansporingslone is nie 'n onfeilbare weg na hoër produktiwiteit nie en moet om dié rede baie versigtig gehanteer word. Indien 'n aansporingsloonstelsel egter reg opgestel en oordeelkundig ingevoer word, kan dit in sommige ondernemings wel bydra tot produktiwiteitsverhogings (kyk par. 4.5.4).



LITERATUURLYS

- 1 WATTS, H.L. The poverty datum line in three cities and four towns in South Africa in 1966. Institute for Social Research, University of Natal, Fact Paper No. 1, 1967.
- 2 SMITH, Adam An inquiry into the nature and causes of the wealth of nations. London, George Routledge and Sons, 1893.
- 3 PIGOU, A.C. The economics of welfare (fourth edition). London, Macmillan, 1946.
- 4 HICKS, J.R. The theory of wages. New York, Peter Smith, 1948.
- 5 UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA, Buro vir Marknavorsing. Navorsingsverslag No. 13, 1966.
- 6 ARGYLE, M., GARNER G. and GIOFFI, F. Supervisory methods related to productivity, absentism and labour turnover. Human Relations 11 (1), 1958.
- 7 SUTERMEISTER, R.A. People and productivity. New York, McGraw-Hill, 1969.
- 8 VAN DER MERWE, P.J. The economic influence of the Bantu labour bureau system on the Bantu labour market. S.A. Tydskrif vir Ekonomie. 37 (1) (Maart 1969).
- 9 BERG, E.J. Supply curves for labor in Africa, in Price theory in action, onder redaksie van Watson, D.S. New York, Houghton Mifflin, 1965.
- 10 MASLOW, A.H. A theory of human motivation. Psychological Review 50, 1953 : 370 - 396.
- 11 GOODE, W.J. and FOWLER, I. Incentive factors in a low morale plant. American Sociological Review 14 (5) Oct. 1949 : 618 - 624.
- 12 LINCOLN, J.F. Lincoln's incentive system. New York, McGraw-Hill, 1946.
- 13 CARTTER, A.M. Theory of wages and employment. Homewood Illinois, Richard D. Irwin Inc., 1959.
- 14 HERZBERG, F., MAUSNER, B. and SNYDERMAN, B.B. The Motivation to work. New York, John Wiley & Sons Inc., 1959.
- 15 FINLAY, W.W., SARTAIN, A.Q. and TATE W.M. Human behavior in industry. New York, McGraw-Hill, 1954.
- 16 LEISERSON, M.W. Wage-structure in theory and practice. Edited by E.M. Hugh-Jones. Amsterdam, North-Holland Publishing Co., 1966.
- 17 REYNOLDS, L.G. Labor economics and labor relations (fourth edition). New Jersey, Prentice-Hall, 1965.
- 18 WOYTINSKY, W.S. and ASSOCIATES Employment and wages in the United States. New York, The Twentieth Century Fund, 1953.
- 19 PETERSON, F. Survey of labor economics. New York, Harper, 1951.
- 20 ROTH, H.F. Does higher pay bring higher productivity? Personnel 37 1960 : 20 - 27. (Reproduced in : People and productivity ?)
- 21 LESTER, R.A. Economics of labor. (2nd edition) New York, Macmillan, 1964.
- 22 VAN WYK, S. Die Afrikaner in die beroepslewe van die stad. Pretoria-Kaapstad, Academica, 1968.

## 5 DIE ROL VAN LONE IN DIE WELVAARTSVRAAGSTUK

### 5.1 ALGEMEEN

Welvaart is 'n multidimensionele begrip wat namate dit uit verskillende hoeke bekyk word, verskillende en uiteenlopende eienskappe kan vertoon. In hierdie hoofstuk sal daar egter slegs aan enkele van die eienskappe, te wete ekonomiese, nie-ekonomiese, persoonlike en nasionale welvaart aandag gegee word.

#### 5.1.1 Ekonomiese en nie-ekonomiese welvaart

Die vernaamste verskil tussen ekonomiese en nie-ekonomiese welvaart is dat die eersgenoemde volgens Pigou (1, 11) in geld gemeet en weergegee kan word en die laasgenoemde nie. Die bruto binnelandse produk of die per kapita bruto binnelandse produk is twee van die bekendste groothede wat as 'n enkele numeriese weergawe van ekonomiese welvaart gebruik word.

Dit kan seker geredelik aanvaar word dat die begrip welvaart vir 'n groot persentasie van die land se bevolking veel meer beteken as die blote beskikking oor ekonomiese goedere en dienste. 'n Groot persentasie van die bevolking sal waarskynlik sake soos vryheid, gesondheid, huweliksgeluk, vriendskap, sosiale aanpasbaarheid en sekere goedere wat normaalweg nie as ekonomiese goedere gereken word nie soos vars lug, sonskyn, stilte, oop ruimtes ensovoorts noem as faktore wat op die een of ander wyse bydra tot hulle persoonlike welvaart of die volkshuishouding se nasionale welvaart. Verder is dit ook glad nie seker of 'n werker wat weekliks R200 verdien deur 40 uur daarvoor te werk welvarender is of nie as een wat R260 per week verdien deur 48 uur per week daarvoor te werk nie. Die antwoord op die laasgenoemde vraag sal afhang van die twee werkers se persoonlike waardering van vrye tyd, wat 'n subjektiewe aangeleentheid is en daarom moeilik in geld gemeet en uitgedruk kan word.

In hierdie studie sal daar daarom voortaan met die begrip welvaart, tensy anders vermeld, slegs ekonomiese welvaart bedoel word en onder ekonomiese welvaart sal dan verstaan word beskikking oor ekonomiese goedere en dienste.

#### 5.1.2 Persoonlike en nasionale welvaart

Persoonlike welvaart sal in die lig van wat hierbo besluit is, vir die doeleindes van hierdie studie gedefinieer word as 'n bepaalde individu se beskikking oor ekonomiese goedere en dienste. Nasionale welvaart sal dan die volkshuishouding se totale beskikking oor ekonomiese goedere en dienste wees. Let egter daarop dat die nasionale welvaart in alle volkshuishoudings baie groter sal wees as die totaal van alle subjekte van die betrokke volkshuishouding se persoonlike welvaart. Die rede daarvoor is die feit dat alle moderne en primitiewe volkshuishoudings groot hoeveelhede ekonomiese goedere en dienste soos landbougrond, paaie, brûe, kragstasies, damme ensovoorts, in kommunale besit hou.

#### 5.1.3 Die oorsprong van welvaart

In die geval van 'n individu kan sy persoonlike welvaart uit een van twee bronne kom, naamlik oordragte of produksie.

(a) In die geval van oordragte verkry die individu sy beskikking oor ekonomiese goedere en dienste deurdat hy die betrokke goedere en dienste van 'n ander individu of instansie ontvang het sonder dat hy 'n bepaalde teenprestasie gelewer het, byvoorbeeld in die vorm van skenkings, subsidies, pensioen, of selfs roof. Ook die volkshuishouding as geheel kan welvaart op dié manier bekom. Dink in dié verband byvoorbeeld aan die ekonomiese en militêre hulp wat lande soos die VSA, Wes-Duitsland en Nederland aan sekere onderontwikkelde lande skenk. Lande soos Engeland, Spanje en Portugal het weer baie van die ekonomiese goedere en dienste wat hulle vandag besit, in vorige eeue van ander lande afgeneem.

(b) Die vernaamste bron van welvaart is egter die produksie van ekonomiese goedere en dienste. Die groot meerderheid van alle individue verkry dan ook hul welvaart deur die produksiefaktore waarvoor hulle beskik, te wete natuurbronne, arbeid, kapitaal en ondernemerstalent vir hulle te laat werk en verdien. Die produksiefaktore waarvoor hulle beskik, verdien met ander woorde die ekonomiese goedere en dienste of welvaart vir hul eienaars. Anders gestel: Die individue belê hul kapitaal en verdien rente, hulle werk en verdien 'n loon, hulle bewerk of verhuur hul grond en verkry 'n opbrengs of ontvang 'n huur of hulle onderneem en maak 'n wins.

Nasionale welvaart kom natuurlik uit presies dieselfde bronne as persoonlike welvaart. Die enigste verskil is dat daar sekere produksiefaktore in kommunale of owerheidsbesit is wat produktief aangewend kan word en dat die nasionale welvaartsvermeerdering in 'n bepaalde periode dus groter kan wees as die totaal van alle individue se welvaartsvermeerdering.

In dié verband is dit ook baie belangrik om te let op die samestelling van sowel 'n individu as 'n volkshuishouding se besit aan ekonomiese goedere en dienste. Twee individue wat albei op 'n bepaalde oomblik 'n sekere hoeveelheid ekonomiese goedere besit wat presies ewe veel werd is, is op die bepaalde oomblik staties gesien ook presies ewe welvarend. As gevolg van die samestelling van die twee se besittings kan die een egter potensieël baie meer welvarend wees as die ander een. Veronderstel byvoorbeeld die eerste een se besit aan goedere bestaan alles uit suiwer verbruikersgoedere soos klere, brood en botter terwyl die tweede persoon s'n hoofsaaklik uit kapitaalgoedere soos grond, masjinerie en geboue bestaan. Veronderstel verder dat nie een van die twee toegang tot ander dienste het nie behalwe hul eie arbeidskragte en ondernemingstalente wat presies gelyk is. Verder is dit vir albei onmoontlik om hul besittings in geld of in ander besittings om te skeep, dit wil sê om hul besittings te verkoop en ander besittings met die opbrengs te koop.

Die vraag ontstaan nou of albei presies ewe welvarend is. Die antwoord sal van 'n paar dinge afhang. Eerstens kan beweer word dat hulle op die bepaalde oomblik staties gesien presies ewe welvarend is. Of hulle in die nabye en/of verre toekoms, dit wil sê dinamies gesien, nog ewe welvarend sal wees, is twyfelagtig want al wat die eerste persoon met sy besittings kan maak is om dit te verbruik, met die gevolg dat hy eventueel niks meer daarvan sal oorhê nie. Die tweede persoon kan sy besittings egter produktief aanwend. Hy kan daarmee nuwe goedere en dienste produseer wat hy òf kan verkoop òf self kan verbruik. Daar bestaan met ander woorde vir hom die moontlikheid dat hy met die produksiekapasiteit wat hy tot sy beskikking het, meer goedere en dienste kan produseer as wat hyself sal verbruik en dat hy eventueel meer goedere sal besit as wat hy tans besit. Sy welvaart kan met ander woorde toeneem.

Dieselfde geld vir 'n volkshuishouding as geheel. 'n Volk se nasionale welvaart op 'n bepaalde oomblik, staties gesien, is soos reeds gesê, die volkshuishouding se totale besit aan ekonomiese goedere en dienste. Dinamies gesien hang 'n volk se toekomstige nasionale welvaart in 'n baie groot mate af van sy besit aan produksiekapasiteit of produksiefaktore, dit wil sê goedere en dienste wat hy kan inspan om nuwe goedere en dienste oftewel nuwe welvaart mee te produseer. Die volkshuishouding wat die meeste kapitaal, die grootste en besopgeleide arbeidsmag, die rykste minerale bronne en landbougrond besit en bowendien nog oor manne met ondernemerstalent beskik, sal waarskynlik in staat wees om sy welvaartspeil baie vinniger en hoër op te stoot as 'n tweede een wat op die oomblik baie meer welvarend is, maar wie se welvaartsbesit hoofsaaklik uit verbruikersgoedere bestaan.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat, indien internasionale oordragte buite rekening gelaat word, 'n volkshuishouding se totale welvaart in 'n bepaalde periode en in reële terme nie met meer kan toeneem as wat in dié periode in die land geproduseer is nie. Verder moet dit ook onthou word dat verbruik en waardevermindering, dit wil sê die persentasie van kapitaalgoedere of produksiekapasiteit wat in die produksieproses verlore gaan, 'n vermindering of verlaging van sowel die persoonlike as die nasionale welvaart beteken. 'n Verhoging van die persoonlike welvaart van 'n individu sowel as die nasionale wel-

vaart van 'n volkshuishouding (oordragte uitgesluit) is dus slegs moontlik in= dien daar meer geproduseer word as wat verbruik (waardevermindering ingesluit) word. Omgekeerd beteken 'n verbruik (insluitende waardevermindering) wat hoër is as produksie 'n verlaging van die welvaartspeil indien daar geen oordragte plaasvind nie.

## 5.2 DIE WELVAARTSVRAAGSTUK

### 5.2.1 Waarom en vir wie is welvaart 'n vraagstuk?

Net soos daar baie min, indien enige, individue is wat glad nie daarin geïnteresseerd is om hul welvaartspeil te verhoog nie, so is daar hoogs waar= skynlik ook geen land se owerheid wat nie begerig is om sy land se nasionale welvaartspeil en/of sy volk se per kapita welvaartspeil te verhoog nie. Die redes daarvoor is in die meeste gevalle voor=~~die~~=hand=~~lig~~gend.

(a) Eerstens is daar die sogenaamde onderontwikkelde of arm lande van die wêreld, waar 'n groot persentasie van die bevolking onder die broodlyn leef. Dit is verstaanbaar dat die owerhede van sulke lande begerig sal wees om hul lande se nasionale welvaartspeil sodanig te verhoog dat alle subjekte genoeg sal hê om in al hul noodsaaklike lewensbehoefte te voorsien.

(b) Tweedens is daar volkshuishoudings wat, alhoewel hulle nie as onder= ontwikkel beskryf kan word nie, nogtans met werkloosheid of ander probleme opgeskeep sit wat moontlik deur die verhoging van die nasionale welvaartspeil opgelos kan word.

(c) Derdens voel die owerhede van baie lande hulself ten regte of ten onregte verplig om hul lande se oorlogspotensiaal te verhoog ten einde hulle teen werklike of gewaande bedreigings te kan beskerm. Dit verg die produksie van oorlogstuig en voorsiening in die lewensbehoefte van die soldate wat onder die wapen gehou word.

(d) Vierdens is demokratiese lande se regeerders meestal baie bewus daar= van dat hulle sukses by die stembus tydens die volgende algemene verkiesing in 'n meerdere of mindere mate daarvan sal afhang of die kiesers met hul persoon= like welvaartspeil tevrede is. Gevolglik het die regeerders persoonlike be= lang daarby dat die bevolking se per kapita welvaart minstens voor elke ver= kiesing verhoog sal word.

(e) Iets soortgelyks geld vir diktatoriale regeerders. Hul vermoë om aan bewind van sake te bly hang in 'n mate af van hul vermoë om hul onderdane tevre= de te hou en een van die maniere om dit te doen, is om hul welvaartspeil perio= diek of voortdurend te verhoog.

(f) Seldens wend 'n aantal lande tans die een of ander persentasie van hul nasionale welvaart aan om sekere internasionale politieke doelwitte te bereik. In dié verband word byvoorbeeld gedink aan die ekonomiese en militêre hulp wat Rusland en die VSA aan sekere ander lande verleen.

(g) Verder beteken 'n netto bevolkingsaanwas dat die betrokke volkshuis= houding se per kapita welvaartspeil sal daal indien die nasionale welvaarts= peil konstant bly of selfs indien dit met 'n kleiner persentasie sou styg as die persentasie waarmee die bevolkingsgetalle toeneem.

(h) In die Republiek van Suid=~~Afrika~~ is daar ook nog minstens een rede wat nie in ander lande van die wêreld aangetref word nie. Die beleid van af= sonderlike ontwikkeling van bevolkingsgroepe veronderstel per definisie 'n ver= hoging van die welvaartspeil van die Nie=~~Blanke~~ sektore van die volkshuishou= ding (kyk ook par. 5.5). Aangesien dit onwenslik is dat dit ten koste van die welvaartspeil in die Blanke sektore geskied, beteken dit dat die nasionale wel= vaart verhoog sal moet word indien die beleid moet slaag. Vandaar die huidige Ekonomiese Ontwikkelingsprogram wat 'n ekonomiese ontwikkelingskoers van 5.5 persent per jaar beoog.

(i) Laastens moet ook in gedagte gehou word dat die later genoemde grens= voorwaardes (kyk ook par. 5.2.3) die owerheid se vermoë om die bruto binneland= se produk in enige periode te verhoog teen 'n koers wat hy as wenslik ag, beperk.

Dit blyk dus dat die sogenaamde welvaartsvraagstuk nie 'n akute vraagstuk is wat onmiddellik opgelos moet word indien rampspoedige gevolge vermy wil word nie. Dit is veel eerder 'n kroniese vraagstuk wat voortdurende en on= onderbroke aandag vereis.

### 5.2.2 Die oplossing van die welvaartsvraagstuk

Uit voorafgaande paragrawe blyk dat daar in die gewone betekenis van die begrip nie juis sprake van die "oplossing" van die welvaartsvraagstuk kan wees nie. Daar kan hoogstens sprake wees van tussentydse mikpunte of voorlopige doelwitte op die pad van die voortdurende verhoging van die nasionale welvaarts= peil van die een of ander sektor of gebied van die volkshuishouding wat bereik word.

Soos in paragraaf 5.1.3 aangetoon is, kan die meeste volkshuishoudings vandag hul welvaartspeil slegs verhoog deur meer goedere en dienste te produ= seer. In die geval van 'n ontwikkelde volkshuishouding of gebied, soos die Blanke gebiede van die Republiek van Suid-Afrika, kom 'n welvaartsverhoging dus neer op ekonomiese groei en in die geval van 'n onderontwikkelde volkshuis= houding of gebied, soos die Bantoetuislande, op ekonomiese ontwikkeling. Die vraag hoeveel meer daar geproduseer moet word, bring die kwessie van die ower= heid se welvaartsfunksie na vore wat in die volgende paragraaf bespreek word.

### 5.2.3 Die owerheid se welvaartsfunksie

Indien daar eers besluit is dat 'n volkshuishouding se welvaartspeil ver= hoog behoort te word, met ander woorde dat ekonomiese ontwikkeling of groei wenslik is, moet daar vervolgens besluit word met watter jaarlikse persentasie en tot watter hoogte dit verhoog moet word. Die owerheid se antwoord op dié vraagstuk staan bekend as sy welvaartsfunksie.

Wat die grondslae vir die formulering van die owerheid se welvaartsfunk= sie aanbetref, is daar vandag twee hoof-gedagterigtings bekend.

Die eerste skool is van mening dat die ekonomiese wetenskap self 'n objek= tiewe antwoord op die vraag kan verskaf. Hul oplossing is dan dat die wel= vaartspeil oftewel die produksie van goedere en dienste in die volkshuishou= ding verhoog behoort te word totdat dit die sogenaamde Pareto optimumpeil be= reik het (kyk Mishan 40, 163).

'n Pareto optimumpeil is daardie peil van produksie waar dit onmoontlik is om die welvaartspeil van 'n enkele subjek van die volkshuishouding verder te verhoog sonder om as gevolg daarvan 'n ander subjek s'n te verlaag (kyk Mis= han 40, 163 en 175, en Brennan 41, 494). Brennan beweer dan verder dat dit matematis bewys kan word dat die Pareto optimumpeil van produksie presies dieselfde is as die een wat bereik sal word indien daar volmaakte vrye mark= toestande heers en daar aanvaar word dat daar geen skaalvoordele uit groot= skaalse produksie (increasing returns to scale) te hale is nie (41, 500).

Tinbergen (42, 33) waarsku egter dat die Pareto optimum-begrip baie ver= sigtig gebruik moet word, en dat die volgende punte altyd in gedagte gehou moet word.

(a) Daar is nie net een Pareto optimum op enige gegewe oomblik nie.

(b) Dit is nie bewysbaar dat een Pareto optimum beter is as 'n ander een nie.

(c) Sekere vorms van oordrag van welvaart wat onversoenbaar is met 'n Pa= reto optimum, byvoorbeeld inkomstebelasting, skyn tog wenslik te wees.

(d) Volmaakte marktoestande sonder enige verdere verwysing na ekonomiese organisasie soos byvoorbeeld reëlins vir inkomme-oordragte, is 'n onvolledige beskrywing van die ekonomiese organisasie van 'n moderne gemeenskap. Dit kan daarom nie sonder meer beweer word dat dit tot 'n optimum-toestand sal lei sonder om verdere voorwaardes te spesifiseer nie.

Die tweede skool stel hulself op die standpunt dat die owerheid se welvaartsfunksie 'n normatiewe aangeleentheid is wat nie altyd vatbaar is vir objektiewe beoordeling nie. Dit is daarom die volk self, by monde van sy verkose verteenwoordigers, se prerogatief om self te besluit wat hul welvaartsfunksie sal wees (kyk Lombard 43, 122).

Aangesien daar altyd sekere grense bestaan aan die owerheid se vermoë en/of wens om die welvaartspeil oftewel die bruto binnelandse produksie maksimaal te verhoog, kan die owerheid hoogstens streef na 'n optimale welvaartspeil of bruto binnelandse produksie (kyk onder andere Tinbergen 43, 15-17). In die Republiek van Suid-Afrika beteken dit tans 'n verhoging van 5.5 per sent per jaar in die bruto binnelandse produksie. Die faktore of grensvoorwaardes wat die bruto binnelandse produksie en veral die jaarlikse verhoging daarvan beperk, is onder andere die volgende:

- (a) Die wenslikheid van 'n eweredige verdeling van die volksinkome.
- (b) Die wenslikheid van die handhawing van 'n stabiele pryspeil of monetêre ewewig.
- (c) Die noodsaaklikheid van ewewig op die betalingsbalans.
- (d) Die wenslikheid om sekere sosiale kostes binne redelike perke te hou.
- (e) Die handhawing van interne kompetisie tussen produsente.
- (f) Volle indiensneming.
- (g) 'n Grensvoorwaarde wat uniek is aan die Republiek van Suid-Afrika, naamlik afsonderlike ontwikkeling van bevolkingsgroepe. Dit is 'n politieke beleid wat onderverdeel kan word in 'n aantal tussentydse doelstellings wat as ondergeskikte grensvoorwaardes beskryf kan word. Hieronder tel onder andere:
  - (i) Geografiese desentralisasie van nywerhede
  - (ii) Tuislandontwikkeling
  - (iii) Grensgebiedontwikkeling
  - (iv) Geografiese skeiding tussen bevolkingsgroepe, wat onder andere vereis dat 'n groot persentasie van die bevolking van hul huidige woonplekke na ander woonplek sal moet verskuif. (Kyk Lombard 43, 122).

### 5.3 DIE INVLOED VAN LONE OP EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING

#### 5.3.1 Inleiding

Indien aanvaar word dat die werklike bruto binnelandse produksie of welvaartspeil van 'n volkshuishouding laer is as die wenslike of optimumwelvaartspeil, dan het mens met 'n vraagstuk van ekonomiese groei of ontwikkeling te doen. Die meeste lande van die wêreld is vandag groei of ontwikkelingsbewus. Selfs 'n hoogsgeïndustrialiseerde land soos die Verenigde State van Amerika was in 1964 volgens sy President nog begerig om ekonomies te groei (54, xi).

In die Republiek van Suid-Afrika is blote ekonomiese ontwikkeling ook nog nie die einde van die vraagstuk nie aangesien ons hier met 'n dualistiese volkshuishouding te make het wat uit 'n Westerse kapitalistiese sektor (dit is in hoofsaak die Blanke sektor) en 'n onderhoudektor (dit is in hoofsaak die Bantoes) bestaan. Indien nou aanvaar word dat die bruto binnelandse produksie of welvaartspeil in albei die twee sektore benede die optimumpeil is, dan is dit ook duidelik dat ekonomiese groei of ekonomiese ontwikkeling in albei die sektore wenslik is. Verder is dit omrede die interafhanklikheid van die sektore wenslik of selfs noodsaaklik dat die een sektor nie ten koste van die ander sektor sal ontwikkel nie.

Die vraag wat nou ontstaan, is watter invloed lone op ekonomiese groei en ontwikkeling het.

#### 5.3.2 Die rol van lone op ekonomiese groei en ontwikkeling

Indien gelet word op die oorsprong van alle goedere en dienste en dus op die oorsprong van welvaart in 'n geslote volkshuishouding, dan vind mens dat dit geproduseer word deur middel van die samewerking van die vier produksiefaktore,

natuurbronne, arbeid, kapitaal en ondernemerstalent, in 'n produksieproses. Totale produksie oftewel die bruto binnelandse produksie kan in enige volkshuishouding met die bestaande tegniese kennis en tegnologie verhoog word tot op daardie punt waar volle indiensneming van alle produksiefaktore heers. Indien daar nog werkloosheid onder slegs een van die vier produksiefaktore heers, is dit moontlik om produksie verder uit te brei deur die drie skaarser faktore in te voer.

Selfs al word al vier produksiefaktore ten volle benut, is dit teoreties moontlik om produksie nog verder te verhoog deur die verhouding waarin die vier produksiefaktore in die produksieproses aamwerk, sodanig te verander dat die totale produktiwiteit van die volkshuishouding se nywerhede daardeur verhoog word. Maar dit veronderstel 'n verandering in produksietegniese. Volgens Katzen (5, 204) is verhoogde lone een van die faktore wat die topbestuur van bedrywe daartoe kan oorrede om verbeterde produksietegniese, dit wil sê produksietegniese wat minder arbeidsintensief is, in te voer. Sulke produksietegniese sal gewoonlik meer kapitaalintensief wees en dit sal beteken dat kapitaal ingevoer sal moet word. Loonsverhoging kan selfs navorsing na minder arbeidsintensiewe produksietegniese aanspoor. Is alle produksiefaktore egter ten volle en in die mees gunstige verhouding in diens geplaas, is 'n verdere verhoging van produksie en welvaart met die bestaande tegniese kennis onmoontlik.

Volgens Lombard (13, 335) kan dit teoreties bewys word dat die optimum produksie (onder volmaakte marktoestande) bereik word waar die grensgeldopbrengs van elke produksiefaktor in elke bedryfstak gelyk is aan sy prys. Dit beteken dat die optimum-welvaartspeil onder volmaakte marktoestande bereik sal word wanneer die loon van elke werker gelyk is aan sy grensgeldopbrengs (kyk ook paragraaf 3.4).

Tweedens beteken dit dat indien lone, wat die prys van arbeid is, deur eksterne faktore soos vakbonddruk hoër as die grensgeldopbrengs daarvan opgejaag word, kan dit tydelik tot gevolg hê dat die onderlinge verhouding van die vier produksiefaktore nie meer die gunstigste is nie en dat die bruto binnelandse produksie en welvaart as gevolg daarvan benede optimum peil sal daal.

Verder is dit moontlik dat loonstygings die produsenteprys van sekere produkte sodanig kan verhoog dat die betrokke produkte hulle mededingende posisie op die mark en veral op uitvoermarkte verloor, met die gevolg dat die produksie daarvan onlonend kan word en moontlik gestaak sal moet word indien daar nie alternatiewe markte gevind kan word nie. Op dié manier kan die bruto binnelandse produk, en dus ook die nasionale welvaart, verlaag word.

'n Vierde moontlikheid is dat alhoewel daar op enige bepaalde tydstip volle indiensneming kan heers, en produksie dus oor die kort termyn met die bestaande tegniese kennis nie verder verhoog kan word nie, daar tog persone kan wees wat teen heersende lone vrywillig buite die arbeidsmark staan, maar wat met hoër lone oorrede kan word om tot die arbeidsmark toe te tree. Produksie en welvaart kan dan met hulle arbeid verhoog word. Die moontlikheid moet egter as baie gering beskou word en soos in paragraaf 6.3.1 gesien sal word, bestaan daar selfs die moontlikheid dat die totale arbeidsmag van 'n volkshuishouding verminder kan word deur die lone van manlike werkers te verhoog.

Uit 'n dinamiese oogpunt bestaan daar nog 'n indirekte wyse waarop lone ekonomiese ontwikkeling en welvaart kan beïnvloed. Die volkshuishouding van die Republiek van Suid-Afrika is besonder ryklik bedeele met 'n groot verskeidenheid grondstowwe wat vir nywerheidsproduksie noodsaaklik is (kyk Lombard en Stadler 12, 195). Indien die beperkings wat deur die eise van die beleid van afsonderlike ontwikkeling van bevolkingsgroepe op die immigrasie van Bantoe-arbeiders vanuit die Bantoetuislande geplaas word, voorlopig buite rekening gelaat word, kan beweer word dat arbeid (veral ongeskoolde arbeid) ook volop is. Van der Merwe bereken byvoorbeeld dat daar van 1970 tot 1980 jaarliks tussen 98 200 en 113 800 Bantoewerkers tot die arbeidsmark sal toetree waarvan tussen 45 400 en 52 500 uit die Bantoetuislande afkomstig sal wees (45, 26-27). Indien op die ekonomiese ontwikkeling, veral industrialisasie van die Republiek

van Suid-Afrika oor die afgelope drie dekades gelet word, wil dit voorkom as of dit ook nie juis aan ondernemerstalent ontbreek nie. Die vierde produksiefaktor (kapitaal) kan egter soms wel skaars wees, of die buitelandse prys daarvan (rente) kan so hoog wees dat dit nie lonend is om dit in te voer nie. Gevolglik is dit moontlik dat 'n gebrek aan kapitaal soms ekonomiese ontwikkeling in die Republiek van Suid-Afrika kan beperk. Reynders beweer byvoorbeeld dat die tempo van ekonomiese ontwikkeling onder andere 'n funksie is van die koers waarteen kapitaalvorming plaasvind (46, 126).

Maar wat het dit met lone te doen? Die antwoord is die volgende: Die oorsprong van kapitaal (kapitaalvorming) in 'n geslote volkshuishouding is besparing oftewel die onthouding van verbruik van 'n deel van die produksie. Dit word egter aanvaar dat winsontvangers se spaargeneigdheid groter is as die van loontrekkers (kyk Van den Bogaerde 44, 344). Om lone ten koste van winste te verhoog, beteken dus 'n moontlike verlaging van die tempo waarteen ekonomiese ontwikkeling in die Republiek van Suid-Afrika kan plaasvind.

Laastens het lone via produktiwiteitsverhoging en volle indiensneming ook 'n moontlike invloed op die welvaartspeil en die verhoging daarvan. Aangesien die onderwerpe egter elders bespreek sal word (kyk hoofstuk 4 en par. 5.4) sal daar nie hier verder daarop ingegaan word nie.

In die volgende paragrafe sal kortliks aandag gegee word aan enkeles van die sogenaamde grensvoorwaardes wat 'n volkshuishouding se vermoë om ekonomies te ontwikkel en sy welvaartspeil te maksimaliseer in die een of ander mate beperk, en die rol wat lone in die aangeleentheid speel.

#### 5.4 DIE INVLOED VAN LONE OP VOLLE INDIENSNEMING

##### 5.4.1 Algemeen

'n Werklose word deur Fichandler gedefinieer as iemand wat beide bevoeg en gewillig is om te werk, maar wat nie in staat is om 'n geskikte betrekking te bekom nie (17, 393). Daarteenoor word gereken dat daar volle indiensneming in 'n volkshuishouding heers wanneer ongeveer 97 persent van die ekonomies bedrywige bevolking in diens is (12, 20 en 18, 92). Die drie persent werkers wat dan nie in 'n betrekking is nie, bestaan grootendeels uit werkers wat besig is om van werk te verander, hetsy vrywillig hetsy uit noodsaak (die sogenaamde "transitional unemployed") terwyl dit ook 'n klein persentasie van die sogenaamde grens- (marginale) werkers sal insluit. Laasgenoemdes is die werkers wat so onbevoeg, onaanpasbaar, onwillig (werksku) of iets dergeliks is dat hulle feitlik as werksongeskiktes ("unemployable") beskryf kan word (19, 329). Die eersgenoemde groep, dit wil sê die transitowerkloses, is 'n noodsaaklike element in die volkshuishouding. Hulle verskaf aan die volkshuishouding daardie mate van buigbaarheid of soepelheid wat hom in staat stel om op kort kennisgewing by 'n noodtoestand soos 'n oorlog, aardbewing ensovoorts aan te pas. Werkloosheid van dié aard word ook deur sommige skrywers "frictional unemployment" genoem en word hoofsaaklik toegeskryf aan immobiliteit van die werker of onvolmaakthede van die arbeidsmark (2, 345 en 20, 479).

In hierdie studie word die belangstelling egter hoofsaaklik toegespits op die sogenaamde "demand unemployment" (2, 348) of "cyclical unemployment" (20, 492) wat, anders as die transito- of friksionele werkloosheid, op 'n ernstige siektetoestand in die volkshuishouding dui.

Werkloosheid van dié aard kan in die eerste instansie toegeskryf word aan 'n gebrekkige vraag na arbeid by werkgewers. Maar aangesien die vraag na arbeid nie 'n direkte vraag is nie maar wel 'n afgeleide vraag, is die werklike oorsaak 'n gebrekkige vraag na die goedere en dienste wat normaalweg deur die arbeiders (wat nou werkloos is) geproduseer word. Die volgorde van gebeurtenisse wat normaalweg na vraag-werkloosheid lei, is volgens Phelps (20, 492) -

1. dalende vraag na goedere en dienste,
2. dalende algemene pryspeil,
3. dalende produksie van verbruikersgoedere en -dienste,
4. dalende produksie van kapitaalgoedere, en
5. dalende kredietverlening.



Die volgende stap is gewoonlik wydverspreide vraag-werkloosheid met al die ellende wat dit vir die werklose en sy afhanklikes meebring. Dit beteken ook 'n verlies aan welvaart vir die volkshuishouding as geheel.

Indien produksietegnologie, en die insette van alle ander produksiefaktore as gegewe en onveranderlik aanvaar word, wat oor die kort termyn wel die geval is, is die produksie van goedere en dienste volgens Ackley 'n direkte maar 'n nie-liniêre funksie van indiensneming (21, 93). Dit is dus duidelik dat vraag-werkloosheid die welvaart van die volkshuishouding verlaag en dat dit om dié rede asook omrede die ernstige sosiale probleme wat dit meebring, bestry moet word. Oor die metode van bestryding heers daar egter ernstige meningsverskil tussen die ekonome van die klassieke skool en die aanhangers van Keynes. In die volgende twee seksies sal daar kortliks ingegaan word op die rol van lone in die bestryding van werkloosheid volgens die voorskrifte van drie verskillende ekonomiese skole.

#### 5.4.2 Die rol van lone in die bestryding van werkloosheid volgens die ouer-klassieke teorie

Volgens Botha het die ouer garde ekonome van die klassieke skool 'n heel simplistiese siening oor die rol van lone op indiensneming en werkloosheid gehad (22, 88).

(a) Eerstens is aanvaar dat die vraag na arbeid sou styg namate lone daal.

(b) Tweedens is daar geglo dat die invloed van 'n loonsverandering op indiensneming sou afhang van die arbeidsvraag-funksie. Dit beteken met ander woorde dat al wat nodig is om werkloosheid heeltemal uit te wis, 'n verlaging van die loonkoerse met die gewenste persentasie is.

(c) Gevolglik is aanvaar dat indien lone maar net buigsaam (flexible) gehou word, daar altyd volle indiensneming sou heers of dat die stelsel altyd na volle indiensneming toe sou neig (22, 78).

(d) Indiensneming is dus beskou as 'n funksie van die loonkoerse indien die kapitaalvoorraad konstant gehou word.

(e) Werkloosheid wat wel voorgekom het, is beskou as die resultaat van 'n loonkoerse wat te hoog vasgestel is deur faktore van buite die stelsel. Maar selfs onder sulke omstandighede sou die werkloosheid nie lank bly voortbestaan nie, mits lone maar net buigsaam gehou word (kyk 22, 88).

#### 5.4.3 Die rol van lone in die bestryding van werkloosheid volgens die Keynesiaanse teorie

Keynes wys eerstens daarop dat lone nie net 'n koste vir die werkgewer-ondernemer is nie maar dat dit ook inkomste vir en as sodanige koopkrag in die hande van die werkers is en dat dit as sodanig deel uitmaak van die effektiewe vraag na goedere en dienste. Dit is veral die geval met die lone van laerinkomstegroepe (die Bantoe, in die Republiek van Suid-Afrika) want 'n baie groot deel van hul lone, indien nie hul hele loon nie, word sonder meer aan loongooedere en -dienste bestee (24, 259-260 en 22, 93).

Keynes vervolg dan : "For whilst no one would wish to deny the proposition that a reduction in money-wages accompanied by the same aggregate effective demand as before(kursief gedruk in die oorspronklike teks) will be associated with an increase in employment, the precise question at issue is whether the reduction in money-wages will or will not be accompanied by the same aggregate effective demand as before measured in money, or, at any rate, by an aggregate effective demand which is not reduced in full proportion to the reduction in money-wages ..." (24, 259-260).

Volgens Keynes se siening van sake wil dit dus voorkom asof die aanbevole geneesmiddel (loonsvermindering) nie die simptome van die siekte (werkloosheid) sal verwyder nie, maar wel die siekte self (dalende totale effektiewe vraag na goedere en dienste) sal vererger.

Tweedens betoog Keynes dat lone, veral afwaarts, so onbuigsaam is dat dit nie sonder ernstige ongewenste reperkussies as wapen in die stryd teen werkloos-

heid aangewend kan word nie. Hy stel dit soos volg : "Except in a socialised community where wage-policy is settled by decree there is no means of securing uniform wage reductions for every class of labour. The result can only be brought about by a series of gradual, irregular changes, justifiable on no criterion of social justice or economic expediency, and probably completed only after wasteful and disastrous struggles, where the one in the weakest bargaining position will suffer relatively to the rest" (24, 267).

Ackley beweer selfs dat daar afgesien van institusionele weerstand ook nog 'n algemene sosiale weerstand aan die kant van beide werkgewers en die algemene publiek teen loonsvermindering is wat veroorsaak dat wydverspreide werkloosheid eerder as loonsvermindering geduld sal word (21, 196). Sy bewering moet natuurlik gesien word in die lig van die bestaan van werkloosheidsversekering en ander vorme van bestaansbeveiliging wat 'n hele paar van die werkloosheidseuwel se tande getrek het.

Indien bewering soos die van Ackley egter korrek is, sal daar min, indien enige, demokratiese owerhede wees wat dit vandag kan waag om 'n algemene loonsverlagings met watter goeie doel ook al, op die arbeidsmag, wat ook die kieserspubliek is, af te dwing.

Maar Keynes (24, 268) en Ackley (21, 197) betwyfel dit bowendien of selfs al was lone volkome buigzaam, algemene loonsverlagings die beste weg na volle indiensneming is. Die Keynesiaanse oplossing is die volgende:

(a) Aangesien werkers nie bereid sal wees om verlagings van hul nominale lone te duld nie, word hul nominale lone onaangeraak gelaat (24, 265-266) of selfs toegelaat om oor die lang termyn te styg (24, 271). Die ongunstigste toestand denkbaar vir sakeverwagtings en dus ook vir indiensneming is volgens Keynes een "... in which money-wages are slowly sagging downwards and each reduction in wages serves to diminish confidence in the prospective maintenance of wages" (24, 265). So 'n toestand, meen Keynes, kan 'n volkshuishouding in 'n bodemlose put van depressie laat beland (24, 191 en 267).

Die gunstigste toestand, meen hy, is een waar lone pas deur die bank met so 'n groot persentasie verminder is dat almal verwag dat dit nou die laagste punt bereik het waarheen dit ooit sal daal en dat die volgende loonbeweging opwaarts sal wees (24, 265). Maar so 'n verlagings is, soos ons reeds gesien het, onprakties.

(b) Verhoog die effektiewe vraag na goedere en dienste deur die geldvoorraad met behulp van die monetêre instrumente te verhoog (24, 295 en 298).

(c) Die verhoging van die effektiewe vraag na goedere en dienste sal aanvanklik, dit wil sê solank as wat daar nog baie werkloosheid is, verhoogde indiensneming tot gevolg hê, terwyl nominale lone en pryse konstant bly (24, 295).

(d) Soos knelpunte in die stelsel begin ontwikkel, sal lone en pryse begin styg, maar lone sal met 'n kleiner persentasie as pryse styg. Dit beteken dat reële lone sal daal terwyl nominale lone en indiensneming styg (24, 296 - 303).

(e) Sodra volle indiensneming (van alle produksiefaktore) in die volkshuishouding bereik is, sal produksie van goedere en dienste konstant bly terwyl pryse, insluitende lone, verder sal styg (24, 303).

Dit blyk dus dat die Keynesiaanse ekonomiese teorie maar 'n redelike passiewe rol aan lone toeken in die stryd teen werkloosheid. Dunlop beweer in dié verband "The volume of employment (output and income) is determined by the savings-investment and liquidity equations in which wage changes play only an indirect and roundabout role" (25, 348).

#### 5.4.4 Die rol van lone in die bestryding van werkloosheid volgens die klassieke teorie in moderne gewaad

Aanhangers van die klassieke teorie het verskillende wysigings en aanpassings daaraan aangebring om die aanslag van die Keynesiaanse teorie af te weer. Van die bekendstes hiervan is (a) die sogenaamde Pigou-effek, (b) Viner se

verkoopsgaping (sales lag) en (c) Hutt se selektiewe loonsvermindings.

(a) Die Pigou-effek

Pigou gaan net soos Keynes uit van die veronderstelling dat besparings (S) en investerings (I) in 'n geslote ekonomie wat in ewewig is, gelyk aan mekaar moet wees en dat altwee gelyk moet wees aan reële inkome (Y) minus verbruik (C). Met ander woorde  $Y = C + I$  en  $I = S$  (26, 344).

Maar aangesien dit nie dieselfde mense is wat spaar en wat investeer nie, moet daar in die volkshuishouding 'n meganisme wees wat besparings gelyk aan investerings hou, want sodra investerings (dit is die maak, bou ensovoorts van reële kapitaalgoedere) laer as besparings daal, beteken dit dat effektiewe vraag na goedere en dienste daal en dat indiensneming gevolglik ook sal daal. Die meganisme wat besparings en investerings aan mekaar gelykstel, is die rentekoers (i).

Die klassieke ekonome het geglo dat daar net om een rede gespaar word, naamlik om die toekomstige inkomste wat uit die spaargeld gekry kan word, dit wil sê die rente-opbrengs. Om die toekomstige (verhoogde) inkomste te kan geniet, onthou die spaarder homself van verbruik van 'n deel van sy inkome in die hede. Hy spaar. Daal die verwagte toekomstige inkomste, dit wil sê die rente wat hy op sy spaargeld ontvang (i) egter benede 'n sekere punt, dan word huidige gebruik meer aantreklik as toekomstige inkomste en word daar glad nie gespaar nie. Die vlak waartoe rentekoers sal moet daal voordat huidige verbruik aantrekliker as toekomstige inkomste word, is die gemiddelde mens se koers van tydsvoorkeur (R).

Investerings aan die anderkant geskied slegs indien die verwagte kapitaalopbrengs (wins op investerings) groter is as die rentekoers (i). Verwag ondernemers met ander woorde dat hul toekomstige winste uit huidige investerings minder sal wees as die huidige rentekoers (i) dan sal hulle nie investeer nie ( $I = 0$ ). Gevolglik is daar geen vraag na spaargeld vir investeringsdoeleindes nie, en daal die rentekoers (i) tot dit kleiner is as R. Die gemiddelde man hou op met spaar ( $S = 0$ ) en  $Y = C + I$  waar  $I = 0$  en  $S = I = 0$ .

Effektiewe vraag word gehandhaaf ten spyte van geen investerings, terwyl volle indiensneming ook gehandhaaf word.

Maar soos reeds gesê, die klassieke ekonome het aanvaar dat daar slegs om een rede gespaar word, naamlik om 'n toekomstige inkome te bekom (26, 345). Keynes wys egter daarop dat mens nie net spaar met die doel om 'n toekomstige inkome te bekom nie, maar ook om 'n fonds op te bou wat vir 'n toekomstige gebeurlikheid of noodgeval in gereedheid gehou moet word. Besparings vir dié doel is egter heeltemal onafhanklik van die rentekoers.

Dit blyk dus nou dat mense nie sal ophou spaar nie tensy hul tydsvoorkeurskoers (R) nie gelyk aan die heersende rentekoers (i) plus die huidige waarde van hul gebeurlikheidssaldo's (a) is nie, dit wil sê waar  $R = (i + a)$  (22, 89). Maar aangesien i nooit kleiner as nul (0) kan word nie, beteken dit dus nou volgens Keynes, aldus Botha (22, 89) dat mense selfs teen 'n rentekoers van nul (0) nog sal spaar indien a positief is. Keynes beweer selfs, volgens Botha (22, 89) dat R in 'n depressietoestand sal styg tot  $R'$  en dat a dus ook sal styg indien  $i = 0$  is. Die gevolg is dat  $Y \neq C + I$  waar S positief en  $I = 0$  is, met die gevolg dat effektiewe vraag na goedere en dienste te laag is om volle indiensneming te handhaaf (22, 89).

Indien lone nou, soos Keynes beweer het, onbuigsaam na onder is, sal werkloosheid toeneem tot op 'n punt waar 'n nuwe ewewig met werkloosheid in die volkshuishouding bereik word. In dié posisie sal  $R^1 = i + a$  waar  $i = 0$  en  $R^1 > R$  (22, 89).

Pigou is meer optimisties as Keynes. Volgens hom is lone op die punt (waar  $i = 0$  is) nie meer onbuigsaam na benede nie (26, 348). Sodra werkloosheid begin intree, sal nominale lone begin daal, met die gevolg dat geldinkome en pryse ook sal daal maar dat reële inkome en indiensneming konstant sal bly.

Dalende pryse en nominale inkome met konstante reële inkome beteken egter dat die waarde van die geldvoorraad in terme van reële inkome styg. Gevolglik sal die reeds opgeboude gebeurlikheidsfondse van die gemiddelde man se waarde ook styg. Dit sal styg tot op die punt waar dit, na die oordeel van die gemiddelde mens, groot genoeg is, in welke geval hy dan sal ophou om verder te spaar met die doel om 'n gebeurlikheids- of noodfonds op te bou (26, 349 - 350). In so 'n geval is  $a = 0$ . Dit kan selfs gebeur dat die waarde van die gebeurlikheidsfondse styg tot 'n punt waar die reeds opgehoopte fondse se waarde meer is as wat die gemiddelde mens nodig ag. In so 'n geval kan dit dan gebeur dat sommige mense van die fondse sal begin aanwend vir verbruiksbesteding, in welke geval  $a$  kleiner as nul ( $a < 0$ ) sal wees. In albei gevalle kan  $R^1 = (i + a)$  wees waar  $S = 0$  of selfs  $S < 0$  is, en sal  $Y = C + I$  wees, selfs al is  $I = 0$  met  $C$ , dit wil sê effektiewe vraag na verbruikersgoedere en dienste, groot genoeg om volle indiensneming te verseker ten spyte van die gebrek aan 'n vraag na investeringsgoedere. Botha beweer egter dat Pigou bostaande analise slegs as bringimnastiek beskou en dat hy dit nie vir praktiese beleid aanbeveel nie (22, 90).

(b) Die verkoopsgaping

Volgens Viner maak die klassieke ekonoom in 'n depressietoestand op loonverlagings staat om eerstens die winsgewendheid van ondernemings te verbeter, tweedens om die beleggingsmoreel van ondernemers te verbeter en derdens om ondernemers se kredietwaardigheid sodanig te verbeter dat hulle toegang sal hê tot al die krediet wat hulle nodig het om nuwe investerings wat hulle wil maak, te finansier (27, 60).

Die meganisme waarmee loonsverlagings dit alles gaan regkry is, volgens Viner (27, 60 - 61) soos volg:

(i) Sodra lone verlaag is, beteken dit 'n verlaging in faktorkoste en dus ook in totale produksiekoste vir die ondernemer.

(ii) Verkope teen die ou, voor-loonsverlaging-pryse sal nie onmiddellik begin daal nie.

(iii) In die periode voordat verkope begin daal (as gevolg van die laer lone) sal ondernemers vind dat hulle verkoopspryse hoër as hul grenskoste is en dat uitbreidings (nuwe investerings) dus voordelig is, mits hul kopers kan vind vir die nuwe verhoogde produksie.

(iv) Daar word op verhoogde uitgawes wat gemaak moet word ter aanvulling van uitgeputte voorrade en ter vervanging van ondoeltreffende toerusting staat gemaak om totale loonontvangstes weer in so 'n mate te verhoog (dit wil sê verhoogde indiensneming) dat daar 'n voldoende vraag na die nuwe verhoogde produksie sal wees.

(v) Verder word verwag dat die gebeurlikheids- en noodgevalfondse van diegene wat voorheen werkloos was maar nou werk gekry het, en diegene wie se betrekking voorheen onseker was maar wat nou beroepssekuriteit het, nou vir verbruiksbesteding aangewend sal word. Dit sal effektiewe vraag nog verder versterk.

(vi) Viner neem ook aan dat (die betaling van) 'n groot deel van 'n ondernemer se uitgawes uitgestel kan word sonder om produksie te affekteer, gevolglik kan die herstel van die winsgewendheid van 'n onderneming tydelik aanleiding gee tot 'n baie groter verhoging in 'n ondernemer se uitgawes as in sy inkomste.

Botha (22, 90-91) wys daarop dat hierdie teorie by die voorkoms van die verkoopsgaping staan of val. Indien verkope onmiddellik daal na 'n loonsverlaging sal daar van die hele verkoopsgapingmeganisme niks tereg kom nie. Hy meen dat dit wel moontlik is dat die verbruikers aan die begin van 'n depressie, mits hulle nie verwag dat dit 'n langdurige depressie gaan wees nie, noodfondse het waarop hulle kan terugval om hul inkoopvolume te handhaaf. Duur die depressie egter langer as wat verwag word, sal sulke fondse uitgeput raak en sal verdere loonsverlagings onmiddellik deur verkoopsdalings gevolg word.

Dit bly natuurlik ook 'n ope vraag of 'n groot genoeg persentasie van die verbruikerskorps oor noodfondse beskik waarop daar teruggeval kan word. In die Republiek van Suid-Afrika is dit byvoorbeeld baie onwaarskynlik dat enige noemenswaardige persentasie van die Bantoebevolking wel oor sulke noodfondse beskik. Dit kan ook met sekerheid aanvaar word dat minstens 'n deel, al is dit slegs 'n baie klein deeltjie, van die Blankes ook in so 'n mate van die hand na die mond lewe dat hul inkope van verbruikersgoedere en dienste onmiddellik sal moet daal indien hul lone verlaag word. Daar kan dus met redelike sekerheid gesê word dat totale verkope wel onmiddellik na 'n algemene loonsverlaging met die een of ander persentasie sal daal tensy verbruikerskrediet beskikbaar is vir almal wat nie oor noodfondse beskik nie. Weer eens moet dit betwyfel word of alle verbruikers wat nie oor noodfondse beskik nie, wel toegang tot verbruikerskrediet sal kry.

Daar dien ook in gedagte gehou te word dat almal behalwe die heel armste onder die bevolking, 'n deel van hul inkomste aan verbruikersgoedere, wat in elkeen se individuele geval deur homself as luuks beskou word, bestee. Die soort goedere wat deur elkeen as luuks beskou word, sal natuurlik baie van persoon tot persoon verskil. Die heel armste binne die groep mag byvoorbeeld 'n artikel wat deur die heel rykste in die groep as noodsaaklik geag word, as baie luuks beskou. Maar elkeen van hulle sal gewoonlik die een of ander artikel kan aanwys wat hy gewoonlik gekoop het maar waarsonder hy kan klaarkom indien sy loon verlaag word. Dit is slegs diegene wat voor die loonsverlaging alreeds op of onder die broodlyn geleef het, wat glad nie sulke artikels aankoop nie.

Dit is sekerlik waar dat die een of ander persentasie van die bogenoemde groep tog sal voortgaan om die aangewese "luuksegoedere en -dienste" op krediet of met behulp van noodfondse, aan te koop indien hul lone verlaag word. Dit is egter ondenkbaar dat daar nie minstens 'n deel van die groep is wat die aankope van goedere wat hulle self as luuks beskou, sal besnoei indien hulle lone verlaag word nie.

Dit wil dus tog voorkom asof 'n onmiddellike daling in verkope op 'n algemene loonsverlaging sal volg. Of die daling betekenisvol genoeg sal wees om ondernemers se investeringmoreel en kredietstatus aan te tas, is 'n tweede vraag wat nie hier ter sake is nie, want Viner maak staat op geen daling of minstens 'n daling wat persentueel kleiner is as die daling in lone en dit is, so wil dit voorkom, onwaarskynlik.

Verder dien daarop gelet te word dat daar in die tweede fase van die hersteltydperk nie net op 'n handhawing van verkope nie, maar wel op verhoogde verkope staatgemaak word om die herstelproses aan die gang te hou. Was die oorspronklike "depressietoestand" waarvan Viner uitgaan, niks anders as 'n ligte resessie nie, mag die herstel plaasvind langs die weg deur hom beskryf. Maar so onbuigsam as wat lone vandag is, is dit onwaarskynlik dat 'n algemene loonsverlaging op 'n ligte resessietoestand sal volg.

Daar is dus om bogenoemde redes waarskynlik maar min praktiese ekonomiese wat Jacob Viner se verkoopsgapingmeganisme aan die owerheid sal aanbeveel as 'n praktiese uitweg uit 'n dreigende of heersende depressie.

(c) Hutt se selektiewe loonsverlagings

Prof. Hutt is baie skepties oor die (volgens hom) dubbele rol wat lone in die Keynesiaanse ekonomie vervul, naamlik beide as koste vir die ondernemer en as die bron van effektiwige vraag na goedere en dienste (28, 42). Vir Hutt is lone vir die produsent slegs koste en as koste kan lone (dit is lone wat te hoog vasgestel is) produksie en dus ook indiensneming verminder.

Hutt stel sy beswaar teen die Keynesiaanse siening dat lone ook die bron van die effektiwige vraag na goedere en dienste is, soos volg: "The objection to regarding costs (dit wil sê lone) as a source of demand can be simply stated. The only cost adjustments which defenders of price flexibility advocate are those which must always increase real income, and hence always increase

money income under any system in which the value of the money unit remains constant. If we concentrate attention upon wages, it can be said that, on the reasonable assumption that the growth of real income will not mean a re-distribution against the absolute advantage of the wage-earners, the effect of the wage reductions which are advocated must always mean an increase and not a decrease in aggregate wages received, and hence an increased demand for wage goods" (28, 42).

Die vraag ontstaan dan nou watter loonsverlagings word deur Hutt gepropageer? Hy sê Keynes se probleem is dat hy met globale syfers (makro-ekonomies) gewerk het en gevolglik geglo het loonsverlaging beteken noodwendig 'n algemene loonsverlaging (28, 42-43). Hutt pleit egter nie vir 'n algemene loonsverlaging nie maar wel vir selektiewe loonsverlaging in slegs sekere sektore en/of beroepe van die volkshuishouding. Die seleksie van die sektore en/of beroepe kan volgens hom aan die markmeganisme oorgelaat word (28, 43).

Hutt beweer dan verder dat verhoogde indiensneming van sê skrynwerkers nie direk sal volg op 'n verlaging in die lone van skrynwerkers nie. Dit, reken hy, is onwaarskynlik (28, 43). Wat egter wel sal gebeur is, in sy eie woorde: "Increased employment among carpenters can be most easily induced as the result of wage-rate and price reductions on the part of those persons who ultimately buy the carpenters' services. The assumption is that the reductions result in the release of withheld capacity in the industries which do not compete with carpenters, whilst the increasing flow of products becomes demand through being priced to permit its full sale" (28, 43-44).

In eenvoudiger taal gestel, beteken dit dat indien skrynwerkers se lone verlaag word, die vraag na skrynwerkers se dienste nie onmiddellik sal verhoog nie. Maar die ander ondernemers wat skrynwerkers se dienste koop en vir wie skrynwerker-dienste 'n koste is, se produktepryse sal as gevolg daarvan verlaag kan word. Hulle sal gevolglik die produksie van hulle produkte kan verhoog omdat die pryse van hul produkte nou so laag is dat daar 'n groter vraag daarna sal ontstaan. Gevolglik sal daar by hulle 'n styging in indiensneming plaasvind, wat weer aanleiding sal gee tot 'n styging in algemene vraag na goedere en dienste. Dit sal dan uiteindelik op sy beurt weer aanleiding gee tot verhoogde indiensneming in ander sektore en uiteindelik tot volle indiensneming en dus ook volle indiensneming van skrynwerkers.

Laastens glo Hutt, net soos alle klassieke ekonome, dat werkloosheid in die eerste instansie net kan ontstaan omdat lone buite die markmeganisme om, dit wil sê deur inmenging van die owerheid of vakbonde ensovoorts, te hoog vasgestel is (28, 41).

'n Ander variasie op dieselfde tema lui dat indien loonsverlaging in een sektor plaasvind, die produkte van die sektor goedkoper sal word en die verbruikers gevolglik minder op die sektor se goedere sal spandeer en gevolglik meer geld beskikbaar sal hê om aan ander sektore se goedere te spandeer, met die gevolg dat die vraag na die ander sektore se goedere sal styg en produksie en indiensneming eventueel ook sal styg.

Hierdie argument, wat in wese dieselfde as Hutt s'n is, sal in die geval van 'n geldlose volkshuishouding of selfs in 'n volkshuishouding waar geld 'n absoluut neutrale rol speel, waarskynlik heeltemal korrek wees. Dit hou egter nie steek vir 'n moderne geldeconomie nie. Al twee die variasies van die argument berus in 'n moderne geldeconomie naamlik op die aanname dat 'n vermindering in die prys van een produk, as gevolg van loonsverlagings, tot gevolg sal hê dat daar minder geld op die produk gespandeer sal word, met die gevolg dat daar meer geld beskikbaar sal wees om op ander produkte te spandeer. Dit sal egter slegs die geval wees indien die pryselastisiteit van vraag na die betrokke produk kleiner is as een.

Verder dien daarop gelet te word dat ondernemers produksie en dus ook indiensneming sal uitbrei slegs indien hulle ver wag dat daar 'n voldoende vraag na die betrokke produk sal wees. Die vraag ontstaan dus hoe groot die selek-

tiewe loonsverlaging moet wees, beide in loonskaal en in die totale loonontvangste voordat dit die gevolg sal hê dat ondernemers 'n styging in die vraag na hul produkte sal verwag en of hulle nie dalk juis 'n daling in die vraag sal verwag as gevolg van die loonsverlaging nie. Hutt gee geen direkte antwoord hierop nie.

Verder is dit ook moontlik dat daar ledige kapasiteit kan bestaan in die sektore waarheen die nuutgeskepte vraag hom sal wend en dat daar gevolglik produksieuitbreiding kan plaasvind sonder enige vermeerdering van indiensneming.

Hutt self waarsku ook dat loonsverlagings neerkom op 'n opwaardering van die geldeenheid en dat 'n groot deel van die verbruikerspubliek van hul koopkrag kan terughou, totdat die proses na hul mening voltooi is, wat natuurlik 'n sterk deflasionistiese invloed op indiensneming kan uitoefen (28, 46). Maar dit, reken hy, sonder om te motiveer, is geen rede vir kommer nie (28, 46 voetnota).

Alles in ag genome wil dit voorkom asof selektiewe loonsverlagings nie die geneesmiddel is wat vandag by die owerheid aanbeveel kan word as 'n weg na verhoogde indiensneming nie, veral nie as daarby in gedagte gehou word dat die owerheid van 'n demokratiese land dit maar moeilik sal vind om 'n betekenisvolle loonsverlaging in 'n ander sektor as die staatsdiens self te bewerkstellig. 'n Loonsverlaging vir staatsamptenare sal feitlik nutteloos wees, omdat staatsamptenare min produseer wat deur ander produsente teen 'n verlaagde prys gekoop kan word. Die dienste wat staatsamptenare aan die meeste ander produsente lewer, is bowendien meestal gratis. In die Republiek van Suid-Afrika is spoorvervoer en posdienste 'n uitsondering op die reel. Dit is egter twyfelagtig of die owerheid pos- en spoorwegwerkers se lone sal kan verlaag sonder ernstige diensonderbrekings, wat in sigself 'n depressiewe uitwerking op indiensneming kan hê.

#### 5.4.5 Enkele kritiese opmerkings oor die invloed van lone op indiensneming

Dunlop wys daarop dat beide die klassieke en Keynesiaanse siening van die arbeidsvraagkurwe gebaseer is op die grensproduktiwiteitsteorie (kyk 25, 341 en par. 6.2.2). Daarvolgens is indiensneming 'n dalende funksie van loonkoerse. Lone moet met ander woorde eers daal voordat indiensneming kan styg.

Dunlop beweer egter dat empiriese data daarop dui dat die siening van sake vir 'n toestand van onderindiensneming (werkloosheid hoër as 3%) foutief is (25, 342). Die empiriese data waarna Dunlop verwys, is winskoersstudies, "break-even studies" en studies insake arbeid se aandeel in volksinkome. Volgens die eersgenoemde twee studies styg winste bowendien soos produksie en dus ook indiensneming styg en is dit dus nie nodig om lone eers te verlaag om onderindiensneming te bekamp nie (25, 342-343). Beskikbare gegewens dui volgens Dunlop selfs daarop dat reële lone nog voordat volle indiensneming bereik is, begin styg.

Verder beweer Dunlop dat beskikbare gegewens daarop dui dat arbeid se aandeel van die geproduseerde nasionale inkome neig om te daal soos geproduseerde nasionale inkome styg, maar dat dit neig om konstant te bly as persentasie van nasionale inkome wat uitbetaal word, of as persentasie van persoonlike inkome. Dit is egter volgens Dunlop glad nie verbasend nie, want soos produksie styg sal totale winste as 'n persentasie van inkome styg, terwyl lone as 'n persentasie van inkome sal daal, en aangesien diwidende en rente wat uitbetaal word, neig om redelik stabiel te bly, sal lone as 'n persentasie van inkome uitbetaal nie juis veel verander nie (25, 343).

Op grond van die statistiese data wat hy tot sy beskikking gehad het, het Dunlop die volgende geïdealiseerde verloop van sake beskryf om die verband tussen lone en reële produksie en dus ook indiensneming aan te toon (25, 345):

1 Soos produksie uitbrei, word vaste koste oor 'n groter aantal produkte versprei.

2 Gevolglik sal winste styg.

3 Hoër produksie sal eventueel veranderinge in loonkoerse en produktepryse tot gevolg hê.

4 Reële lone sal egter nie daal nie, mits nominale lone net so vinnig of vinniger as pryse styg.

5 Reële lone kan selfs styg namate arbeid in die verhoogde winste deel wat uit verhoogde produktiwiteit, as gevolg van 'n verhoogde of groot-skaalse produksie voortspruit.

6 Reële lone kan tog styg selfs al styg die aandeel van winste uit geproduseerde inkome ook terselfdertyd.

7 Eers op die hoogste fase van die hoogkonjunktuur sal pryse vinniger as lone begin styg sodat reële lone sal daal.

Dunlop sluit sy betoog, in geen onduidelike terme nie, met die volgende woorde af: "Let it be clear that short of full employment, an increment in output typically increases the wage and profit rates in real (product) terms" (25, 346).

Indien Dunlop se bewerings korrek is, wil dit voorkom asof dit, anders as wat Keynes gemeen het, nie nodig is om reële lone eers na benede te dwing voordat ondernemers bereid sal wees om produksie, en ook indiensneming, uit te brei nie. Dit dien egter in gedagte gehou te word dat daar in die praktyk waarvan Dunlop se statistieke 'n weergawe is, baie ander faktore behalwe lone aanwesig kon gewees het wat daarvoor verantwoordelik kon gewees het dat indiensneming ten spyte van stygende lone toegeneem het. Dit moet in gedagte gehou word dat Keynes 'n statiese toestand veronderstel het wat nie noodwendig die geval was toe Dunlop se statistieke opgeneem is nie. Teoreties mag daar dus tog 'n toestand ontstaan waar dit noodsaaklik sal wees dat reële lone eers sal moet daal voordat die vraag na arbeid sal styg.

Wat die aanbod van arbeid aanbetref, is dit, in 'n toestand van ernstige onderindiensneming, seker nie onredelik om aan te neem dat die aanbod ten spyte van 'n dalende reële loon groot genoeg sal wees om indiensneming te laat styg nie. Soos die volkshuishouding egter nader aan volle indiensneming beweeg, is dit onwaarskynlik dat indiensneming sal aanhou styg ten spyte van 'n dalende reële loon. Champernowne byvoorbeeld betwis dit ten sterkste dat 'n werker meer in sy nominale loon as in sy reële loon geïnteresseerd is (30, 155).

Tweedens word die aandag daarop gevestig dat Modigliani op oortuigende wyse aangetoon het dat, behalwe in die geval van 'n oneindige elastiese likwiditeitsvoorkeur, wat slegs in hoogs uitsonderlike gevalle voorkom, die Keynesiaanse ekonomiese teorie nie aanvaar kan word sonder om lone aprioristies as vas en onbuigsaam te aanvaar nie. Modigliani self stel dit so (32, 168-169) :

I "The liquidity-preference theory is not necessary to explain underemployment equilibrium; it is sufficient only in a limiting case: the 'Keynesian case". In the general case it is neither necessary nor sufficient; it can explain this phenomenon only with the additional assumption of rigid wages.

II The liquidity-preference theory is neither necessary nor sufficient to explain the dependence of the rate of interest on the quantity of money. This dependence is explained only by the assumption of rigid wages.

III The result of the liquidity-preference theory is that the quantity of active money depends not only on the total quantity of money but also on the rate of interest and therefore also on the form and position of the propensities to save and to invest. Hence in a system with flexible wages the rate of interest and the propensities to save and to invest are part of the mechanism that determines the price level. And in a system with rigid wages they are part of the mechanism that determines the level of employment and real income".



Op 'n ander plek stel Modigliani die verband tussen lone, investering en indiensneming soos volg: "It is true that a reduced level of employment and a reduced level of investment go together, but this is not, in general, the result of causal relationship. It is true instead that the low level of investment and employment are both the effect of the same cause, namely a basic maladjustment between the quantity of money and the wage rate. It is the fact that money wages are too high relative to the quantity of money that explains why it is unprofitable to extend employment to the 'full employment' level" (32, 170).

Hierdie uitspraak word deur die anti-Keynesiaanse ekonome gebruik as een van die vernaamste aanvalle op die Keynesiaanse teorie, veral omdat dit van die kant van 'n verklaarde Keynesiaan kom. Maar is dit 'n ernstige klag teen Keynes of is dit juis so dat dit die waarde van Keynes in die tyd waarin ons leef onderstreep? Lê die waarde van Keynes se teorie met ander woorde nie juis daarin dat hy die onbuigsaamheid van lone (oor die kort termyn) en die metode om daarby verby te kom aangetoon het nie?

Dit is wel waar dat dit onwaarskynlik is dat lone oor die lang termyn en te midde van groeiende ernstige werkloosheid nogtans onbuigsaam na benede sal bly en nie sal daal nie. Maar hoe lank is oor die lang termyn? Is dit nie miskien langer as wat die owerheid van 'n moderne Westerse volkshuishouding kan duld nie? Dit is daarom geen wonder dat die meeste Westerse volkshuishoudings se ekonomiese beleid in tye van laagkonjunktuur op die Keynesiaanse aanbevelings geskoei word nie. In die praktyk het dit ook altyd met goeie gevolge vir indiensneming geskied.

Hiermee word egter glad nie beweer dat dit oor die lang termyn noodwendig die beste beleid is nie. Slegs dat dit, veral uit die oogpunt van die politikus in 'n demokratiese land, 'n beleid is wat aanvaarbare resultate lewer sonder om oor die kort termyn te pynlik te wees vir die grootste gedeelte van die bevolking en daarom nie vir die politikus gevare by die stembus inhou nie. Dit is egter nie 'n beleid wat sonder enige skadelike newe-effekte is nie. Die vernaamste van die skadelike newe-effekte is dat dit kruipende of onderdrukte inflasie en lae produktiwiteit tot gevolg kan hê.

Röpke (29, 363-385) byvoorbeeld is van mening dat indien die aanvanklike werkloosheid ontstaan het as gevolg van te hoë lone wat deur magtige vakbonde afgedwing is, dan kan dit nodig word om effektiewe vraag na goedere en dienste voortdurend met behulp van monetêre en fiskale instrumente te stimuleer ten einde volle indiensneming te verkry en te behou. Volle indiensneming also verkry skep egter volgens Röpke weer die klimaat wat gunstig is vir verdere buitensporige looneise deur vakbonde. Die gevolg sal wees 'n voortdurende toestand van kruipende inflasie wat op sy beurt weer beheermaatreëls sal verg om te verhoed dat dit nie hand-uit ruk nie. 'n Verdere gevolg van kruipende inflasie is dat 'n land se internasionale handel in gevaar kom omdat sy uitvoer-goedere hul kompeterende posisie op die internasionale markte kan verloor. Röpke skryf in dié verband: "One must realize, in fact, that one of the most indispensable parts of a system of sustained 'full employment' (dit is volle indiensneming verkry volgens die Keynesiaanse voorskrifte), with its inflationary pressure and its machinery of collectivist repression, must be exchange control- which may be defined as a policy of defending a 'wrong' exchange rate by police force" (31, 382).

Röpke waarsku ook daarteen dat voortdurende volle indiensneming ernstige nadelige gevolge sal hê vir arbeids- en industriële produktiwiteit en ekonomiese ontwikkeling (31, 379).

Daar is egter ook 'n ander kant van die saak wat deur Schreiber as volg gestel word: "Badly-informed employers sometimes put forward the view that 'a little unemployment can do no harm' because labour morale is then higher and the number of sick workers lower. Unfortunately, word has not yet got around, either among trade unions or among employers, that 'a little unemployment' also cuts down, uno actu, entrepreneurial profits - i.e. that both parties to collective wage agreements have a strong common interest in a situation

which gives the one party full employment, but from the same causative connection also gives the other party full boom conditions" (33, 211).

Laastens bly dit 'n ope vraag of daar vandag enige ander beleidsinstrumente as die sogenaamde Keynesiaanse instrumente vir 'n Westerse demokratiese owerheid oorbly waarmee hy werkloosheid kan bekamp. Soos gesien is daar wel ekonome (Hutt, Modigliani, Röpke en andere) wat volhou dat enige volkshuishouding met ten volle buigsame lone wel uiteindelik na volle indiensneming toe sal beweeg. Maar hoe lank sal dit neem? Sal die volk die prys wat intussen betaal moet word (werkloosheid) sonder meer aanvaar? Is daar nog owerhede wat bereid is om die moontlike gevolge van so 'n beleid by die stembus die hoof te bied?

Dit skyn ook twyfelagtig te wees of buigsame (dalende) lone in ons huidige tydsgewrig so maklik teweeggebring kan word, selfs onder 'n toestand van aansienlike werkloosheid. Hou in gedagte dat die ontberings wat werkloosheid vroeër meegebring het, vandag sodanig deur betalings uit werkloosheidsversekerings- en ander bestaansbeveiligingsfondse versag is, dat daar vandag diegene is wat werkloosheid as 'n beroep verkies.

## 5.5 DIE INVLOED VAN LONE OP AFSONDERLIKE ONTWIKKELING

### 5.5.1 Inleiding

In paragraaf 5.2.3 is die beleid van afsonderlike ontwikkeling van bevolkingsgroepe genoem as een van die grensvoorwaardes wat die welvaartspeil in die Republiek van Suid-Afrika in die een of ander mate beïnvloed. In hierdie afdeling sal gepoog word om die invloed van afsonderlike ontwikkeling op die welvaartsvraagstuk en die rol wat lone daarin speel, nader te ondersoek.

Wanneer hier oor afsonderlike ontwikkeling besin word, word die beleid as van buite gegewe aanvaar. Verder word vir doeleindes van hierdie studie ook aanvaar dat dit vir die suksesvolle uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling noodsaaklik is dat migrasie van Bantoes vanaf die Bantoetuislande na die Blanke gebiede toe stopgesit en uiteindelik omgekeer sal moet word in 'n migrasiestroom van Bantoes vanaf die Blanke gebiede na die Bantoetuislande toe. Hierdie is normatiewe aangeleenthede wat streng gesproke buite die bevoegde gebied van die ekonoom val.

Die implementering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en sekere aspekte daarvan soos Bantoemigrasie, stel egter eise aan ekonomiese beleid en meer bepaald, vir soverre dit hierdie studie aangaan, aan die owerheid se loonbeleid, en daaraan behoort hier wel aandag gegee te word.

### 5.5.2 Die invloed van afsonderlike ontwikkeling op die welvaartsvraagstuk

Dit is nie die doel om in hierdie afdeling 'n volledige uiteensetting te gee van die aard of omvang van die invloed wat afsonderlike ontwikkeling op die welvaartspeil van die volkshuishouding uitoefen nie. Dit word as voldoende beskou om daarop te wys dat die Bantoe 'n rol speel in die produksie van goedere en dienste in die Republiek van Suid-Afrika en in die besonder in die Blanke gebiede daarvan. In 1960 was 68 persent van die ekonomies bedrywige bevolking Bantoes (kyk par. 2.1.2). Dit is heeltemal duidelik dat die Blanke deel van die volkshuishouding nie ongestoord kan bly voortbestaan indien alle Bantowerkers meteens daaruit weggeneem sal word nie.

Verder is dit ook duidelik dat ekonomiese ontwikkeling van die Republiek van Suid-Afrika wat in die verlede tot 'n groot mate ekonomiese ontwikkeling van die Blanke gebiede beteken het, (kyk onder andere Schumann en Franszen 55,65-68) grootliks gesteun het op die migrasie van Bantoearbeiders vanaf die Bantoetuislande na die Blanke gebiede. Van der Merwe bereken byvoorbeeld dat daar tussen 1960 en 1970 jaarliks tussen 40 800 en 38 300 nuwe Bantowerkers vanuit die Bantoetuislande tot die land se arbeidsmag toegetree het (45, 27). Dit kan geredelik aanvaar word dat 'n groot persentasie van hulle tans in die Blanke gebiede ekonomies bedrywig is en daar aktief bydra tot die produksie van goe-

dere en dienste oftewel welvaart.

Indien dit verder in gedagte gehou word dat daar alreeds sprake van 'n arbeidstekort in die Blanke gebiede is (kyk bv. 56, 27 en "Clear labour picture" in die Financial Mail van 25 September 1970) en dat dit, hoewel nie onmoontlik nie, tog moeilik sal gaan om ekonomiese ontwikkeling in die Blanke gebiede op die huidige peil te handhaaf sonder die stroom van Bantoearbeiders vanaf die Bantoe-tuislande, dan is dit duidelik dat die welvaartspeil van die Blanke gebiede of minstens die gunstige koers waarteen dit in die verlede toegeneem het, deur afsonderlike ontwikkeling van bevolkingsgroepe in gevaar gestel kan word, alhoewel dit nie noodwendig so is nie.

Daar kan ook nie sonder meer aanvaar word dat die beplande ekonomiese ontwikkeling van die Bantoe-tuislande in alle opsigte sal vergoed vir 'n moontlike vermindering in die tempo van ekonomiese ontwikkeling in Blanke gebiede nie. Indien die tempo van ekonomiese ontwikkeling in die Blanke gebiede byvoorbeeld sou daal tot benede die tempo van die bevolkingsaanwas in die Blanke gebiede, kan dit 'n verlaging in die per capita-welvaartspeil van die inwoners van die Blanke gebiede beteken wat op sy beurt tot ontevredenheid en selfs onrus onder die Blankes self kan lei.

Dit sal daarom nodig wees om die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoe-tuislande so te beplan dat dit nie groot inbreuk op die welvaart van die Blankes maak nie, anders sal die meerderheid van die Blankes die beleid dalk nie meer aksepteer nie.

Dit is met die oog op die bogenoemde komplikasies wat aan die uitvoering van die beleid verbonde is, dat die vestiging van nywerhede in die grensgebiede, wat maar net 'n baie bepaalde vorm van nywerheidsdesentralisasie is, so 'n belangrike rol in die toekoms van die beleid speel. Grensgebiednywerhede is naamlik in staat om aan die Bantoe wat binne sy eie tuisland woon, werk te verskaf sonder dat dit die ekonomiese ontwikkeling van die Blanke gebied en die per capita-welvaartspeil van die Blanke self in gevaar stel.

Dit moet ook in gedagte gehou word dat die Bantoe in 'n groot mate op die Blankes aangewese sal wees vir die nodige kapitaal, tegniese en ondernemerskennis (know-how), geskoolde en selfs halfgeskoolde arbeid om ekonomiese ontwikkeling, veral nywerheidsontwikkeling, van hul tuislande van stapel te stuur. Om dit te kan verskaf, sal die Blanke gebiede self redelik welvarend moet wees. 'n Arm land het min kapitaal en kennis om aan 'n ander arm land te gee.

Uit bostaande blyk dat die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoe-tuislande eerstens perke stel aan die welvaartsverhoging van die Blanke self en tweedens nie sonder 'n redelik welvarende Blanke gemeenskap kan plaasvind nie. Die beplanners van ekonomiese ontwikkeling van die Bantoe-tuislande sal met ander woorde steeds sorg moet dra dat die beplande ontwikkeling van die Bantoe-tuislande nie die welvaartspeil van die Blankes te veel aantast nie, want indien dit die geval is, sal die beplande ekonomiese ontwikkeling van die Bantoe-tuislande in homself die saad van sy eie mislukking omdra.

### 5.5.3 Die invloed van lone op Bantoe migrasie vanaf die Bantoe-tuislande na die Blanke gebiede

Van der Merwe beweer dat die Bantoe arbeidsmark in die metropolitaanse gebiede gekenmerk word deur 'n groot en onelastiese vraag terwyl die aanbod vir populêre bedryfstakke redelik groot en onelasties is maar klein en elasties vir onpopulêre bedryfstakke. Aan die anderkant beweer hy dat die arbeidsmark in die Bantoe-tuislande gekenmerk word deur 'n groot en elastiese aanbod (48, 45-46). Die vraag na Bantoe arbeid binne die Bantoe-tuislande self is redelik klein. Die gevolg van sulke marktoestande is natuurlik dat die heersende Bantoe lone op die metropolitaanse arbeidsmarkte aansienlik hoër sal wees as op die arbeidsmarkte van die Bantoe-tuislande.

Van der Merwe bereken verder dat daar vanaf 1970 tot 1980 jaarliks tussen 45 400 en 52 500 nuwe Bantoe werkers in die Bantoe-tuislande tot die arbeidsmark

sal toetree (45, 27).

Met arbeidstoestande soos hierbo beskryf, is dit duidelik dat die genoemde vermeerdering van die arbeidsmag 'n aansienlike potensiële stroom van migrante vanaf die Bantoetuislande na die Blanke gebiede vorm. Maar watter faktore dra daartoe by dat 'n Bantoe besluit om van sy tuisland af na 'n Blanke gebied te emigreer? Lombard (47, 16) beweer dat dit ekonomiese kragte is wat die migrasiepatroon bepaal. Op 'n ander plek (49, 88) beweer hy dat "die emigrasie-potensiaal in die (Bantoe-) gebiede op 'n bepaalde moment 'n funksie is van die huidige bevolking, die huidige peil van persoonlike (of familie-) inkomste in die gebiede, die Bantoe se kulturele gehegtheid aan sy gebiede (wat tans blykbaar baie laag is) die reaksie van die individuele Bantoe-arbeider op 'n verwagte styging in persoonlike inkome in die gebiede ('n reaksie wat op sy beurt 'n funksie is van loonstygings in die Blanke gebiede) en die gemiddelde opbrengs van die gebiede per arbeider." Ook Van der Merwe beklemtoon dat daar verskeie redes is waarom 'n Bantoe werker gretig is om werk in 'n metropolitaanse gebied te kry (48, 46).

Dit wil dus voorkom asof lone of meer spesifiek loondifferensiale tussen die Blanke gebiede en Bantoetuislande nie die enigste faktor is wat 'n Bantoe werker oorreed om na 'n Blanke gebied toe te emigreer nie. Loondifferensiale bestaan wel en is gevolglik wel 'n faktor wat daartoe bydra dat die migrasiestroom tans van die Bantoetuislande na die Blanke gebiede toe vloei.

Om die bestaande en ongewenste migrasiepatroon van die Bantoe om te keer, sal dit gevolglik onder andere nodig wees om die nodige stappe te doen om die vraag na Bantoe arbeid in die tuislande en grensgebiede sodanig te verhoog dat die loon wat in die tuislande aangebied sal word, hoër is as dié wat in die Blanke gebiede aangebied word. Hoe groot die verskil tussen die tuislandloon en die loon in die Blanke gebiede moet wees om die migrasiepatroon om te keer, sal afhang van die relatiewe sterkte van die ander faktore wat 'n rol speel by die Bantoe se besluit om vanaf sy tuisland na die Blanke gebied te migreer.

Dit is egter duidelik dat indien die ander faktore wel 'n positiewe rol speel, die loon wat in die tuislande aangebied word, in dieselfde mate groter sal moet wees as die loon wat in die Blanke gebiede aangebied word.

#### 5.5.4 Die invloed van lone op die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande

In die vorige paragraaf is beweer dat dit noodsaaklik is om die nodige werkgeleenthede in die Bantoetuislande te skep wat daarvoor sal sorg dat die huidige migrasiestroom vanaf die Bantoetuislande na die Blanke gebiede toe omgekeer sal word.

Die vraagstuk van hierdie paragraaf is watter rol lone in hierdie proses van werkgeleenthedskepping kan speel. Indien onthou word dat die behoorlike ontwikkeling van die landbou in die Bantoetuislande onder andere vereis dat daar 'n groot getal persone uit die landbou na stede toe onttrek sal moet word (kyk Reynders 46, 125) dan is dit duidelik dat die grootste persentasie van die verlangde werkgeleenthede in die geval van die meeste Bantoetuislande met behulp van nywerheidsontwikkeling geskep kan word. Maar hoe kan nywerheidsontwikkeling in die Bantoetuislande aan die gang gekry word? Indien onthou word dat alle produksie van goedere en dienste, ook nywerheidsproduksie, plaasvind deur die samewerking van die vier produksiefaktore – natuurbronne, arbeid, kapitaal en ondernemerstalent – dan sal besef word dat die Bantoetuislande minstens een van die vier volop en goedkoop beskikbaar sal moet stel om nywerhede na hulle toe te lok.

Dit kan aanvaar word dat die owerhede van sowel die Republiek van Suid-Afrika as van die Bantoetuislande in die een of ander mate kapitaal en ondernemerstalent vir die doel sal mobiliseer en aanwend. Die doel van hierdie afdeling van hierdie studie is egter om oor die rol van lone, afgesien van enige owerheidsinmenging in die vestiging van nywerhede in die Bantoetuislande te besin.

Indien die situasie met betrekking tot die beskikbaarheid van produksie=faktore soos dit tans in die Bantoetuislande bekend is, ontleed word, dan blyk dit dat die grondstofposisie nog onbekend is. In die Noord-Sotho- en Zoeloe=tuislande is daar waarskynlik 'n mynboupotensiaal van onbekende grootte (47, 19) terwyl die landbou, indien dit behoorlik ontwikkel word, ook vir 'n onbeken=de hoeveelheid grondstowwe kan sorg. In die geheel lyk die prentjie wat grond=stowwe aanbetref sover bekend egter nie baie rooskleurig nie.

Kapitaal uit eie bronne is ook redelik skaars in die Bantoetuislande. Reynders het in 1957 in dié verband al tot die gevolgtrekking gekom dat "hoewel die interne bronne van kapitaalvorming nie te versmaai is, die vooruit=sigte vir 'n relatief lang termyn nie te gunstig is nie" (50, 129). Verder kan dit aanvaar word dat die Bantoe in die tuislande se grensverbruiksgeneigd=heid besig is om te vergroot vanweë sy voortdurende aanraking met die Blanke (46, 130). Die gevolg is natuurlik dat die Bantoe vrywillig baie min uit sy persoonlike inkomste sal spaar. Dit blyk dus dat indien kapitaalvorming in die Bantoetuislande versnel wil word, maatreëls getref sal moet word om ver=pligte besparing teweeg te bring. Dit kan gedoen word deur persoonlik inkome, waaronder lone, laag te hou. Die gevolg sal wees dat persoonlike verbruik sal daal en dat winste sal styg. Aangesien daar meer uit winste as uit lone ge=spaar word, sal kapitaalvorming versnel word (kyk Van den Bogaerde 44, 344).

Nog 'n produksiefaktor, ondernemerstalent, is volgens alle beskikbare inligting ook maar skaars in die Bantoetuislande. In 1957 het Reynders byvoor=beeld beweer dat 'n aansienlike tyd sal moet verloop alvorens die Bantoevolke self die nodige ondernemers vir nywerheidsontwikkeling sal kan verskaf (46, 135). Dit is twyfelagtig of die posisie in 1971 veel beter is.

Dit blyk dus dat die Bantoetuislande 'n groot persentasie van drie van die vier produksiefaktore sal moet invoer indien hulle ekonomiese ontwikkeling en veral nywerheidsontwikkeling in die Bantoetuislande betekenisvol wil versnel. Die enigste produksiefaktor wat hulle kan aanbied om die ander drie te lok, is ongeskoolde arbeid. Vir versnelde nywerheidsontwikkeling in die Bantoetuis=lande sal daar met ander woorde volop en goedkoop arbeid beskikbaar gestel moet word om ondernemers met kapitaal en grondstowwe daarheen te lok. Ongeskoolde arbeid sal wel volop wees indien die stroom van emigrasie na die Blanke gebiede toe stopgesit of omgekeer kan word. Soos in die vorige paragraaf aangetoon is, vereis die stopsit en omkering van die emigrasiestroom dat lone in die Bantoe=tuislande hoog sal wees. Hoë lone sal ook nodig wees om geskoolde arbeid daarheen te lok (kyk ook par. 5.7.2 E).

Voorgaande het ons dus voor 'n teenstrydigheid te staan gebring, naamlik dat lone in die tuislande laag sal moet wees om die ondernemers, grondstowwe en kapitaal wat vir ekonomiese ontwikkeling noodsaaklik is, daarheen te lok. Lone sal ook laag gehou moet word om interne kapitaalvorming te bevorder. Aan die ander kant sal lone hoog moet wees om geskoolde arbeid daarheen te lok en om die emigrasiestroom na die Blanke gebiede toe stop te sit en om te keer.

Die oplossing uit die dilemma skyn voor=die=hand=liggend te wees en is onder andere in 1970 deur Terblanche (51, 87) op die kongres van die Suid=Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede voorgestel. Dit is naamlik moontlik om lone as arbeidskoste vir die werkgewer/nyweraar in die Blanke gebiede aan=sienlik te verhoog deur hom 'n loonbelasting op te lê. Die loon as inkomste vir die werker word daardeur nie verhoog nie. Dit kan die gevolg hê dat lone in Bantoetuislande vir die nyweraar/ondernemer baie aantrekliker sal voorkom en hy so oorreed kan word om toekomstige uitbreidings van sy ondernemings in die Bantoetuislande of grensgebiede te vestig.

Die loonbelasting wat so geï= word, kan aangewend word om die sosiale koste van produksie (kyk par. 5.6) te dek, of daar kan nog verder gegaan word deur dit as loonsubsidie in die Bantoetuislande aan nyweraars of aan die werkers self te betaal. Dit sal die loon as inkome in die Bantoetuislande vir die werker verhoog sonder om loon as koste vir die nyweraar te verhoog.

Op dié manier kan lone so gemanipuleer word dat dit beide die ondernemer met sy nywerhede en die Bantoearbeider na die tuislande toe sal lok. Ongelukkig egter sal so 'n maatreël die gevolg hê dat die produksiekoste van goedere en dienste in die Blanke gebiede opgestoot word. Die produsente wat kan, sal die verhoogde koste op die verbruiker afskuif, wat op sy beurt weer die welvaartspeil van die bevolking sal aantas.

## 5.6 DIE "EWEREDIGE" VERDELING VAN VOLKSINKOME ONDER DIE BEVOLKING

### 5.6.1 Algemeen

In 'n kapitalistiese volkshuishouding waar daar volmaakte marktoestande heers, bestaan daar geen aparte meganisme wat die verdeling van die geproduseerde goedere en dienste onder die subjekte van die volkshuishouding reël nie. Die verdeling geskied gedurende die proses van produksie (12, 202) en die grootte van elke subjek se aandeel word deur die prysmeganisme bepaal (13, 318). Lombard wys in dié verband daarop dat een van die drie belangrike vrae wat enige volkshuishouding moet beantwoord, naamlik hoe daar geproduseer moet word, so nou verbonde is aan die vraag vir wie daar geproduseer moet word, dat die teorie van produksie in werklikheid 'n integrale deel van die verdelingsleer uitmaak (13, 319).

Dit moet egter onthou word dat volmaakte marktoestande eintlik net in die teorie bestaan. Institusionele inmenging in die marktoestande het tot gevolg dat die werklike verdeling van die volksinkome aansienlik verskil van wat dit onder volmaakte marktoestande sou gewees het. Dink in dié verband byvoorbeeld aan differensiële belasting, progressiewe belastingskale, subsidies, ouderdomspensioene, prysbheer en ander maniere waarop die owerheid in die inkomeverdeling wat op grond van die markmeganisme tot stand kom, ingryp in 'n poging om 'n herverdeling tot stand te bring. Maar weer eens is dit 'n normatiewe aanleentheid waaroor die ekonoom hom nie behoort uit te laat nie, behalwe om indien hy daarom gevra word, op die gevolge daarvan te wys of om die wenslikste metodes om 'n bepaalde herverdeling te bewerkstellig aan te beveel.

### 5.6.2 Persoonlike en funksionele verdeling van die Volksinkome

Met betrekking tot die verdeling van die volksinkome is daar sprake van òf 'n persoonlike òf 'n funksionele verdeling. By die persoonlike verdeling gaan dit oor hoe die goedere en dienste tussen die verskillende individue van die volkshuishouding verdeel word. So byvoorbeeld kan gevra word hoeveel kry die Oppenheimers en hoeveel die Brinks? Die persoonlike verdeling van die volksinkome hang egter meestal ten nouste saam met die verdeling van besitting (grond en kapitaal) wat op sy beurt weer eerder histories as ekonomies te verklaar is.

By die funksionele verdeling van die volksinkome word daar gelet op die relatiewe aandeel wat elk van die vier produksiefaktore wat aan die produksie van die ekonomiese goedere en dienste deelgeneem het, ontvang. Trouens, in 'n geslote volkshuishouding sal die volksinkome bereken kan word deur slegs die ontvangstes van die besitters van die vier produksiefaktore te wete grond, arbeid, kapitaal en ondernemerstalent bymekaar te tel.

Die vernaamste teorieë wat die funksionele verdeling van die volksinkome probeer verklaar, is reeds in hoofstuk 3 bespreek en sal nie weer hier herhaal word nie. Daar dien egter wel op gewys te word dat arbeid se aandeel in die volksinkome oor die lang termyn tussen twee grense kan varieer. Die onderste grens is die blote bestaansloon, dit wil sê die loon wat die werker in staat sal stel om homself en sy gesin net aan die lewe te hou en om 'n gesin te hê wat so groot is dat die arbeidersklas se getalle oor die jare heen net konstant sal bly (kyk par. 3.2). Die boonste grens word, weer eens oor die lang termyn, bepaal deur die waarde van die werker se grensprodukt, dit wil sê deur die grensgeldopbrengs van arbeid (kyk par. 3.4). Oor die kort termyn kan lone wel buite hierdie twee grense beweeg.

### 5.6.3 Herverdeling van die Volksinkome

Daar moet onthou word dat die som van alle reële inkome van alle subjekte van 'n (geslote) volkshuishouding in 'n bepaalde periode (dit wil sê staties gesien) gelyk is aan alle goedere en dienste wat in die bepaalde periode in die volkshuishouding geproduseer is. Hoe die geproduseerde goedere en dienste ook al oorspronklik tussen die subjekte van die volkshuishouding verdeel was, kan dit nie vermeerder word deur dit te herverdeel nie. Die totale welvaart van die volkshuishouding kan met ander woorde, staties gesien, nie vermeerder word deur 'n herverdeling van die geproduseerde goedere en dienste nie. Die enigste manier om die nasionale welvaart, staties gesien, te verhoog, is om die produksie van goedere en dienste te verhoog. Dinamies gesien is dit natuurlik wel moontlik om die welvaartspeil van die volkshuishouding deur 'n herverdeling van die volksinkome te verhoog of te verlaag (kyk par. 5.3.2). Indien die verdeling wat op grond van markkragte, ekonomiese wetmagtigheide en heersende politieke klimaat en sosiale omstandighede tot stand kom, egter so skeef is dat dit na die mening van die owerheid die basiese oorsaak van armoede by 'n sekere deel van die bevolking is, of indien die owerheid om watter rede ook al van mening is dat 'n ander verdeling as die heersende tot die voordeel van die volkshuishouding as geheel sal strek, kan die owerheid ingryp om 'n herverdeling teweeg te bring. Dit moet egter duidelik begryp word dat 'n herverdeling beteken dat bestaande inkome, in die vorm van bestaande beskikingsmag oor ekonomiese goedere en dienste van sekere subjekte weggeneem moet word en na ander subjekte gekanaliseer moet word.

'n Herverdeling van die volksinkome kan natuurlik ook ten koste van lae inkomstegroepe en ten gunste van die hoër inkomstegroepe wees. Kirschen en andere wys daarop dat 'n aantal regerings al stappe gedoen het om die verskil tussen die inkomste van hoë en lae inkomstegroepe nog verder te vergroot (53, 14). Die rede vir so 'n stap is gewoonlik die wenslikheid van kapitaalvorming teen 'n sneller tempo (kyk par. 5.3.2). 'n Herverdeling van inkomste kan op verskillende maniere gedoen word. Die enigste een van die maniere wat egter hier ter sake is, is loonbeheer, dit wil sê die beheer van òf die minimumlone òf die maksimumlone.

## 5.7 DIE HERVERDELING VAN DIE VOLKSINKOME DEUR MIDDEL VAN DIE VASSTELLING VAN 'N STATUTÊRE MINIMUMLOON

### 5.7.1 Inleiding

Omdat die vasstelling van 'n minimumloon oënskynlik so 'n maklike manier is om die klein persentasie werkers wat die laagste lone ontvang, se inkomste tot 'n leefbare peil te verhoog, is dit 'n baie gewilde metode om 'n herverdeling van die volksinkome teweeg te bring. Die meeste geïndustrialiseerde lande van die wêreld het dan ook 'n minimumloonwet van die een of ander aard op hul wetboeke (2, 525). Soms word daar 'n algemene minimumloon vir alle werkers van alle rasse en geslagte in alle beroepe in alle geografiese streke en ekonomiese sektore van die volkshuishouding voorgeskryf. In so 'n geval word daar van 'n algemene minimumloon gepraat. Indien die voorgeskrewe minimumloon egter slegs op sommige sektore, beroepe ensovoorts betrekking het, sal daar van 'n selektiewe minimumloon gepraat word.

In die Republiek van Suid-Afrika is daar wel wetgewing wat vir die vasstelling van minimumlone voorsiening maak. Die bepalings van die Loonwette van 1925 tot 1957 maak voorsiening vir die vasstelling van 'n selektiewe minimumloon vir bepaalde beroepe in bepaalde bedrywe ongeag die ras van die werkers (12, 34-35). Die gevolg hiervan is volgens Lombard en Stadler dat werk in die Republiek van Suid-Afrika dikwels op 'n rassegrondslag ingedeel is (12, 35). Dit beteken dat die beter besoldigde betrekkings wat meestal geskoolde arbeid vereis, hoofsaaklik deur Blankes en die swakker besoldigde betrekkings vir veral ongeskoolde werkers hoofsaaklik deur Bantoes gevul word, selfs waar daar nie werkreservering is nie (kyk par. 2.1.2 en Lombard en Stadler 12, 35).

'n Verdere feit wat met betrekking tot minimumloonargumente in gedagte gehou moet word, is die groot verskil wat daar in die Republiek van Suid-Afrika

bestaan tussen die lone van geskoolde en ongeskoolde werkers. Waar die geskoolde werker se loon in Europa volgens Steenkamp gewoonlik 20-30 persent hoër as dié van die ongeskoolde werkers is, is dit in die Republiek van Suid-Afrika gewoonlik van 400-600 persent hoër (6, 100). Waar algemene minimumloonwetgewing gewoonlik gemik is op die onderste 1 tot 2 persent van die werkers wat die laagste loon verdien (3, 513) beteken dit dus dat 'n algemene minimumloonwet wat net op die 1 tot 2 persent van die werkers in die Republiek van Suid-Afrika wat die laagste loon verdien, gemik is, slegs betrekking sal hê op Bantoewerkers. Minimumloonwetgewing wat ook op Blanke werkers se lone gemik is, sal daarom vir differensiële lone vir Blanke- en Bantoewerkers voorsiening moet maak, in welke geval dit nie meer as 'n algemene minimumloon bestempel kan word nie, of andersins sal dit so hoog vasgestel moet word dat dit omtrent alle Bantoewerkers se lone met 400 tot 600 persent sal opskuif. Aangesien laasgenoemde alternatiewe onprakties is, en 'n differensiële minimumloon sal beteken dat die laer besoldigde halfgeskoolde Bantoewerker die hoër besoldigde geskoolde Blanke werker uit baie betrekkings sal uitdruk (kyk 2, 35 en 4, 57), beteken dit dat die enigste algemene minimumloon wat in die Republiek van Suid-Afrika onder heersende omstandighede vasgestel kan word, vir alle praktiese doeleindes slegs op die Bantoewerkers betrekking sal hê. Steenkamp wys egter daarop dat die Blanke werker in die Republiek van Suid-Afrika nie juis behoefte aan 'n algemene minimumloon het nie, omdat sy skaarsheidswaarde daarvoor sorg dat sy loon hoog genoeg is om te verseker dat hy nie onder die broodlyn leef nie (14, 97).

#### 5.7.2 Argumente ten gunste van 'n algemene minimumloon

Volgens Kaun (15, 137) is die belangrikste redes vir die statutêre vasstelling van 'n algemene minimumloon die volgende:

- (a) Om 'n leefbare (decent) loon vir alle werkers te verseker.
- (b) Om onregverdigte kompetisie van die kant van fabrikante wat standaardlone betaal, uit te skakel.

Ander argumente wat ten gunste van 'n algemene minimumloon genoem word, is die volgende:

(c) Dit elimineer armoede, onregverdigte diskriminasie en monopoliewinste, wat almal die gevolg is van die reeds genoemde tekortkominge van die arbeidsmark (kyk par. 2.2.10) (2, 525 en 3, 507).

(d) Dit bevorder arbeidsproduktiwiteit deurdat dit die laagbesoldigde werkers se vermoë en motivering om hard te werk gunstig beïnvloed (3, 507 en 5, 203-204 en 7, 37 en 9, 42-43).

(e) Dit sal die effektiewe vraag na goedere en dienste sodanig verhoog dat dit ondernemers se produksie of omset en gevolglik ook hul wins en indiensneming sal verhoog (5, 207).

(f) Dit verhoog indiensneming by monopsonistiese werkgewers (5, 201).

#### 5.7.3 Argumente teen 'n algemene minimumloon

(a) Die belangrikste argument teen 'n minimumloon is dat dit werkgeleentheid, veral vir ongeskoolde werkers, inkort (11, 95 en 10, 421 en 14, 88).

(b) 'n Baie belangrike beswaar in die Republiek van Suid-Afrika is dat 'n algemene minimumloon die ontwikkeling van die onderontwikkelde gebiede van die Republiek van Suid-Afrika (dit is die tuislande) sal vertraag (14, 90-91, 15, 137 en 7, 39).

(c) 'n Derde belangrike beswaar is dat die verhoogde loonontvangste van die werkers tot kostedrukinflasie sal lei aangesien daar nie 'n gelyke verhoogde produksie van goedere en dienste sal wees om die verhoogde loonontvangstes te balanseer nie (5, 207, 7, 39, 9, 42 en 6, 117).

(d) 'n Ander beswaar teen 'n algemene minimumloon wat veral vir die Republiek van Suid-Afrika as goudprodusent geld, is dat dit betalingsbalansprobleme kan veroorsaak (7, 39 en 9, 42).



(e) Minimumloonwetgewing kan skynbaar maklik ontduik word. (In die Verenigde State van Amerika was daar aan die begin wydverspreide ontduiking van die bepalings van die "Fair Labor Standards Act.") (2, 528).

#### 5.7.4 'n Kritiese bespreking van enkele van die argumente teen en ten gunste van 'n algemene minimumloon

(a) 'n Belangrike argument ten gunste van 'n minimumloonbeleid is dat werkgeleenthede by monopsonistiese werkgewers daardeur uitgebrei kan word.

Teoreties kan bewys word dat, indien daar monopsonistiese toestande op die arbeidsmark heers en 'n ondernemer as gevolg daarvan monopsoniewinste maak, dit moontlik is om werkgeleentheid uit te brei deur lone statutêr te verhoog (kyk Katzen 5, 201-202 en Lester 3, 527). Daar kan egter van monopsonistiese toestande op die arbeidsmark slegs sprake wees indien die betrokke werkgewer (of groep werkgewers wat saamspan) vir so 'n groot persentasie van die vraag na arbeid verantwoordelik is dat hy (hulle), deur sy (hulle) vraag uit te brei of in te krimp, 'n wesentlike invloed op die arbeidsmark kan uitoefen. 'n Groot werkgewer soos die goudmynbedryf, die S.A.S & H of 'n provinsiale onderwysdepartement bevind hom in die Republiek van Suid-Afrika miskien in so 'n posisie.

Daar moet egter onthou word dat dit slegs sal geld vir die monopsonis wat in staat is om 'n loon wat laer is as die loon wat onder suiwer konkurrensie tot stand sou kom, te betaal. In so 'n geval sal 'n minimumloonbeleid ook nie inflasionisties wees nie omdat die groter inkome van die werkers gebalanseer sal word deur die verhoogde produksie, of omdat die hoër lone eenvoudig uit die monopsonis se monopsonistiese winste betaal sal word. Maar daar moet ook in gedagte gehou word dat wanneer 'n minimumloon statutêr vasgestel word, dit vir alle werkers geld en nie net vir die wat in diens van monopsoniste is nie. Die kans is ook baie groot dat daar slegs 'n klein persentasie van die volkshuishouding se arbeidsmag in diens van monopsoniste sal wees en dat daar dus nie op die gronde beweer kan word dat 'n algemene minimumloon tot die verhoging van werkgeleentheid sal lei nie.

(b) Van die belangrikste besware teen 'n statutêr vasgestelde algemene minimumloon is eerstens dat dit, waar werkgewers nie monopsonistiese winste maak nie, werkgeleenthede vir veral ongeskoolde werkers sal inkort, tweedens dat dit in elk geval nie in sy doel sal slaag nie want dit sal slegs die nominale loon verhoog terwyl inflasie en werkloosheid daarvoor sal sorg dat die totale reële lone van alle werkers òf sal daal òf minstens konstant sal bly, en derdens dat dit via inflasie tot betalingsbalansprobleme sal lei.

Die eerste beswaar berus op die grensproduktiwiteitsloonteorie (kyk par. 3.4). Daar word naamlik beweer dat indien die statutêre algemene minimumloon hoër is as die werker se grensgeldopbrengs, die indiensneming van sulke werkers ingekort sal word tot op die punt waar die vasgestelde minimumloon weer gelyk is aan die werker se grensgeldopbrengs (5, 198-199).

Katzen (5, 203) beweer egter dat dit slegs die geval sal wees indien daar aan drie belangrike aannames voldoen word. Die aannames is eerstens dat die grens-fisiese produktiwiteit van arbeid konstant bly, tweedens dat die grens-fisiese produktiwiteit van alle ander produksiefaktore konstant bly en derdens dat die vraag na die produkte wat die werkers produseer, konstant bly. Katzen betoog dan verder dat nie een van die drie aannames in die geval van 'n algemene minimumloon vir Bantoearbeid in die Republiek van Suid-Afrika geldig is nie (5, 203-207). Eerstens is hy van mening dat die verhoogde inkome beide die Bantoe se vermoë en sy motivering om hard en doeltreffend te werk, so gunstig sal beïnvloed dat die Bantoe se produktiwiteit nie konstant sal bly nie maar sal styg (5, 203-204).

Steenkamp (6, 114) en Viljoen (7, 37) is ook van mening dat hoër lone die Bantoearbeider se produktiwiteit sal kan laat styg. Horwood betwyfel egter die geldigheid van die argument, aangesien dit volgens hom ewe moontlik is dat

produktiwiteit wel kan styg maar met 'n kleiner persentasie as wat lone gestyg het (8, 125).

Ervaring in die Verenigde State van Amerika na die vasstelling van die minimumloon onder die Fair Labor Standards Act in 1956 en 1961 het volgens Lester (3, 517 en 525) en Reynolds (2, 527) getoon dat produktiwiteit in die meeste gevalle wel aansienlik opgeskuif kan word. Dit wil egter voorkom asof dit in die meeste gevalle nie soseer aan die gewilligheid en vermoë van die werkers om harder te werk te danke was nie, maar veel eerder aan beter bestuur en metodes en 'n groter mate van meganisasie.

Steenkamp is bowendien van mening dat indien werkgewers in die oggend vroeg 'n stewige maaltyd aan hul Bantoe werkers verskaf, dit meer aan hul vermoë om harder te werk sal doen as 'n aansienlike loonsverhoging (9, 43). (Kyk ook par. 4.5.2 in dié verband). So 'n maaltyd sal egter maar net 'n loonsverhoging in natura wees.

Tweedens is Katzen van mening dat die hoër lone wat op 'n algemene minimumloonvasstelling sal volg, die produktiwiteit van die ander produksiefaktore in so 'n mate sal laat styg dat dit die nadelige uitwerking van die hoër lone sal kanselleer (5, 204). (Let in dié verband daarop dat verhoogde produksie as gevolg van beter bestuur, beter organisasie, beter metodes, groter meganisasie of watter rede ook al, verhoogde arbeidsproduktiwiteit beteken indien die aantal manure arbeid wat in die proses verbruik is, konstant gebly of verminder het. Daar kan hoogstens gesê word dat die oorsprong van die hoër arbeidsproduktiwiteit by die bestuur, organisasie, metodes of meganisasie lê en nie by die arbeider self nie). Viljoen is ook van mening dat daar op dié gebied in die Republiek van Suid-Afrika ruimte vir verbetering is (7, 37). Lester beweert in dié verband dat: "Experience with the increase from 75 cents to \$1.00 per hour in the Fair Labor Standards minimum in 1956 showed that management could increase productivity by such means as: improvements in plant lay-out and in the quality of live supervision; installation of labor-saving equipment and better use of machines and materials; better selection and training of workers; reduction in waste, such as excessive overtime, and labor turnover; increased selling efforts in order to provide longer runs and lower overhead costs per unit of output; and higher production standards" (3, 517).

Dit wil voorkom asof die skokeffek van hoër loonkoste wat volg op 'n algemene minimumloonvasstelling, beslis gunstige gevolge langs die weg van organisasie, metodes, meganisasie ensovoorts, vir produktiwiteit kan hê. Tog kan dit sekerlik nie as 'n algemene reël neergelê word dat verhoogde produktiwiteit noodwendig op verhoogde loonkoste moet volg nie, en nog minder dat produktiwiteit met dieselfde persentasie as lone sal styg.

Hicks wys ook daarop dat die verhoogde produktiwiteit baie vinnig op 'n loonsverhoging sal moet volg indien werkloosheid daardeur verhoed moet word, want indien werkloosheid eers ontstaan, is dit in sigself weer 'n oorsaak vir lae produktiwiteit (efficiency) (16, 209-210).

Derdens verwerp Katzen ook die aanname dat die vraag na die produkte wat die arbeiders produseer konstant bly na die minimumloonvasstelling. Hy is van mening dat die hoër lone 'n groter vraag na verbruikersgoedere tot gevolg sal hê met die gevolg dat werkgewers-produsente se afset en wins sal styg. Verder beweert hy dat baie fabriekke in die Republiek van Suid-Afrika met sy beperkte mark benede optimum kapasiteit produseer. 'n Verhoogde vraag na hul produkte sal dus produksie teen 'n laer eenheidskoste en dus hoër wins vir hulle beteken (5, 206).

Katzen se bewerings in hierdie verband verdien egter nadere aandag. Eerstens is dit sekerlik waar dat die hoër lone verhoogde koopkrag in die hande van die betrokke loontrekkers beteken. Voorlopig kan ook nog aangeneem word dat werkgeleenthede nie as gevolg van die minimumloonvasstelling sal daal nie en dat die totale loon van alle arbeiders, en nie net die minimumloon van sommige arbeiders nie, sal styg. In die Verenigde State van Amerika is daar volgens Kaun gevind dat minimumloonvasstelling min invloed op die algemene loon-

struktuur van die volkshuishouding as geheel gehad het (15, 143). Gevolglik is dit slegs die onderste 1 of 2 persent van die arbeiders op die loonleer wat daarby baat sal vind. Die meeste voorstanders van 'n algemene minimumloonvasstelling beweer egter altyd dat daardie groep werkers se loon so laag is dat hulle onder die broodlyn moet leef. Gevolglik sal die hoër loon in hulle geval gewoonlik slegs tot 'n groter vraag na sogenaamde loongoedere (dit is noodsaaklike lewensbehoefte ensovoorts) lei. Baie van hulle is egter in die diens van produsente van kapitaal-, duursame en luukse goedere. Die onmiddellike kosteverhoging vir laasgenoemde groep produsente sal dus nie deur 'n onmiddellike hoër vraag na hul produkte gekanselleer word nie. Die loonverhoging sal vir hulle dus hoër koste en laer winste beteken wat hulle, indien hulle kan, op die verbruiker sal probeer afskuif. Dit weer kan dus kostedruk=inflasie meebring (9, 42).

Tweedens is dit sekerlik waar dat die verhoogde vraag na sommige produkte langs die een of ander weg tot verhoogde produksie aanleiding sal gee. Dit sal egter nie in alle gevalle so wees nie. Waar daar volle indiensneming van alle produksiefaktore heers, is dit selfs onmoontlik. Per slot van rekening produseer nie alle produsente teen minder as volle kapasiteit nie. In die geval waar 'n verhoogde vraag na produkte nie 'n verhoogde aanbod tot gevolg sal of kan hê nie, sal dit tot vraaginflasie lei (9, 42).

Laastens moet ook onthou word dat dit wel moontlik is dat die totale loonsontvangste van alle werkers ten spyte van die algemene minimumloon, of juis as gevolg daarvan, kan daal weens 'n daling in werkgeleentheid. In 'so 'n geval sal totale vraag natuurlik ook daal.

Dit wil dus voorkom asof daar nie baie op die verhoogde vraag na verbruikersgoedere staat gemaak kan word om moontlike ongunstige gevolge (inflasie en werkloosheid) van 'n algemene minimumloonvasstelling te neutraliseer nie en wel om die volgende redes:

(i) Die minimumloonvasstelling kan dalk tot 'n daling pleks van 'n styging in die effektiewe vraag lei.

(ii) Die gunstige gevolge van die verhoogde vraag kan geheel en al deur ongunstige gevolge (vraaginflasie) gekanselleer word.

(iii) Die verhoogde vraag kan dalk net ongunstige gevolge hê.

Ten spyte van die gunstige uitwerkings wat verhoogde lone op produktiwiteit en op die winste van sommige ondernemings en bedrywe kan hê, wil dit egter voorkom asof werkgeleentheid vir ongeskoolde Bantoearbeiders in die Republiek van Suid-Afrika deur 'n algemene minimumloonvasstelling ingekort sal word. Franklin en Yamey het in 1941 byvoorbeeld gevind dat tot 6 persent van die Bantoe werkers in sekere ondernemings in Grahamstad ontslaan is na 'n oorlogtydse minimumloonvasstelling (10, 420). Horwood is van mening dat die feit dat die hoogste styging in werkloosheid onder Bantoe werkers in stedelike gebiede van 1960 tot 1961 in Natal en op die Witwatersrand voorgekom het, miskien juis daaraan te wyte is dat die meeste vrywillige loonsverhogings aan Bantoe arbeiders in Durban en Johannesburg onder aansporing van die "Bantu Wages & Productivity Society" geskied (8, 125). Pursell, wat 'n studie van die gevolge van die werksaamhede van die loonrade gemaak het, laat hom soos volg oor die onderwerp uit "Finally it is suggested that the substantial increases in Bantu real earnings may have encouraged a rise in Bantu unemployment ..." (11, 95).

Ervaring in die Verenigde State van Amerika in 1956 dui daarop dat daar 'n besliste daling in werkgeleentheid was as gevolg van die minimumloonvasstelling onder die "Fair Labor Standards Act" 1956. Die daling was egter nie so hoog as wat sommige doemprofete voorspel het dat dit sou wees nie (2, 529).

(c) Die voorstanders van 'n statutêre algemene minimumloonvasstelling sien gewoonlik min gevaar dat dit tot inflasie sal lei. Katzen byvoorbeeld maak daarop staat dat inflasie op een van die volgende maniere bekamp kan word (5, 207):

(i) Die verhoogde vraag sal in baie gevalle geneutraliseer word deur verhoogde produksie deur eenvoudig surplus kapasiteit van fabrieke wat teen minder as optimum kapasiteit produseer, in te span. (Dit kom neer op produktiwiteitsverhoging.)

(ii) Verhoogde produktiwiteit sal vir verhoogde aanbod sorg, wat die verhoogde vraag sal neutraliseer.

(iii) In ander gevalle sal verhoogde lone eenvoudig uit monopoliewinste betaal word en geen inflasionistiese gevolge hoef gevrees te word nie.

Die eerste twee van die verweere is reeds in die voorafgaande paragrawe bespreek (kyk paragraaf 5.7.4 (b) en hoofstuk 4). Die derde verweer is beslis in sommige gevalle geldig. Maar die kardinale vraag hier is: Hoeveel van die werkers wat 'n hoër loon gaan ontvang, is in diens van ondernemers wat òf monopoliewinste maak, òf benede optimum kapasiteit produseer, òf op ander maniere produktiwiteit kan verhoog?

Indien die verhoogde faktorkoste waarmee ondernemers op dié manier opgehaal word, nie alles op een van die bogenoemde drie maniere gekanselleer kan word nie, sal hulle, indien hulle kan, en sommige sal wel kan, dit op die verbruiker afskuif en kostedrukinflasie sal die gevolg wees.

(d) Viljoen (7, 39) wys ook nog op 'n baie belangrike nadelige invloed van 'n algemene minimumloonvasstelling vir die Republiek van Suid-Afrika. Goudproduksie is naamlik verantwoordelik vir 'n baie belangrike persentasie ( $\pm 7\%$ ) van die bruto binnelandse produk. Maar die goudprodusent het te doen met 'n vaste amptelike verkoopprijs vir sy produk, naamlik \$35 per fyn ons. Verhoogde faktorkoste beteken in die geval van die Suid-Afrikaanse goudprodusent dat hy slegs erts met 'n hoër goudinhoud as voor die verhoging van faktorkoste kan ontgin, wat op sy beurt weer 'n permanente verlies vir die volkshuishouding beteken. Aan die anderkant moet onthou word dat die grootste persentasie Bantoemynarbeiders in die buiteland gewerf word en dat die aanbod teen die huidige loon feitlik volmaak elasties is. Indien hul loon dus verhoog word, sal dit eenvoudig neerkom op 'n geskenk aan die buiteland, ten koste van 'n permanente verlies aan goudproduksie vir onself sowel as moontlike betalingsbalansprobleme (kyk par. 5.11.5).

(e) 'n Baie belangrike beswaar teen 'n algemene minimumloonvasstelling in die Republiek van Suid-Afrika is dat dit ekonomiese ontwikkeling veral in die onderontwikkelde gebiede van die Republiek van Suid-Afrika sal strem. Die vernameeste bate waaroor die Bantoetuislande beskik wat aangewend kan word om ekonomiese ontwikkeling te stimuleer, is juis volop, goedkoop arbeid. Die ander drie produksiefaktore is al drie in 'n mindere of meerdere mate redelik skaars en sal dus ingevoer moet word. Gevolglik sal daar op goedkoop arbeid staatgemaak moet word om dit vir die ondernemer aantreklik te maak om sy ondernemings in die Bantoetuislande te vestig (14, 90-91 en 15, 137). Die Arthur Lewis-model "Economic development with unlimited supplies of labour" is vir sulke omstandighede ontwikkel (6, 109). Volgens Lewis (wat self 'n Neger is) se model sal lone op 'n vlak wat net bo die broodlyn is, vasgepen moet word totdat genoeg werkgeleenthede geskep is om alle werksoekers in diens te plaas voordat lone toegelaat word om te styg tot die vlak waar arbeid hul "regmatige" aandeel van die gebied se produksie sal kry. Die rede hiervoor is volgens Steenkamp (6, 109) dat kapitaalvorming, sowel in reële sin, dit wil sê geboue, masjiene, infrastruktuur ensovoorts, as in die sin van menslike kapitaal, dit wil sê opgeleide en geskoolde mannekrag, eers moet plaasvind voordat aandag aan die verhoging van die lewenstandaard gegee kan word. Kapitaalvorming verg egter besparing in die sin van die onthouding van verbruik. Vanweë die groot verbruikgeneigtheid van die laeloon werkers is vrywillige besparing egter nie baie maklik nie. Gevolglik moet hy gedwing word om te spaar deur aan hom 'n lae loon te betaal wat hom sal verplig om min te verbruik. Dit sal winste opstoot sodat besparing en kapitaalvorming uit winste kan plaasvind. Terselfdertyd sal die hoë winste investering aanmoedig.

'n Minimumloonwet kan in die Republiek van Suid-Afrika egter so opgestel word dat dit juis ontwikkeling van die Bantoetuislande en nywerheidsdesentralisasie sal bevorder, deur dit net op die Blanke gebiede (met in- of uitsluiting van die grensgebiede) van toepassing te maak. Hierdie onderwerp is egter meer volledig in paragraaf 5.5 behandel.

(f) 'n Baie belangrike en skynbaar heeltemal geldige beswaar teen 'n statutêr vasgestelde minimumloon is dat dit die aantal werksongeskiktes (unemployable) in enige volkshuishouding verhoog (2, 527). Voorstanders van 'n statutêr vasgestelde minimumloon se verweer is egter altyd dat sulke werkers bowendien nie 'n leefbare loon kan verdien nie, al is daar nie 'n minimumloonwet nie. Hulle is in elk geval aangewese op hulp van buite (liefdadigheid ensovoorts) om aan die lewe te bly. Hulle word dus nou maar net geheel en al die Staat se verantwoordelikheid waar hulle dit voorheen slegs gedeeltelik was. Verder word daar ook op gewys dat die minimumloonwet daarvoor voorsiening kan maak dat aan vertrapte, gebrekkige, baie ou en baie jong werkers, aan leerlingwerkers of aan werkers in sekere sektore van die volkshuishouding 'n laer loon betaal kan word. Dit laat egter 'n skuiwergat vir diegene wat daarop uit is om die wet te ontduik.

#### 5.7.5 Enkele gevolgtrekkings insake 'n statutêr vasgestelde algemene minimumloon

(a) 'n Statutêr vasgestelde algemene minimumloon het in die praktyk baie minder nadelige gevolge as wat op teoretiese gronde verwag kan word. Die rede hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die feit dat die gunstige newe-effekte daarvan baie van die moontlike slegte gevolge verhoed.

Eerstens verminder dit blykbaar wel werkgeleenthede maar nie soveel as wat verwag kan word nie omdat dit die bestuur van ondernemings aanspoor om die produktiwiteit van hul ondernemings te verhoog.

Tweedens verhoog dit wel in sommige gevalle produksiekoste maar in ander gevalle sal produksiekoste as gevolg van produktiwiteitsverhoging konstant bly of selfs daal.

Derdens kan die verhoging van produksiekoste, indien dit wel verhoog word, tot 'n verlaging in die vraag na die betrokke produkte lei. Aan die anderkant kan die verhoging van minimumlone tot 'n verhoging in die vraag na sommige van die produkte lei.

Vierdens kan dit ekonomiese ontwikkeling in onderontwikkelde gebiede vertraag, maar 'n minimumloonwet kan ook so geformuleer word dat dit in die Republiek van Suid-Afrika juis ekonomiese ontwikkeling in die Bantoetuislande en/of grensgebiede bevorder.

(b) Ten spyte van die gunstige uitwerking wat 'n statutêr vasgestelde minimumloon ook al mag hê, het dit nogtans die ongunstige uitwerking dat dit werkgeleentheid, veral vir ongeskoolde arbeiders, verminder en dat dit die ekonomiese ontwikkeling van onderontwikkelde gebiede kan strem.

(c) In die geval van die Republiek van Suid-Afrika met sy groot hoeveelheid ongeskoolde Bantoes wat in diens geplaas moet word en sy Bantoetuislande wat ontwikkel moet word, is die statutêre vasstelling van 'n algemene minimumloon daarom skynbaar nie die beste metode om die lewenstandaard van alle lae van die bevolking te verhoog nie. Volle indiensneming, 'n voortgesette en gesonde ekonomiese groeikoers en produktiwiteitsverhoging is skynbaar baie beter instrumente vir die doel. Katzen, wat baie beslis oor die onderwerp is, beweert byvoorbeeld: "The basic cause of poverty in this country is the low productivity and relatively elastic supply of unskilled black labour. Some improvements in real income can be effected by redistributing income from the higher to the lower income groups. But no significant increase in living standards will be achieved unless we have rapid economic growth and a rise in productivity" (5, 198). Reynolds laat homself as volg daaroor uit: "It should be emphasized in conclusion that inadequate wage rates cannot be eliminated primarily through legislation. Minimum wage laws can help to tidy up the ragged lower edge of the wage structure. Progress mainly depends, however, on (1) the slow but steady advance of productivity, which gradually lifts the general level of real wages over the course of time, and (2) maintenance of a high level of employment, which gives workers an opportunity to move from low-wage to high-wage jobs and forces employers to compete actively for labor" (2, 530).

(In paragraaf 5.4 word meer aandag aan volle indiensneming geskenk.)

(d) Indien minimumloonwetgewing egter wel in die Republiek van Suid-Afrika oorweeg word, sou dit raadsaam wees om nie 'n algemene minimumloon vir die hele volkshuishouding voor te skryf nie (5, 210). 'n Minimumloon wat seker sektore van die volkshuishouding (landbou, mynwese en huishoudelike dienste) uitsluit, sal om mee te begin beter wees aangesien dit die feit dat die sektore 'n aansienlike persentasie van hul werkers se loon in natura vergoed in ag neem (5, 210).

Katzen is egter van mening dat die aangewese weg die vasstelling van minimumlone is wat van streek tot streek en van sektor tot sektor sal verskil om vir sowel loon in natura as verskille in lewensduurte voorsiening te maak (5, 210).

## 5.8 DIE HERVERDELING VAN DIE VOLKSINKOME DEUR DIE BEHEER VAN MAKSIMUMLONE

### 5.8.1 Inleiding

Die hoofdoel van die beheer oor maksimumlone is gewoonlik om inflasie te bekamp (53, 120). Dit is egter ook al aangewend om betalingsbalansprobleme op te los en om interne produksie (welvaart) te bevorder. Dit kan ook aangewend word om 'n herverdeling van die volksinkome ten koste van loontrekkers en ten gunste van winsontvangers te bewerkstellig.

### 5.8.2 Die doel van 'n herverdeling van die volksinkome ten gunste van winsontvangers

Soos in paragraaf 5.8.1 aangetoon, is die hoofdoel van beheer oor maksimumlone gewoonlik om inflasie te bekamp. Lone is naamlik produksiekoste en stygende lone beteken, ceteris paribus, die moontlikheid van kostedrukinflasie. Stygende lone hoef egter nie altyd inflasie te beteken nie. Indien lone byvoorbeeld nie vinniger as produktiwiteit styg nie, sal dit nie kostedrukinflasie tot gevolg hê nie. 'n Derde moontlikheid is laer winste.

Indien produktiwiteit styg en lone konstant gehou kan word, beteken dit gewoonlik stygende winste. Stygende winste is egter selde indien ooit die primêre doel van die owerheid se ekonomiese politiek. Stygende winste kan egter wel as 'n tussentydse middel tot 'n groter doel gesien word. Dit word naamlik aanvaar dat die verbruiksgeneigdheid van loontrekkers hoër is as dié van winsontvangers (44, 344). Indien dit so is, sal die verhoging van winste ten koste van loontrekkers versnelde kapitaalvorming kan meebring, wat op sy beurt weer ekonomiese ontwikkeling kan bevorder (kyk par. 5.3.2).

### 5.8.3 Beheer oor maksimumlone in die praktyk

Volgens Kirschen en andere het verskeie lande die beheer van maksimumlone al as instrumentveranderlike in hul ekonomiese politiek aangewend hoofsaaklik met die oog op die bekamping van inflasie (53, 120). Dit was die geval in België, Frankryk, die Verenigde State van Amerika, Engeland en veral Nederland. Laasgenoemde het dit vir 'n lang periode as instrumentveranderlike aangewend toe alle loonsverhogings aan owerheidsgoekeuring onderhewig gemaak is (53, 120). Verder het Nederland, Noorweë en Engeland ook al gepoog om die tekorte op hul betalingsbalans op dié manier te bekamp.

Beheer oor maksimumlone kan op een van vier maniere geskied -

- (a) Morele oorrëding,
- (b) die vasstelling van tydelike loonplafonne,
- (c) loonbevriësing, en
- (d) die vasstelling van 'n loonverhogingsnorm of koers, byvoorbeeld "nie meer as sê 3 persent per jaar nie" of "nie vinniger as die styging in produktiwiteit nie".

Soos alle direkte beheermaatreëls is beheer oor maksimumlone natuurlik ook oop vir ontduiking en vind owerhede veral wanneer ondernemers/werkgewers goeie winste maak dit moeilik is om beheermaatreëls toe te pas. Daar is baie maniere waarop 'n werkgewer aan 'n werker 'n hoër vergoëding kan betaal sonder dat

die owerheid dit agterkom.

## 5.9 LONE EN DIE ROL VAN PRODUKTIWITEIT IN WELVAART

Produktiwiteitsverhoging is een van die belangrikste bronne van welvaartsverhoging. In dié verband ontstaan daar egter onmiddellik drie vrae, naamlik (a) wie ontvang gewoonlik die verhoogde welvaart, (b) wie behoort dit te ontvang en (c) in watter vorm behoort dit beskikbaar gestel te word?

Volgens Kendrick en Sato (36, 975) dui statistieke daarop dat reële lone die afgelope 40 jaar in die Verenigde State van Amerika vinniger as produktiwiteit gestyg het. Dit beteken dat arbeid omtrent die volle voordeel van produktiwiteitsverhoging ingepalm het en dat die kapitaalopbrengsverhouding omtrent konstant gebly het. Nogtans was die kapitaalopbrengsverhouding groot genoeg om voldoende besparing en investering uit te lok om totale welvaart aansienlik op te skuif. Volgens Kendrick en Sato is die stygende aandeel van arbeid in die volksinkome en die toenemende gelykheid van inkomeverdeling tussen arbeid en kapitaalbesitters 'n belangrike faktor wat die afset van die Verenigde State van Amerika se steeds toenemende bruto binnelandse produk moontlik maak (36, 975).

Die vraag aan wie die verhoogde welvaart toekom, is egter nie so maklik te beantwoord nie. Dit kan as verhoogde winste by die kapitaalbesitters of as verhoogde lone by die werkers of as verlaagde pryse by al die subjekte van die volkshuishouding tereg kom (37, 69). Volgens Evans (37, 77-78) het nóg die werkers (beide arbeid en bestuur) nóg die kapitaalbesitters enige spesiale aanspraak op die verhoogde welvaart. Die werkers van vandag, beweer hy, moet nie by benadering dieselfde fisieke of geestelike inspanning lewer as wat 'n halfeeu gelede van werkers verwag is nie. 'n Baie groot persentasie van die vooruitgang wat die tegnologie meegebring het, was juis daarop gemik om fisieke of geestelike inspanning uit te skakel of om lang opleidingsperiodes onnodig te maak.

Verder is dit volgens Evans die bestuur se plig om toe te sien dat hul organisasie ten volle gebruik sal maak van alle voordele wat die moderne tegnologie aanbied en het hulle geen aanspraak op verhoogde winste indien hulle dit wel doen nie. Kapitaal, aan die ander kant, word belê met die oog op 'n opbrengs. Indien die opbrengs hoog genoeg is om die kapitaalbelegging en investering uit te lok wat vir voldoende groei in die volkshuishouding nodig is, het die kapitaalbesitters volgens Evans geen verdere aanspraak op uitermate hoë winste nie, tensy die risiko verbonde aan die betrokke belegging uitermate hoog is en hy om dié rede 'n aanspraak op hoër risikopremie het.

Bostaande het egter slegs betrekking op die moontlike spesiale aansprake van 'n besondere groep of seksie van die volkshuishouding. Wend mens jou aandag tot die individu dan is dit, in sommige gevalle, baie maklik om 'n bepaalde persoon of persone aan te wys wat verantwoordelik was vir die verhoogde produktiwiteit. In so 'n geval is dit net logies om te beweer dat minstens 'n deel van die verhoogde welvaart aan hom/hulle toekom. Op dié manier sal dit ook dien as 'n aansporing tot verhoogde inspanning om produktiwiteit langs die een of ander weg verder te verhoog. Patentbeskerming is 'n goeie voorbeeld hiervan in die praktyk.

Evans is egter van mening dat dit baie gevaarlik kan wees om die een of ander seksie van die bevolking uit te sonder as spesiale aanspraakmakers op al die voordele van verhoogde produktiwiteit, want dit kan, volgens hom, lei tot die kanalisering van die verhoogde welvaart na een seksie toe, wat op sy beurt weer tot 'n ernstige wanbalans in die volkshuishouding aanleiding kan gee (37, 79). Indien Kendrick en Sato se berekenings vir die Verenigde State van Amerika egter korrek is, dan skyn die vrees van Evans nie veel om die lyf te hê nie.

Oor die vraag in watter vorm die verhoogde welvaart wat uit produktiwiteitsverhogings voortspruit, onder die subjekte van die volkshuishouding verdeel moet word, bestaan daar meningsverskille. Dunlop (38, 341) noem drie verskillende moontlikhede: Eerstens deur pryse stabiel te hou en lone te laat

styg, tweedens deur lone stabiel te hou en pryse te laat daal en derdens deur pryse te laat styg maar lone nog meer te laat styg. Die subjekte van die volkshuishouding het in die verlede natuurlik ook op ander wyses gedeel in die voordele van verhoogde produktiwiteit, waaronder die beskikbaarheid van nuwe produkte en dienste en verhoogde kwaliteit, diensbaarheid, bruikbaarheid ensovoorts van bestaande produkte.

Watter een van die bogenoemde metodes die mees gewenste is, kan nie met sekerheid gesê word nie. Keynes (24, 270-271) was van mening dat dit die beste sal wees om nominale lone oor die kort termyn konstant te hou mits ewewig met die res van die wêreld, in die geval van 'n oop volkshuishouding, deur wisselkoersveranderinge teweeggebring kan word. Oor die lang termyn het hy 'n stadig stygende loonpeil met konstante pryse aanbeveel. Hy motiveer sy aanbeveling vir die lang termyn soos volg:

(a) Dit sal makliker wees om volle indiensneming te handhaaf indien stygende toekomstige lone verwag word.

(b) Die konstante pryse is sosiaal meer aanvaarbaar (veral vir die ontvangers van 'n vaste inkome).

(c) Stygende pryse sal die nasionale skuldelaas, in reële terme, verlig.

(d) Dit sal die oorskakeling van arbeid van degenererende na groeiende nywerhede vergemaklik.

(e) Stygende lone vorm 'n psigologiese aanmoediging vir (vermoedelik) werkers en ondernemers.

Daar is egter, volgens Keynes (24, 271) geen besondere beginsel betrokke by sy aanbeveling nie.

Schreiber beveel aan dat nywerhede met 'n beter as gemiddelde produktiwiteitsverhoging, hul lone met die gemiddelde persentasie moet opskuif en die pryse van hul produkte met die verskil moet laat daal. Dit, sê hy, is nodig omdat die nywerhede met 'n benede gemiddelde produktiwiteitsverhoging ook verplig sal wees om hul lone met min of meer dieselfde gemiddelde persentasie op te skuif en om dié rede verplig sal wees om hul produktepryse met dieselfde persentasie op te skuif (33, 212).

Dunlop wys egter daarop dat nywerhede waar groot produktiwiteitsverhogings voorgekom het, baie keer ook groeiende nywerhede is en dat hulle om dié rede 'n bogemiddelde loon sal moet aanbied om addisionele werkers te lok (38, 347).

Rüstow weer is van mening dat in 'n dinamiese volkshuishouding waar produksie-instalاسies (work stations) gedurig vernuwe word deurdat ower fabriekes, masjiene ensovoorts met nuwer en meer produktiewes vervang word, dit noodsaaklik is dat lone gedurig sal styg om die uiteindelijke ondergang van die volkshuishouding te voorkom. Sy betoog lui kortliks soos volg (39, 96-98):

(a) Ou fabriekes word deur nuwes vervang wat baie meer produktief is.

(b) Gevolglik styg produksie.

(c) Indiensneming daal (absoluut of relatief tot die nuwe verhoogde produksie van goedere en dienste).

(d) Gevolglik sal beskikbare goedere en dienste vinniger toeneem as die inkome wat as lone (cost income) tydens die produksie van die betrokke goedere ontvang is.

(e) Aangesien daar maar beperkte moontlikheid bestaan vir ondernemers om hul persoonlike verbruik van goedere en dienste te verhoog, sal die verhoogde produksie van die nuwe masjiene (aanbod) 'n voortdurende afwaartse druk op die pryse van die goedere en dienste uitoefen.

(f) Aangesien investering gewoonlik slegs deel van die nuwe verhoogde produksie absorbeer, sal lone moet styg om die nodige verhoogde vraag daarvoor te skep. (Kyk ook Kendrick en Sato se mening.)



(g) Indien nie minstens 'n deel van die verhoogde produksie deur nuwe investering geabsorbeer word nie, en dit sal nie die geval wees indien pryse kwaai daal nie, sal ondernemers se totale inkome slegs so hoog soos hul totale koste wees.

(h) Gevolglik sal slegs die gemiddelde koste van ondernemers deur hul inkome gedeel word.

(i) Gevolglik sal die minder produktiewe ondernemers moet sluit, met die gevolg dat die opbrengs van goedere en dienste wel sal daal maar dat die inkome van verbruikers, en gevolglik verbruiksbesteding ook, met 'n groter persentasie sal daal en dat die proses homself kan voortplant, totdat die hele stelsel vernietig is.

Volgens Rüstow is stygende lone dus noodsaaklik vir volgehoue ekonomiese vooruitgang en verhoging van die lewenstandaard van die hele bevolking. Anders gestel: Dit is onmoontlik vir ondernemers om vir hulleself die hele voordeel wat tegnologiese ontwikkeling meebring, toe te eien en indien hulle wel probeer om dit te doen, sal hulle daardeur hul eie ondergang bewerkstellig. Tweedens is daar volgens Rüstow dus slegs een manier waarvolgens arbeid kan deel in die voordele van tegnologiese ontwikkeling, naamlik deur hoër lone. Dit is onmoontlik vir die werker om deur middel van 'n stabiele lone maar dalende verbruikerspryse te deel in verhoogde welvaart wat die tegnologiese ontwikkeling meebring het.

Hierdie siening van Rüstow berus natuurlik op die aanname dat die grensverbruiksgeneigdheid van loontrekkers baie hoër is as die gekombineerde grensverbruiksgeneigdheid plus grensbestedingsgeneigdheid van dividendontvangers waar besteding ook investering insluit. Indien die grensverbruiksgeneigdheid en grensbestedingsgeneigdheid van dividendontvangers (insluitende maatskappye in die geval van onuitgekeerde winste) net so hoog as die grensverbruiksgeneigdheid van loontrekkers is, sal die effektiewe vraag na goedere en dienste heeltemal voldoende wees om volle indiensneming te verseker. Indien die uitgawes van die winsontvangers egter vir 'n groot deel op nuwe reële investerings geskied, sal dit bowendien nog indiensneming en produksie laat toeneem en al so effektiewe vraag eerder verhoog as verlaag.

## 5.10 DIE INVLOED VAN LONE OP PRYSSTABILITEIT

### 5.10.1 Algemeen

Vir diegene wat slegs 'n vaste nominale inkome ontvang, beteken prysstygings of inflasie 'n besliste welvaartsverlaging in die sin dat hulle met hul onveranderde nominale inkome minder goedere en dienste kan koop as voorheen. Dit is veral pensioentrekkers en renteniers wat hulle in dié posisie bevind, maar daar is baie ander sektore van die bevolking wat in 'n mindere of meerder mate in dieselfde onbenydenswaardige posisie verkeer. Hieronder tel werkers wie se bedingingsvermoë so swak is dat hulle lone altyd op een of ander manier agterbly wanneer pryse en lone besig is om te styg.

'n Ander sektor van die bevolking wat gewoonlik swaar onder inflasie ly, is die werkers op wie se lone die owerheid 'n sterk houvas het. Die rede is dat aangesien die owerheid bewus is van die nadelige gevolge van 'n pryslooinflasionistiese spiraal, hy nie stappe sal doen wat die inflasionistiese tendense kan aanblaas nie. Gevolglik sal hy sorg dat die lone waarvoor hy direkte beheer uitoefen of waarvoor hy op die een of ander indirekte wyse 'n invloed kan uitoefen, nie op die voorpunt van die spiraal is nie, maar dat dit eerder 'n remmende invloed op die inflasionistiese toestande sal uitoefen. Hieroor later meer.

Om genoemde redes is dit daarom uiters wenslik om inflasie tot 'n absolute minimum te beperk of heeltemal uit te skakel. Daarom is dit dan ook in hierdie studie gepas om die rol van lone in die ontstaan, verloop en bekamping van inflasie te ondersoek.

### 5.10.2 Die rol van lone by die ontstaan van inflasie

Lone as koste het per definisie niks met die ontstaan van vraaginflasie te make nie. Selfs al het die te hoë vraag na goedere en dienste sy oorsprong in loonsverhogings, is dit per definisie nog nie vraaginflasie nie. Lone is egter weer per definisie die vernaamste oorsaak van kostedrukinflasie en wel om die eenvoudige rede dat lone gewoonlik die vernaamste koste is wat, weens abnormale stygings daarvan, kostedrukinflasie kan veroorsaak.

Holzman onderskei drie verskillende soorte inflasionistiese toestande wat normaalweg as kostedruk geklassifiseer word en wat al drie hul oorsprong in loonsverhogings het (34, 22).

(a) Prysstygings as 'n direkte gevolg van verhoogde lone (direkte kostedruk).

(b) Prysstygings en verhoogde indiensneming wat die gevolg is van verhoogde bestedings aan goedere en dienste gefinansier uit verhoogde lone.

(c) Prysstygings en verhoogde indiensnemings wat die gevolg is van 'n verhoogde investeringskoers, wat op sy beurt weer die gevolg is van verhoogde lone.

Die kenmerke van 'n kostedrukinflasie is volgens Holzman die volgende (34, 20):

(a) Daar is 'n kopersmark in swang.

(b) Voorrade bou op.

(c) Produksiefaktore is werkloos.

(d) Lone styg vinniger as pryse sonder 'n gelyke verhoging in produktiwiteit.

(e) Winste per eenheid geproduseer daal.

'n Loonstygting kan naamlik die ondernemer se koste sodanig verhoog dat hy sy pryse in so 'n mate moet opskuif dat dit verkope nadelig beïnvloed en dat al die ander bogenoemde kenmerke gevolglik daaruit voortvloei.

Reynolds beweer egter in dié verband dat alhoewel 'n outonome loonstygting wel 'n inflasionistiese beweging aan die gang kan sit, dit seker maar baie selde gebeur (35, 95).

### 5.10.3 Die rol van lone in die verloop van die konjunktuersiklus

Lone se inflasionistiese invloed strek egter veel verder as die blote veroorsaking van 'n kostedrukinflasie. Loonsverhogings is in baie gevalle die brandstof waarop 'n vraaginflasie teer en voortbestaan nadat die oormatige effektiewe vraag na goedere en dienste dit aan die gang gesit het.

Die oorsaak van die oormatige vraag na goedere en dienste kan by baie faktore lê wat nie hier ter sake is nie. Word die stadium eers bereik waar daar van 'n prysloon-inflasionistiese spiraal sprake is, word dit selfs onmoontlik om tussen oorsaak en gevolg by prys- en loonstygings te onderskei. Vakbonde beweer dat hoër lone noodsaaklik is om prysstygings te kanselleer en ondernemers sê prysstygings is noodsaaklik om die verhoogde koste wat verhoogde lone meebring, te verhaal.

Lone begin gewoonlik vroeg in die herstelstadium van die konjunktuersiklus te styg, selfs al is daar dan nog heelwat werkloosheid in die volkshuishouding, aldus Reynolds (35, 85). Die rede vir die verskynsel is, volgens Reynolds (35, 85-89), moontlik die volgende:

(a) As gevolg van die onelastiese aanbod van landbouprodukte sal die pryse daarvan vroeg in die inkomevermeerderingstadium van die siklus begin styg.

(b) Dit tref die werker en sy familie op 'n baie sensitiewe plek (voedsel=

pryse) met die gevolg dat hy onmiddellik om hoër lone begin vra.

(c) Op dieselfde tydstop begin die werkgewer se winste as gevolg van volume en prysvermeerderings ook te styg. Dit maak die werkgewers sowel ge-willig as in staat om loonsverhogings toe te staan.

(d) Sodra die eerste werkgewers loonsverhogings toegestaan het, is die ander omtrent verplig om te volg.

(e) Vakbondoptrede versnel die beweging.

(f) Soos lone styg, sal pryse ook begin styg, tensy produktiwiteitsverhogings met die prysstygings kan tred hou.

Reynolds glo dat vakbonde maar 'n baie klein rol in die proses speel. Hulle het volgens hom 'n baie groter invloed op lone tydens 'n laagkonjunktuur as tydens hoogkonjunktuur (35, 91).

Die gevolge van die loonsverhogings wat op prysstygings volg, is volgens Reynolds (35, 92-93) die volgende:

(a) Die volume en tydstop van werklike investerings kan gewysig word. Indien ondernemers verdere loonsstygings verwag, sal hulle voorrade opbou en investeringsplanne vervroeg, wat 'n positiewe invloed op indiensneming sal hê.

(b) Dit mag 'n rentekoersstyging tot gevolg hê, maar dit sal in hierdie stadium waarskynlik slegs 'n klein invloed op belegging en investering hê.

(c) Die verhoogde lone mag in 'n oop volkshuishouding 'n nadelige invloed op die kompetende posisie van uitvoergoedere hê, en also die betalingsbalans en indiensneming nadelig beïnvloed.

(d) Indien die land 'n progressiewe inkomstebelastingstelsel het, kan die loonsverhogings lei tot 'n relatief groter verhoging in die owerheid se belastingontvangstes, wat 'n dempende invloed op indiensneming sal hê.

(e) Indien prysstygings nie gou na die loonsverhoging volg nie, mag dit tot 'n vervanging van arbeid met ander produksiefaktore aanleiding gee. Die kans daarvoor is volgens Reynolds egter maar skraal.

(f) Die Pigou-effek : Verbruikers kan besluit om die vermindering in die waarde van hul spaargelde in te haal deur meer te spaar, met die gevolg dat verbruik sal daal, wat weer 'n nadelige effek op indiensneming sal hê. Omgekeerd mag hulle verbruik juis verhoog omdat hulle verdere prysstygings verwag.

(g) Dit mag ook 'n herdistribusie van inkomte ten gevolg hê as gevolg van ongelykmatige prysbewegings. Die herdistribusie kan ten gunste van òf loontrekkers òf dividendontvangers wees. Na gelang daarvan of die verbruiksgeneigdheid van die begunstigde groep hoër of laer is as dié van die benadeelde groep, kan dit indiensneming laat styg of daal. Ontvangers van vaste inkomte soos pensioentrekkers word egter altyd nadelig getref deur inflasie.

(h) Die helling van die inflasionistiese kurwe, dit wil sê die konjunktuuersiklus, sal volgens Reynolds afhang van die gereeldheid van en lengte van tydsverloop tussen loonaanpassings. Hoe langer die periodes tussen aanpassings, hoe vlakker sal die kurwe wees. Die uiteindelijke hoogte van die kurwe word egter nie daardeur beïnvloed nie.

Reynolds beveel die volgende loonbeleid in tye van infasie aan (35, 98):

(a) Indien moontlik kan lone vasgepen word. Dit sal 'n herdistribusie van inkomste ten gunste van dividendontvangers en ten koste van loontrekkers teweegbring. Indien dividendontvangers se spandeergeneigdheid laer as loontrekkers se verbruiksgeneigdheid is, sal dit die inflasionistiese gaping kan toestop. Daar is egter twee belangrike besware teen so 'n maatreël. Eerstens is dit onwaarskynlik dat die loontrekkers so 'n stap sal aanvaar, veral indien die vakbondwese van die land goed georganiseer is. Tweedens is die geleentheid vir winsgewende investerings juis dan so gunstig dat dit onwaarskynlik is dat dividendontvangers se spandeergeneigdheid laer sal wees as wat loontrekkers se verbruiksgeneigdheid is. Aan die ander kant egter kan die investerings eventueel bydra tot die versterking van die goederestroom wat die in-

flasionistiese druk van die oormatig hoë vraag sal verlig, maar dit is nie 'n baie korttermynneffek nie.

(b) Lone kan toegelaat word om in dieselfde verhouding as pryse te styg. Loontrekkers se verbruik kan dan deur 'n progressiewe belastingstelsel of 'n spesiaal gehefte belasting ingeperk word. Sulke maatreëls tref vaste-inkomeontvangers (pensioentrekkers onder andere) baie swaar en is om dié rede sosiaal onaanvaarbaar.

(c) Laat lone net so vinnig of selfs vinniger as pryse styg, mits dit nie vinniger as produktiwiteit styg nie. In so 'n geval sal loonsverhogings nie inflasionisties wees nie.

(d) Verleng periodes tussen loonaanpassings so lank as moontlik. Dit vervlak die helling van die inflasionistiese kurwe en gee groter geleentheid vir ander teenmaatreëls of toevallige deflasionistiese tendense om 'n gunstige wending teweeg te bring.

Daar is natuurlik baie ander teenmaatreëls wat die owerheid kan toepas, maar aangesien hierdie studie oor lone gaan, word daar nie hier verdere aandag daaraan gegee nie.

## 5.11 DIE INVLOED VAN LONE OP DIE BETALINGSBALANS

### 5.11.1 Algemeen

Ewig op die betalingsbalans en meer bepaald op die handelsbalans kan deur 'n hele aantal faktore soos onder andere wisselkoersveranderinge, ruilvoetveranderinge, veranderinge in die koste van alle produksiefaktore in sowel binnelandse as buitelandse markte ensovoorts beïnvloed word. In hierdie studie sal daar egter slegs aandag gegee word aan die wyse waarop binnelandse lone die betalingsbalans kan beïnvloed.

Daar moet onthou word dat ewig op die betalingsbalans onder normale omstandighede 'n grensvoorwaarde vorm wat die koers van welvaartsvermeerdering aan bande kan lê. Indien dit byvoorbeeld moontlik is om ekonomiese ontwikkeling te versnel deur meer kapitaalgoedere in te voer, wat in baie onderontwikkelde lande wel die geval is, en die nodige valuta is net nie beskikbaar nie, dan word die volk se welvaartspeil daadwerklik deur die betalingsbalans beïnvloed.

'n Versteuring van die handelsbalans kan van een van twee kante af kom, naamlik of van die kant van invoere of van die kant van uitvoere.

Daar dien ook op gelet te word dat versteurings in die ewig van die betalingsbalans nie noodwendig tekorte moet beteken nie. Oorskotte op die betalingsbalans kan, indien hulle te groot word, ewe onwelkom wees.

In die volgende paragrawe sal die moontlike soorte versteurings wat uit lone kan voortspruit, in oënskou geneem word.

### 5.11.2 Direkte daling van uitvoere

Stygende lone as produksiekoste kan, indien dit nie met produktiwiteitsverhogings gepaard gaan nie, tot verhogings van die pryse van uitvoergoedere en -dienste aanleiding gee. Indien daar nie ooreenstemmende prysverhogings in die konkurrerende lande plaasgevind het nie, moontlik ook as gevolg van loonsverhogings, dan kan die binnelandse prysverhogings tot gevolg hê dat 'n land se uitvoergoedere hulle kompeterende posisie op die uitvoermarkte verloor. Die gevolg kan 'n daling in uitvoere wees wat 'n nadelige invloed op die handelsbalans kan hê.

### 5.11.3 Direkte styging van invoere

Tweedens bestaan daar die moontlikheid dat loonsverhogings aan 'n groot deel van die land se arbeidsmag, wat vir hulle 'n verhoging van verbruikersinkome beteken, tot 'n betekenisvolle verhoging in die vraag na goedere en dienste aanleiding kan gee. Die verhoogde vraag kan van een of albei van twee

rigtings kom, naamlik (a) van die kant van verbruikers, dit wil sê die loon-trekkers self, na verbruikersgoedere en dienste en (b) van die kant van onder-nemers na kapitaalgoedere wat hulle benodig om hul produksie van verbruikers-goedere te verhoog sodat hulle in die verhoogde vraag na verbruikersgoedere kan voorsien. Indien daar nie uit opgehoopde voorrade of uit verhoogde bin-nelandse produksie aan die verhoogde vraag voldoen kan word nie, sal dit aan-leiding gee tot òf verhoogde invoere òf indien daar invoerbeheer of 'n ander vorm van invoerbepanking of -belemmering bestaan, tot prysstygings en infla-sie (vraaginflasie). Daar moet ook in gedagte gehou word dat 'n verhoging van die binnelandse produksie onmoontlik is indien daar volle indiensneming van alle produksiefaktore heers. Oor die kort termyn sal dit, behalwe in fa-brieke waar daar surplusproduksiekapasiteit bestaan, baie moeilik of selfs onmoontlik wees om die binnelandse produksie van goedere en dienste te ver-hoog indien daar volle indiensneming van arbeid bestaan. Ook moet onthou word dat die aanwending van surplusproduksiekapasiteit dieselfde beteken as 'n verhoging van produktiwiteit.

Die blote feit van 'n loonsverhoging oor 'n breë front van die arbeidsmag suggereer volle indiensneming van arbeid. Dit wil dus voorkom asof loonsver-hogings, veral onverwagte loonsverhogings aan 'n groot meerderheid van die ar-beidsmag oor die kort termyn, gewoonlik tot vraaginflasie of verhoogde invoer of albei aanleiding sal gee. Dit weer kan tot betalingsbalansprobleme aan-leiding gee.

Indien ondernemers egter die loonsverhoging voorsien het, en hulle het hulle lank voor die tyd op die verhoogde vraag na goedere en dienste voorberei deur byvoorbeeld na meer kapitaalintensiewe produksieprosesse oor te skakel, is dit nie noodwendig dat verhoogde invoere op 'n verhoogde vraag na goedere en dienste sal volg nie.

#### 5.11.4 Sekondêre daling van uitvoere

Die bogenoemde verhoogde vraageffek (dit wil sê verhoogde invoere) (kyk par. 5.11.3) is egter maar net die primêre of eersterondegevolg van verhoogde lone op die handels- en betalingsbalans. Daar is ook nog 'n sekondêre of tweederondegevolg van 'n loonsverhoging wat oorweeg moet word.

Soos in die vorige paragraaf (5.11.3) aangetoon is, kan die loonsverho-ging tot vraaginflasie aanleiding gee. Dit weer kan vir die produsent van uitvoergoedere kosteverhogings tot gevolg hê so en behalwe die direkte hoër loonkoste wat alreeds oorweeg is. In dié verband word byvoorbeeld gedink aan moontlike prysverhogings van grondstowwe, berging, finansiering (rente) enso-voorts. Dit is almal kosteitems wat die prys van produkte kan verhoog en ge-volglik tot 'n daling in die buitelandse vraag daarna aanleiding kan gee, met die gevolg dat die land se uitvoere kan daal, met moontliké nadelige gevolge vir die handelsbalans.

'n Verdere tweederondegevolg van die verhoogde binnelandse vraag na goede-re en dienste is dat soveel van die binnelandse produksie binnelands verbruik word, dat daar net nie meer soveel goedere as voorheen vir uitvoer oorbly nie. Die gevolg sal ook 'n daling in uitvoere beteken wat op sy beurt nadelige ge-volge vir die betalingsbalans kan meebring.

#### 5.11.5 Daling in goudproduksie

In die Republiek van Suid-Afrika wat 'n goudprodusent is, bestaan daar nog 'n moontlike manier waarop lone die betalingsbalans kan beïnvloed. Nuutontgin-de goud is naamlik buitelandse valuta en verskyn as sodanig direk op die be-talingsbalans. Lone kan daarom via goudproduksie ook die betalingsbalans be-invloed.

Die goudmynbedryf het naamlik vir 'n groot persentasie van sy produksie, dit wil sê alle goud wat aan monetêre owerhede en aan die Internasionale Mone-têre Fonds verkoop word, te doen met 'n vasgestelde verkoopsprys. Hy is dus, anders as sommige ander bedrywe, nie in staat om kostesstygings op sy kliënte af te skuif nie. Loonsverhogings sonder ooreenstemmende produktiwiteitsver-

hogings kan egter wel kostestygings vir die bedryf meebring.

Die bedryf se normale oplossing vir die probleem is om produktiwiteit te verhoog deur slegs erts van 'n hoër goudinhoud as voor die loonsverhogings te ontgin. Dit beteken dan dat die laegraadse erts wat voor die loonsverhogings wel ontgin sou word maar na die kostestyging nie meer lonend ontgin kan word nie, permanent vir die land en vir die betalingsbalans verlore gaan.

Gewoonlik egter tree die gevolg nie onmiddellik in nie en beïnvloed die loonsverhoging nie onmiddellik die betalingsbalans nie. Dit sal egter wel die uitgestelde effek hê dat dit die betalingsbalans êrens in die toekoms wanneer die myn uitgewerk is, sal beïnvloed, want die datum sal nou gouer aanbreek as wat die geval sou gewees het indien lone nie verhoog is nie.

#### 5.11.6 Buitelandse lone

Die moontlikheid bestaan natuurlik ook dat loonbewegings in die buiteland die betalingsbalans kan beïnvloed deurdat dit die binnelandse produsente se kompeterende posisie in hul binnelandse of buitelandse markte kan verbeter of verswak. Daar sal egter nie verder hier aan die moontlikheid aandag gegee word nie, aangesien die owerheid nie veel aan buitelandse lone kan doen nie en hierdie studie nie oor internasionale handel nie maar wel oor binnelandse lone gaan.

#### 5.11.7 Die invloed van die land se relatiewe loonhoogte op die betalingsbalans

Dit is nie net loonbewegings wat die betalingsbalans kan beïnvloed nie. 'n Land se algemene loonhoogte relatief tot dié van sy konkurrente op buitelandse markte en relatief tot die produktiwiteit van sy arbeidsmag het, selfs sonder enige loonbewegings, 'n invloed op die betalingsbalans.

Indien 'n land se heersende loonpeil of algemene loonhoogte laag is relatief tot dié van sy konkurrente, dan beteken dit dat die binnelandse produsent daarin 'n relatiewe kostevoordeel op sy konkurrente in uitvoermarkte geniet en dat hy gevolglik in 'n gunstige konkurrerende posisie verkeer. Die land se uitvoere en betalingsbalans sal daarby baat.

Die bogenoemde relatiewe kostevoordeel is egter onderhewig aan die relatiewe produktiwiteit van die land se arbeidsmag. 'n Land wie se arbeidsproduktiwiteit baie hoër is as dié van sy konkurrente, se lone kan in dieselfde verhouding hoër wees sonder dat hy sy mededingende posisie in sy uitvoermarkte sal verloor.

### 5.12 WELVAART EN DIE SOSIALE KOSTE VAN PRODUKSIE

#### 5.12.1 Inleiding

In die geval van die individuele produsent kan produksiekoste beskryf word as die offers aan produksiefaktore wat 'n onderneming moet bring om 'n klaarprodukt te produseer (kyk Van der Meulen 52, 390-391). Word daar egter op die volkshuishouding as geheel gelet, dan vind jy dat daar veel meer offers gebring moet word om 'n bepaalde produkt te produseer as dié waarvoor die individuele onderneming of produsent verantwoordelik is. In dié verband word byvoorbeeld gedink aan die feit dat die individuele produsent en sy werknemers gebruik maak van geriewe in gemeenskapsbesit soos paaië en parke en van dienste waarvoor hy nie betaal nie soos beskermingsdienste (polisie) en onderwys aan sy werknemers nog voor hy hulle in diens geneem het. Sonder die offers of koste sou die gemeenskap moontlik nie die beskikkingsmag oor die bepaalde produsent se produkte verkry het nie, want indien hy die genoemde kostes self sou moes betaal, sou dit nie vir hom lonend gewees het om die produkt te produseer nie. Sulke koste word sosiale koste genoem.

Ander items wat as sosiale kostes bestempel kan word, is:

- (a) Lug- en waterbesoedeling wat tydens die produksieproses plaasvind.
- (b) Rusversteuring wat fabriekslawaai meebring.

(c) Die ongerieflike newegevolge soos verkeersopeenhoping wat nywerheidskonsentrasie meebring.

(d) Huisvesting en vervoer wat deur die owerheid aan werkers verskaf word of deur die owerheid gesubsidieer word. In die Republiek van Suid-Afrika geld dit veral vir die huisvesting en vervoer van Bantowerkers.

Sosiale koste vorm 'n verdere grensvoorwaarde wat die maksimering van die bruto binnelandse produk kan beperk.

#### 5.12.2 Die verband tussen sosiale koste en lone

Indien die produsent alle sosiale kostes self sou moes dra, sou dit twee gevolge gehad het wat hier ter sake is.

Eerstens sou sy produksiekoste hoër gewees het. Dit weer sou ten gevolge gehad het dat die verbruiker meer vir die produk moes betaal en/of dat die produsent se wins laer sou gewees het. In die eerste geval sou die verbruiker en in die tweede geval die produsent se welvaart daardeur verlaag gewees het. Die gemeenskap as geheel se welvaart sou egter nie daardeur geraak word nie.

By verdere oorweging blyk die saak egter heelwat ingewikkelder te wees. Dit blyk naamlik dat die sosiale koste, indien die produsent dit nie betaal nie, deur of die owerheid uit belastings of die gemeenskap self in die vorm van 'n verlaagde omgewingskwaliteit betaal word. Die owerheid kan die belasting van òf die verbruiker òf die produsent òf ander lede van die gemeenskap invorder. In al die gevalle word die gemeenskap as geheel se welvaart met die koste verminder. Wat die gemeenskap as geheel se welvaart aanbetref, maak dit dus nie saak wie die sosiale koste betaal nie. Dit moet in elk geval betaal word. Die koste word egter nie in al die gevalle deur dieselfde persone betaal nie. Die betaling van die sosiale kostes deur die owerheid of die gemeenskap kan dus op 'n herverdeling van inkome ten gunste van die produsent of koper van die produk neerkom.

Indien die produsent se kosprys egter so hoog opgestoot word wanneer hy die sosiale koste self moet betaal dat hy nie 'n winsgewende mark vir sy produk kan vind nie en hy die produksie moet staak, sal sy werknemers en hyself daaronder ly. Of die gemeenskap as geheel beter of slegter daaraan toe sal wees, sal daarvan afhang of die produksie, looninkome en wins wat hy so verloor, hoër of laer gewaardeer word as die sosiale kostes wat aangegaan moet word om die produksie te verseker.

Tweedens sal die produsent 'n deel van die sosiale koste wat hy self moet dra as òf kontantloon òf loon in natura aan sy werkers moet betaal. Die vraag is of dit enige verskil aan die werkers of aan die gemeenskap as geheel se welvaart sal maak. Die antwoord skyn nee te wees. Aan die werker maak dit geen saak of hy die goedere of dienste van die owerheid of van die werkgewer ontvang nie. Vir hom beteken dit in elk geval welvaartsverhoging.

'n Derde moontlikheid wat ook oorweging verdien, word gevind wanneer die produsent die produk uitvoer. Betaal die owerheid die sosiale koste, beteken dit moontlik dat die produsent teen 'n mededingende prys kan uitvoer. Die buitelandse koper wen baie daarby deurdat hy ook nie die belasting hoef te betaal waarmee die owerheid die sosiale koste dek nie. Die plaaslike belastingbetaler of die algemene publiek subsidieer met ander woorde die buitelandse koper van die produk. Dit is 'n besliste welvaartsverhoging van die buitelandse koper ten koste van die plaaslike volkshuishouding.

Aan die ander kant mag dit gebeur dat die produsent, indien hy die sosiale koste self moet dra, se produksiekoste so styg dat hy verplig is om sy verkoopsprys te verhoog. Dit kan vir hom die verlies van sy uitvoermark beteken en vir die volkshuishouding as geheel probleme met die betalingsbalans.

#### 5.13 DIE INVLOED VAN LONE OP INTERNE MEDEDINGING TUSSEN PRODUSENTE

Indien die arbeidsmark in 'n land sodanig is dat dit vir produsente moont-

lik is om in sekere gebiede arbeid te huur teen 'n prys wat aansienlik laer is as wat vir arbeid van dieselfde kwaliteit in ander gebiede betaal moet word, dan beteken dit dat die produsent in die laeloongebied in soverre dit lone aanbetref 'n kompeterende voorsprong op die een in die hoëlloongebied het. Indien die arbeidskoste 'n groot persentasie van hulle produksiekoste uitmaak en indien ander faktorkostes min of meer gelyk is sal die produsent in die laeloongebied sy produkte teen 'n laer prys op die mark kan plaas en ceteris paribus nogtans dieselfde wins maak as die produsent in die hoëlloongebied. Op internasionale gebied word so 'n toestand van sake as onregverdige kompetisie beskou en die hoëlloonprodusent word gewoonlik deur sy regering beskerm deurdat doeaneregte op produkte uit die laeloonland gehef word.

Die vraag wat hier ter sprake kom, is of die produsent in die hoëlloongebied ook teen die produsent in die laeloongebied beskerm moet word indien hulle en hul fabriek albei binne die grense van dieselfde land is. Hierdie vraag is natuurlik baie aktueel vir die Republiek van Suid-Afrika met sy Bantoetuislande en grensgebiede, waar lone moontlik aansienlik laer kan wees as wat dit in die metropolitaanse gebiede is.

Om die vraag te beantwoord, moet na die nadele en voordele wat uit so 'n toedrag van sake vir die volkshuishouding as geheel voortspruit, gekyk word.

Eerstens dien daarop gelet te word dat die lae lone gewoonlik gepaard gaan met en meestal die gevolg is van werkloosheid en/of onderindiensneming en dit is 'n toestand wat die owerheid gewoonlik nie kan of wil duld nie.

Tweedens is die laeloongebied gewoonlik ook onderontwikkel omdat dit die een of ander kostnadeel of ander ongunstige vestigingsfaktor het wat veroorsaak het dat dit agtergebly het toe die hoëlloongebied ekonomies ontwikkel het.

Derdens moet die vraag beantwoord word of dit wel wenslik is dat die betrokke gebied ekonomies moet ontwikkel. Daar mag naamlik politieke oorwegings wees wat nywerheidskonsentrasie in die bepaalde gebied onwenslik maak.

Besluit die owerheid egter dat dit wenslik is dat die betrokke laeloongebied ekonomies moet ontwikkel, moet nog verder besluit word of dit ten koste van die hoëlloongebied moet geskied of nie. Daar mag naamlik oorwegings wees wat die owerheid laat besluit dat dit onwenslik is dat die laeloongebied se ekonomiese ontwikkeling ten koste van die hoëlloongebied se welvaartspeil moet geskied.

Andersom mag dit juis wenslik wees om ekonomiese aktiwiteit en/of verbruikersvraag in die hoëlloongebied te demp ten einde inflasie daar te bekamp. In so 'n geval mag dit baie wenslik wees dat ekonomiese ontwikkeling en nywerheidsvestiging in die laeloongebied ten koste van die hoëlloongebied sal geskied.

Soos in paragraaf 5.5 aangetoon is, is dit in die geval van die Republiek van Suid-Afrika onwenslik dat die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande ten koste van die Blanke gebiede se welvaartspeil sal geskied. Dit is egter wel wenslik dat daar ekonomiese ontwikkeling in die Bantoetuislande sal plaasvind.

Laastens kan dit wees dat ekonomiese ontwikkeling van die laeloongebied, indien dit ten koste van die hoëlloongebied geskied, sal lei tot òf 'n verlaging òf 'n verhoging van die nasionale welvaart.

Na gelang van die owerheid se beleid aangaande die bogenoemde moontlikhede, waar hulle voorkom, kan die owerheid dan optree deur òf die loondifferensiaal uit te wis òf dit as instrumentveranderlike in sy ekonomiese politiek aan te wend. Die owerheid kan selfs besluit om die bestaande loondifferensiaal nog verder te vergroot.

Die uitwissing of vergroting van bestaande loondifferensiale kan geskied deur differensiële loonbelastings op werkers of werkgewers in die verskillende gebiede te hef.



## 5.14 ENKELE GEVOLGTREKKINGS AANGAANDE DIE ROL VAN LONE IN DIE WELVAARTSVRAAGSTUK

### 5.14.1 Die invloed van lone op ekonomiese ontwikkeling

(a) Indien daar volle indiensneming van alle produksiefaktore heers, is verdere ekonomiese groei of ontwikkeling afhanklik van 'n verandering in bestaande produksietegnieke en verhoogde lone is 'n faktor wat topbestuur kan oorreed om verbeterde produksietegnieke in te voer (kyk par. 5.3.2).

(b) Optimum produksie onder volmaakte marktoestande word bereik waar lone gelyk is aan die grensgeldopbrengs van arbeid (kyk par. 5.3.2).

(c) Dit is moontlik dat loonstygings produksiekoste so kan laat styg dat die produksie gestaak moet word omdat die produk nie meer lonend uitgevoer kan word nie (kyk paragraaf 5.3.2).

(d) Dit skyn ewe moontlik te wees om die arbeidsaanbod met verhoogde lone te vergroot as wat dit is om dit met verhoogde lone te verlaag. (kyk par. 5.3.2).

(e) Loonsverhogings ten koste van winste kan ekonomiese ontwikkeling beperk deurdat dit kapitaalvorming beperk (kyk par. 5.3.2).

### 5.14.2 Die invloed van lone op volle indiensneming

(a) Die klassieke ekonomiese teorie het lone beskou as die enigste of vername instrument waarmee werkloosheid uitgewis kan word. Volgens die teorie bestaan die werkloosheid sy bestaan te danke gehad aan lone wat institusioneel te hoog vasgestel is. Werkloosheid kan egter enige tyd weer uitgewis word, deur net eenvoudig die nodige maatreëls te tref om te verseker dat lone onghinderd sal kan daal tot 'n ewewigskoers wat terselfdertyd volle indiensneming sal verseker (kyk par. 5.4.2 en par. 5.4.4).

(b) Die Keynesiaanse ekonomiese teorie ken 'n baie meer ondergeskikte rol aan lone toe by die bestryding van werkloosheid. Daarvolgens hang indiensneming af van besparing, investering en verbruik. Nominale lone kan of konstant gehou word, of toegelaat word om te styg sonder om indiensneming nadelig te beïnvloed mits reële lone net sal daal deurdat pryse van goedere en dienste vinniger as nominale lone styg (kyk par. 5.4.3).

(c) Dit wil egter voorkom asof 'n belangrike deel van die Keynesiaanse teorie, te wete likwiditeitsvoorkeur, ekonomiese ewewig met werkloosheid en die verband tussen inkome (en indiensneming) en die rentekoers slegs aanvaar en verklaar kan word indien onbuigsame lone (veral na benede) aprioristies aanvaar word (kyk par. 5.4.5)

(d) Anders as wat Keynes geglo het, is dit blykbaar nie nodig om reële lone eers na benede te dwing (deur nominale lone konstant te hou terwyl pryse styg nie) om ondernemers te oorreed om produksie en also indiensneming uit te brei nie (kyk par. 5.4.5).

(e) Ten spyte van die tekortkominge daarvan is die Keynesiaanse metodes om werkloosheid te bekamp waarskynlik die mees praktiese beskikbaar vir die beleidmaker (kyk par. 5.4.5).

### 5.14.3 Die invloed van lone op afsonderlike ontwikkeling

(a) Hoë lone in die Bantoetuislande is noodsaaklik om die migrasiestroom van Bantoes wat tans van die Bantoetuislande na die Blanke gebiede toe vloei, om te keer (kyk par. 5.5.3).

(b) Lae lone in die Bantoetuislande is noodsaaklik om ekonomiese ontwikkeling daar te bevorder (kyk par. 5.5.4).

(c) Die teenstrydige eise van die twee voorgaande paragrawe kan opgelos word deur 'n loonbelasting op werkgewers van Bantoes in die Blanke gebiede te hef en die werkgewers in die Bantoetuislande met die opbrengs te subsidieer. Maar dit sal inflasie in die Blanke gebiede bevorder (kyk par. 5.5.4).

#### 5.14.4 Die invloed van lone op die eweredige verdeling van die volksinkome

(a) Alhoewel die welvaart van sommige subjekte van die volkshuishouding deur 'n herverdeling van inkomste verhoog kan word, word die totale welvaart, staties gesien, nie daardeur verander nie (kyk par. 5.7.1).

(b) Uit 'n dinamiese oogpunt kan 'n minimumloonbeleid wel daarvoor verantwoordelik wees dat 'n volkshuishouding se welvaartspeil verlaag word (kyk paragraaf 5.7.4).

(c) Teoreties is dit wel moontlik om indiensneming en also die totale welvaart van 'n volkshuishouding te verhoog deur 'n statutêre algemene minimum loon in te voer. In die praktyk kan daar egter nie veel van so 'n maatreël verwag word nie (kyk par. 5.7.4).

(d) Dit wil voorkom asof 'n statutêr neergelegde algemene minimumloon die werkgeleentheid veral vir ongeskoolde arbeiders kan inperk (kyk par. 5.7.4).

(e) 'n Minimumloonbeleid kan die ekonomiese ontwikkeling van 'n land se onderontwikkelde gebiede strem (kyk par. 5.7.4).

(f) Die aantal werksongeskiktes in 'n land kan deur die vasstelling van 'n minimum loon verhoog word (kyk par. 5.7.4).

(g) Alhoewel 'n statutêr neergelegde algemene minimum loon 'n aantal van die laagsbesoldigde werkers in 'n land kan bevoordeel, wil dit nogtans voorkom asof die werkers van 'n land, veral oor die lang termyn, meer baat sal vind by produktiwiteitsverhoging, volle indiensneming en ekonomiese ontwikkeling of groei (kyk par. 5.7.4).

(h) Indien minimumloonwetgewing vir die Republiek van Suid-Afrika oorewieg word, sal 'n selektiewe minimum loon wat van streek tot streek en van sektor tot sektor sal verskil, verkieslik wees bo 'n algemene minimum loon (kyk par. 5.7.5).

(i) Die vasstelling van maksimum lone beteken 'n herverdeling van inkome ten gunste van winsontvangers en ten koste van loontrekkers (kyk par. 5.8).

(j) Beheer oor maksimum lone kan ekonomiese ontwikkeling bevorder (kyk par. 5.8).

(k) Die hoofdoel van die beheer van maksimum lone is gewoonlik om inflasie te bekamp.

(l) Geen seksie van die bevolking het enige spesiale aansprake op die volle voordele van produktiwiteitsverhogings nie (kyk par. 5.6).

(m) Voortgesette verhoogde produksie (inkome) as gevolg van produktiwiteitsverhoging deur tegnologiese ontwikkeling is blykbaar slegs moontlik indien die verhoogde opbrengs daaruit òf verbruik òf geïnvesteer word. Indien dit nie geïnvesteer word nie, sal dit verbruik moet word. Die vraag na goedere en dienste sal dus moet styg. Maar 'n verhoogde vraag na goedere en dienste is meestal slegs moontlik indien verbruikersinkome (hoofsaaklik lone) styg. Dit beteken òf 'n styging in lone met konstante produktpriese òf 'n daling in produktpriese met konstante lone. Stygende lone met konstante priese is egter gunstiger vir voortgesette investering (kyk par. 5.6).

#### 5.14.5 Die invloed van lone op prysstabiliteit

(a) Dit is onwaarskynlik dat 'n outonome loonsverhoging 'n inflasionistiese siklus kan veroorsaak (kyk par. 5.10.2).

(b) Lone kan egter 'n belangrike rol speel in die verdere verloop van die konjunktuuksiklus nadat 'n inflasionistiese beweging eers deur ander faktore aan die gang gesit is (kyk par. 5.10.3).

(c) Loonstygings wat binne perke van produktiwiteitstygings gehou word, is nie inflasionisties nie (kyk par. 5.10.3).

(d) Die bekamping van inflasie deur lone vas te pen, beteken 'n herverdeling van inkome ten gunste van dividendontvangers en ten koste van die betrokke loontrekkers (kyk par. 5.10.3).

- 5.14.6 (a) 'n Land se algemene loonhoogte in vergelyking met dié van sy konkurrense en in verhouding tot die produktiwiteit van sy arbeidsmag bepaal in 'n groot mate sy mededingende posisie op die internasionale goederemarkte (kyk paragraaf 5.11).
- (b) Loonsverhogings kan beide invoere laat styg en uitvoere laat daal en also die betalingsbalans nadelig beïnvloed (kyk paragraaf 5.11).
- 5.14.7 Indien produsente in die metropolitaanse gebiede die sosiale koste van produksie alles self moet betaal, sal hul arbeidskoste aansienlik hoër wees as tans (kyk paragraaf 5.12).
- 5.14.8 Groot verskille in die heersende lone in verskillende geografiese gebiede kan tot onregverdig kompetisie tussen produsente in die verskillende gebiede aanleiding gee (kyk paragraaf 5.13).

## LITERATUURLYS

- 1 PIGOU, A.C. The Economics of welfare. (4th ed.), London, Macmillan & Co., 1946.
- 2 REYNOLDS, L.G. Labor economics and labor relations. (4th ed.), New Jersey, Prentice-Hall, 1965.
- 3 LESTER, R.A. Economics of labor. (2nd ed.), New York, Macmillan, 1964.
- 4 GEYSER, D.J. Die arbeidspolitiek. In: LOMBARD, J.A. red. Die Ekonomiese politiek van S.A. Kaapstad, HAUM, 1967.
- 5 KATZEN, L. The case for minimum wage legislation in South Africa. The South African Journal of Economics. 29, 1961 : 195-212.
- 6 STEENKAMP, W.F.J. Bantu wages in South Africa. The South African Journal of Economics. 30, 1962.
- 7 VILJOEN, S.P. du T. Higher productivity and higher wages of Native labour in South Africa. The South African Journal of Economics. 29, 1961 : 35-41.
- 8 HORWOOD, O.P.F. Is minimum wage legislation the answer for South Africa? The South African Journal of Economics. 30, 1962 : 119-131.
- 9 STEENKAMP, W.F.J. Comment. The South African Journal of Economics. 29, 1961: 41-44.
- 10 FRANKLIN, N.N. and YAMEY, B.S. An enquiry into some effects of a wage determination in Grahamstown. The South African Journal of Economics. 9, 1941 : 416-422.
- 11 REYNDERS, H.J.J. Die taak van die Bedryfsleier. Pretoria, J.L. van Schaik, 1967.
- 12 LOMBARD, J.A. en STADLER, J.J. Die Ekonomiese stelsel van Suid-Afrika. Kaapstad, HAUM, 1967.
- 13 LOMBARD, J.A. In: C.G.W. SCHUMANN, D.G. FRANZSEN en G. DE KOCK. Ekonomie. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars, 1964.
- 14 STEENKAMP, W.F.J. The problem of wage regulation. The South African Journal of Economics. 33 (2), June, 1965.
- 15 KAUN, D.E. The Fair Labour Standards Act: An evaluation. The South African Journal of Economics. 33 (2), June, 1965.
- 16 HICKS, J.R. The Theory of wages. New York, Peter Smith, 1948.
- 17 FICHANDLER, T.C. Unemployment: Its composition and measurement. In: W.S. WOYTINSKY and ASSOCIATES. Employment and wages in the United States. New York, The Twentieth Century Fund, 1953.
- 18 PIGOU, A.C. Essays in economics. London, Macmillan & Co., 1952.
- 19 WOYTINSKY, W.S. Employment and wages in the United States. New York, The Twentieth Century Fund, 1953.
- 20 PHELPS, O.W. Introduction to labor economics. New York, McGraw-Hill, 1955.
- 21 ACKLEY, G. Macroeconomic theory. New York, Macmillan, 1966.
- 22 BOTHA, D.J.J. The critics of Keynesian economics (review article). The South African Journal of Economics. 31, 1963 : 81-102.
- 23 PIGOU, A.C. Employment and equilibrium. London, Macmillan, 1941.
- 24 KEYNES, J.M. The general theory of employment interest and money. London, Macmillan, 1936.
- 25 DUNLOP, J.T. The demand and supply functions for labor. The American Economic Review. XXXVIII (2) May, 1948.

- 26 PIGOU, A.C. The classical stationary state. The Economic Journal. 53, 1943.
- 27 VINER, J. Mr Keynes on the causes of unemployment. In: HAZLITT, H., ed. The critics of Keynesian economics. New York, Van Nostrand, 1960.
- 28 HUTT, W.H. The significance of price flexibility. The South African Journal of Economics. 22, 1954 : 40-51.
- 29 ROBERTS, B.C. National wages policy in war and peace. London, Allen & Unwin, 1958.
- 30 CHAMPERNOWNE, D.G. Unemployment, basic and monetary: The classical analysis and the Keynesian (1936) In: LEKACHMAN, R., ed. Keynes' general theory. Reports of three decades. New York, St. Martins Press, 1960.
- 31 RÜPKE, W. The economics of full employment. In: HAZLITT, H., ed. The critics of Keynesian economics. New York, D. van Nostrand, 1960.
- 32 MODIGLIANI, F. Liquidity preference and the theory of interest and money. In: HAZLITT, H., ed. The critics of Keynesian economics. New York, D. van Nostrand, 1960.
- 33 SCHREIBER, W. On two topical questions of distribution theory and policy. The German Economic Review. 7 (3), 1969 : 199-215.
- 34 HOLZMAN, F.D. Inflation : Cost-push and demand-pull. American Economic Review. 2 (1), March, 1960 : 20-42.
- 35 REYNOLDS, L.G. Wages in the business cycle. American Economic Review. XLII (2), May, 1952 : 84-99.
- 36 KENDRICK, J.W. and SATO, R. Factor prices, productivity and growth. American Economic Review. LIII (5) Dec., 1963 : 974 - 1003.
- 37 EVANS, W.D. Productivity and wages. In: WOYTINSKY, W.S. and ASSOCIATES, ed. Employment and wages in the United States. New York, The Twentieth Century Fund, 1953.
- 38 DUNLOP, J.T. Productivity and the wage structure. In: Income, employment and public policy. Essays in honor of Alvin H. Hansen by L.A. Metzler et al. New York, W.W. Norton & Co., 1948.
- 39 RÜSTOW, H.J. The development of the shares of wages and profits in an industrial society. The German Economic Review. 5, 1967 : 89-115.
- 40 MISHAN, E.J. A survey of welfare economics 1939-59 In: Surveys of economic theory. I, New York, Macmillan, 1968.
- 41 BRENNAN, M.J. Theory of economic statics, Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall, 1965.
- 42 TINBERGEN, J. Economic policy principles and design. Amsterdam, North-Holland Publishing Co., 1964.
- 43 LOMBARD, J.A. Die ekonomiese politiek van Suid-Afrika. Kaapstad, HAUM, 1967.
- 44 VAN DEN BOGAERDE, F. Makroëkonomie en die verdelingsleer, Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie. 38 (4), Des., 1970: 344-366.
- 45 VAN DER MERWE, P.J. Die Bantoe-mannekragpotensiaal van Suid-Afrika se Bantoevolke met verwysing na indiensnemingsmipunte ten opsigte van elke volk, Mededeling van die Afrika-Instituut. (15), Pretoria, 1970.
- 46 REYNDERS, H.J.J. Bepalende faktore by die tempo van nywerheidsontwikkeling binne die Bantoegebiede van Suid-Afrika. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. 17, Pretoria, 1957.

- 47 LOMBARD, J.A. Die staatkundige en administratiewe beginsels van tuislandontwikkeling : Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseangeleenthede, (6), Pretoria, 1970.
- 48 VAN DER MERWE, P.J. The economic influence of the Bantu labour bureau system on the Bantu labour market; The South African Journal of Economics, 37 (1), March, 1969.
- 49 LOMBARD, J.A. Enkele aspekte van die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede in Suid-Afrika. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, nuwe reeks, deel 17. Pretoria, 1957.
- 50 BLAU, P.M. and DUNCAN, O.T. The American occupational structure. New York, Wiley, c. 1967.
- 51 TERBLANCHE, S.J. Kommentaar tydens 1970, SABRA-kongres; Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseangeleenthede, (6), Pretoria, 1970.
- 52 VAN DER MEULEN, J. Koste, kosprys en waarde In: RÄDEL, F. en REYNDERS, H.J.J., red. Inleiding tot die bedryfseconomie. Pretoria, Van Schaik, 1967.
- 53 KIRSCHEN, E.S., BENARD, J., BESTERS, H., BLACKABY, F., ECKSTEIN, O., FAALAND, J., HARTOG, F., MORISSENS., L. en TOSCO, E. : Economic policy in our time. Amsterdam, North-Holland, 1964.
- 54 United States Department of Labour : Manpower report of the president. Washington DC, 1964.
- 55 SCHUMANN, C.G., FRANZSEN, D.G. en DE KOCK, G. : Ekonomie, 'n Inleidende studie. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1964.
- 56 DE VRIES, A.J.M. en VAN WALSEM, D.J. : Prospects for 1971. Bureau for economic research. University of Stellenbosch, 1970.

## HOOFSTUK 6

### DIE ROL VAN LONE IN DIE ALLOKASIE VAN ARBEID

#### 6.1 ALGEMEEN

Die allokasie van arbeid tussen die verskillende sektore van die volkshuishouding en meer in die besonder tussen die verskillende individuele ondernemings in elke sektor van die volkshuishouding, is 'n saak van die grootste belang. Indien daar nie 'n gebalanseerde verspreiding van arbeid sou wees nie, beteken dit dat daar êrens in die volkshuishouding tekorte sal wees, eerstens aan werkers met al die nadele wat oorvolle indiensneming meebring en tweedens aan sekere verbruikersgoedere of dienste met al die ontberings wat dit meebring. Aan die ander kant beteken dit ook dat daar terselfdertyd êrens anders in die volkshuishouding werkloosheid kan heers met al die ontbering en ellende wat dit meebring. Indien daar nie, saam met die tekorte in die een sektor, werkloosheid in 'n ander sektor heers nie, kan daar as gevolg van foutiewe allokasie van arbeid nogtans 'n oorskot of minstens oorvloedige voorsiening van sekere minder noodsaaklike produkte of dienste wees terwyl daar terselfdertyd 'n tekort aan ander maar meer noodsaaklike produkte of dienste heers.

In breë trekke kan daar beweer word dat die allokasie van arbeid deur die prysmeganisme (loon) gereël word, terwyl die prysbepaling deur middel van die vraag na en aanbod van arbeid geskied. So 'n stelling is egter niksseggend want onmiddellik kom die vraag na vore: Wat is dit wat die vraag na en aanbod van arbeid vir elke individuele bedryf, elke sektor en selfs vir die volkshuishouding as geheel reël? In hierdie hoofstuk sal egter meer in die besonder aandag gegee word aan die rol van lone in die bepaling van die vraag na en aanbod van arbeid.

#### 6.2 DIE VRAAG NA ARBEID

##### 6.2.1 Die individuele onderneming se vraag na arbeid

Soos in hoofstuk 3 paragraaf 3.4 gesien is, word die individuele onderneming se vraag na arbeid direk van die onderneming se grensgeldopbrengs van arbeid afgelei. Oor die kort termyn en onderhewig aan die veronderstelling dat arbeid die enigste veranderlike produksiefaktor is (13, 321), sal die individuele onderneming se grensgeldopbrengskurwe van arbeid en sy arbeidsvraagkurwe, binne die grense wat van enige praktiese belang is, identies wees. Indien dan aanvaar word dat die prys van arbeid, dit is die loon, vir die individuele onderneming onder volmaakte arbeidsmarktoestande 'n van buite gegewe grootte is, sal sy vraag na arbeid, met 'n gegewe grensgeldopbrengs van arbeidskurwe, 'n bepaalde grootte of bepaalbare grootte wees.

Boulding (17, 252) wys egter daarop dat die vraag na arbeid as produksiefaktor nie 'n direkte vraag is nie, maar wel 'n afgeleide (derived) vraag. Die vraag na arbeid ontstaan omdat daar 'n vraag bestaan na die produkte wat deur die arbeid geproduseer word. As afgeleide vraag het die vraag na arbeid volgens Boulding twee hoof parameters naamlik grootte en elasticiteit, terwyl elk van die twee parameters weer deur drie verskillende faktore bepaal word (17, 252 - 253).

Die drie faktore wat volgens Boulding (17, 253 - 254) die grootte van die vraag na arbeid, en enige ander produksiefaktor bepaal, is:


(a) Hoe belangriker die rol wat arbeid speel in die produksieproses van 'n produk, met ander woorde hoe groter arbeidskoste as persentasie van totale koste is, hoe groter sal die vraag na die betrokke soort arbeid wees.

(b) Hoe geringer die moontlikheid om arbeid in 'n produksieproses met ander produksiefaktore te vervang, hoe groter sal die vraag na arbeid wees.

(c) 'n Verwagte styging in die vraag na 'n produk, sal 'n styging in die vraag na die betrokke arbeid veroorsaak.

Die bogenoemde faktore wat 'n baie belangrike invloed op die vraag na arbeid het, verander egter nog glad nie die vorm van die arbeidsvraagkurwe nie. Dit kan egter wel die posisie van die vraagkurwe betekenisvol verander soos in figuur 6.1 (A) aangetoon word.

FIGUUR 6.1



Indien V<sub>1</sub> die oorspronklike vraagkurwe was en die vraag na arbeid is deur een van genoemde drie faktore betekenisvol beïnvloed, kan dit die arbeidsvraagkurwe byvoorbeeld verskuif na V<sub>2</sub> of V<sub>3</sub>. Soos gesien kan word, sal so 'n verandering in die posisie van die vraagkurwe dui op 'n verandering in die vraag na arbeid sonder 'n ooreenstemmende verandering in die prys (loon) daarvan. Vanuit 'n ander hoek gesien, kan so 'n verskuiwing van die vraagkurwe dui op 'n loonverandering wat geen ooreenstemmende verandering in die indiensneming van arbeid sal meebring nie (kyk figuur 6.1 (B)).

Die vraagkurwe van 'n bepaalde soort arbeid in 'n bepaalde mark kan ook om ander redes 'n soortgelyke verskuiwing ondergaan. Indien die prys waarteen 'n produk verkoop kan word byvoorbeeld om die een of ander eksterne rede verhoog of verlaag word, sal die produsent se arbeidsvraagkurwe moontlik so 'n verskuiwing ondergaan.

Met die prys- of loonelastisiteit van vraag word bedoel die relatiewe gevoeligheid van die vraag vir prysveranderinge. Die drie faktore wat volgens Boulding (17, 254 - 255) die loonelastisiteit van vraag na arbeid kan beïnvloed, is:

(a) Hoe belangriker die rol van arbeid in die produksieproses van 'n bepaalde produk is, met ander woorde hoe groter persentasie die arbeidskoste van die totale produksiekoste is, hoe groter die loonelastisiteit van vraag na die betrokke arbeid sal wees.

(b) Hoe groter die pryselastisiteit van vraag na 'n bepaalde produk is, hoe groter sal die loonelastisiteit van vraag na die betrokke arbeid wees.




(c) Hoe beter en hoe goedkoper moontlike plaasvervangers vir arbeid in 'n bepaalde produksieproses is, hoe groter sal die loonelasisiteit van vraag na die betrokke arbeid wees.

Die loonelasisiteit van vraag na 'n bepaalde tipe arbeid word in die arbeidsvraagkurwe aangetoon deur die helling daarvan. In figuur 6.2 word byvoorbeeld drie verskillende vraagkurwes aangetoon wat in elke geval slegs ten opsigte van die elastisiteit daarvan van die ander twee verskil. (Die negatiewe teken van die helling van 'n vraagkurwe word tradisioneel eenvoudig weggelaat.)

In figuur 6.2 A word 'n arbeidsvraagkurwe met 'n loonelasisiteit van minder as een getoon.

FIGUUR 6.2



Soos gesien kan word, sal 'n loonsverandering daar 'n kleiner as proporsionele verandering in indiensneming tot gevolg hê. 'n Vraagkurwe wat vertikaal loop het 'n elastisiteit van nul. So 'n vraagkurwe dui daarop dat 'n loonsverandering geen verandering in indiensneming tot gevolg sal hê nie.

In figuur 6.2 B word 'n vraagkurwe met 'n elastisiteit van een aangetoon. Die helling van die kurwe is  $45^\circ$ . Dit dui daarop dat 'n loonsverandering in so 'n geval 'n absoluut proporsionele verandering in die vraag na arbeid tot gevolg sal hê.

In figuur 6.2 C word 'n vraagkurwe met 'n elastisiteit wat groter is as een aangegee. Dit dui daarop dat 'n loonsverandering in so 'n geval 'n groter as proporsionele verandering in die vraag na arbeid tot gevolg sal hê. Indien die vraagkurwe horisontaal loop, sal enige loonsverhoging 'n totale onttrekking van die vraag na arbeid tot gevolg hê. So 'n vraagkurwe se elastisiteit is oneindig.

Alhoewel die arbeidsvraagkurwe wat op die grensproduktiwiteitsteorie gebaseer is, vir teoretiese doeleindes redelik algemeen aanvaar word, word die geldigheid daarvan vandag, hoofsaaklik op grond van praktiese oorwegings, van verskeie kante af ernstig in twyfel getrek.

Wat die kort termyn aanbetref laat Reynolds hom byvoorbeeld as volg oor die grensproduktiwiteit van arbeid uit: "I suggest as a hypothesis - there is virtually no evidence on the matter - that output is usually a homogeneous linear function of variable inputs over the normal output range. This amounts to saying that the marginal physical productivity of labor (and of each other variable factor) is constant up to the single-shift capacity of the plant"

(7, 295). Sodra 'n onderneming of bedryf enkelskofkapasiteit moet oorskry, sal totale koste met ander woorde sprongsgewys styg terwyl eenheidskoste onbepaald is. Dit kan styg (indien met dieselfde toerusting oortyd gewerk word) of konstant bly (indien die bestaande produksiekapasiteit net eenvoudig herhaal word sonder enige kostevordele of -nadele) of dit kan daal (indien produktiewer masjiene aangeskaf word).

Indien egter aanvaar word dat die grenskostekurwe, tot en met volle enkelskofkapasiteit, horisontaal bly, sal dit beteken dat die ondernemer se arbeidsvraagkurwe tot by volle enkelskofkapasiteit ook horisontaal bly. Dit sou beteken dat die individuele ondernemer se kort termynvraag na arbeid oneindig loon-elasies is, wat nie die geval is nie, soos wat hieronder aangedui sal word.

Reynolds beweer verder dat dit vandag eerder die reël as die uitsondering is dat werkgewers oligopoliste met produktdifferensiasie is. In die geval is die kousale verband tussen produksiekoste, lone en vraag na arbeid heel anders as in 'n volmaakte mark. Vir die oligopolis begin die kousale orde van sake by die vasstelling van die prys van sy gedifferensieerde produk. Die prys bepaal weer meteen die volume van sy verkope wat weer sy produksievolume en alsook sy vraag na arbeid bepaal (7, 296).

Reynolds beweer ook dat daar geen rede bestaan om te aanvaar dat die meeste hedendaagse ondernemers hul vraag na arbeid onmiddellik sal inkort indien lone verhoog word nie. Solank winste net hoog is, steur hulle hulle min aan die loon. Sodra winste daal, spring almal rond om koste te besnoei. Gewoonlik is daar ook baie plekke waar koste besnoei kan word sonder om indiensneming te besnoei. Die vraag na arbeid bly gewoonlik onveranderd solank daar maar net goeie winste gemaak word aldus Reynolds (7, 298 - 299).

Volgens Schreiber (9, 214) het presies hierdie verskynsel tot gevolg dat dit in die grootste belang van beide die ondernemer en van die werker is dat die ondernemer goeie winste sal maak. Solank die ondernemer wins maak, bly sy vraag na arbeid hoog en is hy bereid om 'n hoër prys daarvoor te betaal. Hoe hoër sy wins hoe hoër loon is hy bereid om te betaal en hoe beter vir die werker want dan word sy (of haar) arbeid 'n begeerde en skaars artikel. Geen wonder dat die Amerikaanse vakbondleier Samuel Gompers, volgens Schreiber eens beweer het dat die grootste misdryf waaraan 'n ondernemer hom kan skuldig maak, is om nie 'n wins te maak nie (9, 214).

Daar kan natuurlik verweer word dat indien lone en die vraag na arbeid dan nie via die produksievolume aan mekaar verbonde is nie, dan is dit minstens via die produksiefunksie aan mekaar verbonde. Indien dit die geval is, sal 'n loonsverhoiging aanleiding gee tot die vervanging van arbeid met kapitaalgoedere en sal die vraag na arbeid dus daal. Reynolds beweer dat dit in die individuele bedryf oor die kort termyn slegs onder twee voorwaardes gebeur.

Eerstens die bedryf moes alreeds die beste kombinasie van arbeid en kapitaal in die lig van die heersende pryse gebruik het. Tweedens moet daar ander kombinasies van arbeid en kapitaal beskikbaar wees wat onder die nuwe omstandighede gebruik kan word (7, 298). Dit beteken onder andere dat die mark groot genoeg moet wees om die moontlike nuwe masjiene teen volle kapasiteit te benut, iets wat in die Republiek van Suid-Afrika meermale nie die geval is nie.

Die eerste een van die twee voorwaardes beweer Reynolds word heel selde indien ooit aan voldoen. Produktiwiteit (efficiency) sê hy, is meestal in die individuele bedryf veel meer 'n saak van organisasie as van korrekte verhoudings tussen arbeid en kapitaal. Indien die prys van arbeid verhoog en die winsgewendheid van die onderneming daardeur in gevaar gestel word, kan produktiwiteit veel makliker opgestoot word deur die organisasie op te knap as deur die bestaande verhoudings te verander. Op die manier word die winsgewendheid van die onderneming gewoonlik baie maklik herstel sonder om enige arbeid te ontslaan (7, 298).

Ook Lester verwerp die idee dat die individuele onderneming se vraag na arbeid oor die kort termyn deur die grensproduktiwiteit of die grensgeldopbrengs van arbeid bepaal word. In die eerste instansie wys hy daarop dat die winsgewendheid van 'n groot kapitaalintensiewe onderneming meer deur besetting as deur lone beïnvloed word. Winste kan met ander woorde meer ly onder produksieinkrimping as onder 'n loonsverhoging (8, 233).

Lester is verder ook van mening dat werkgewers in hul produksiebeslissings nie deur grenskoste nie maar wel deur gemiddelde koste gelei word. Hulle is heelwaarskynlik glad nie eers bewus van grenskoste nie. Bowendien reken hy bestaan daar baie gevalle waar grenskoste of konstant bly of daal by verhoogde indiensneming. Verder wys hy daarop dat industriële pryspolitiek tot gevolg kan hê dat grensinkomstekurwes onbepaald of diskontinue is (8, 231).

Uit voorgaande kan dus afgelei word dat die individuele onderneming se korttermynvraag na arbeid volkome loononelasies is. (Elastisiteit = 0.) Daar moet egter onthou word dat hierdie afleiding gebaseer word op waarnemings uit die praktyk en dat daar in die praktyk oor die kort termyn baie selde die volmaakte marktoestande aangetref word wat deur die grensproduktiwiteitsteorie en die arbeidsvraagkurwe wat daarop gebaseer is, veronderstel word. Daar kan dus nie op grond van die teenstrydige bevindings uit die praktiese lewe beweer word dat die vraag na arbeid oor die lang termyn betekenisvol sal afwyk van die patroon wat op grond van die grensproduktiwiteitsteorie verwag kan word nie, veral nie indien die meer ooglopende tekortkominge van die arbeidsmark op die een of ander wyse uit die weg geruim kan word nie. Teoreties gesproke sal die belange of welvaart van die volkshuishouding as geheel ook die beste gedien word deur alles moontlik te doen om te verseker dat arbeidsmarktoestande so na as moontlik aan die van die suiwer Marshalliaanse mark sal wees (kyk par. 2.2.10). Hiermee word egter nie ontken dat daar wel arbeidsvraagstukke bestaan wat nie na bevrediging deur die markmeganisme opgelos kan word nie. Dit geld veral vir die Republiek van Suid-Afrika met sy heterogene bevolkingsamestelling.


Dit moet ook weer eens beklemtoon word dat die arbeidsvraagkurwe wat op die grensproduktiwiteitsteorie gebaseer is essensieel 'n langtermynvraagkurwe is. Soos reeds in hoofstuk 3 paragraaf 3.4 gemeld is, stel sommige ekonome die tyd wat nodig is vir die arbeidsmark om na 'n versteuring weer in ewewig te kom op 50 jaar.

#### 6.2.2 Die totale of makrovraag na arbeid

Volgens die klassieke ekonomiese teorie was die makro-, of totale vraag na arbeid eenvoudig verkry deur al die individuele ondernemings in die volkshuishouding se vraag na arbeid te sommer. Waar die individuele onderneming se vraag na arbeid, soos in paragraaf 6.2.1 gesien is, direk afgelei was van die grensproduktiwiteitsteorie van arbeid en dus 'n dalende funksie van reële lone was, volg dit dat die volkshuishouding se totale vraag na arbeid ook 'n dalende funksie van reële lone sal wees en min of meer soos volg daar sal uitsien.

R.S.

FIGUUR 6.3



Keynes het sy analyse van die werking van die ekonomiese stelsel ook op hierdie basiese veronderstelling gebou. Hyself stel dit so: "It means that, with a given organization, equipment and technique, real wages and the volume of output (and hence of employment) are uniquely correlated, so that, in general, an increase in employment can only occur to the accompaniment of a decline in the rate of real wages. Thus I am not disputing this vital fact which the classical economists have (rightly) asserted as indefeasible" (14, 17).

Dunlop laat hom as volg oor hierdie tradisionele arbeidsvraagkurwe uit: "The shape of the demand curve for labor as a whole is not a truly fundamental postulate, subject directly to statistical investigation, since in both Keynesian and classical systems it is derived from the presumed shape of production functions" (1, 341).


Keynes het egter wel met enkele betekenisvolle verskille in sy benadering tot die makro-ekonomiese vraag na arbeid vorendag gekom wat die klassieke ekonomie nie geken het nie. Die vernaamste hiervan was dat die klassieke ekonome gewerk het met 'n stelsel waarin Say se wet gegeld het, dit wil sê 'n stelsel waarin geld geen of slegs 'n absoluut neutrale rol gespeel het. Geld kon dus nie die vraag na arbeid in die een of ander mate beïnvloed nie (15, 135). Keynes wys egter daarop dat in 'n moderne geldeconomie kan daar 'n vraag na geld ontstaan (dit is Keynes se likwiditeitsvoorkeur) wat tot gevolg kan hê dat die vraag na verbruikers- en investeringsgoedere en dienste sodanig afneem dat die totale vraag na arbeid as gevolg daarvan ook sal afneem al word reële lone ook onbeperk verlaag (15, 235).

Dit blyk dus dat die totale vraag na arbeid in 'n volkshuishouding ook deur ander faktore as net die loonhoogte beïnvloed kan word en hier word veral gedink aan die effektiewe vraag na goedere en dienste, 'n onderwerp wat veel eerder by die welvaartsvraagstuk tuishoort en as sodanig alreeds in hoofstuk 5 paragraaf 5.4 bespreek is.

Dunlop gaan egter sover om te beweer dat daar voldoende alhoewel indirekte getuienis bestaan om te beweer dat, behalwe in die geval van oorvolle indiensneming (werkloosheid minder as 3 persent) indiensneming en lone altyd gelyktydig in 'n volkshuishouding styg (1, 342). Die getuienis waarna hy verwys is eersens die feit dat winste gewoonlik styg soos produksie en dus ook indiensneming styg. Laer lone is dan nie 'n noodsaaklike voorvereiste vir verhoogde indiensneming nie. Tweedens dui "break-even"-studies ook daarop dat winste eweneens by verhoogde produksie en dus ook verhoogde indiensneming toeneem. Derdens dui statistieke daarop dat arbeid se aandeel in die volksinkome redelik konstant bly in tye van hoogkonjunktuur (kyk hoofstuk 7).


Die verhoogde vraag na arbeid as gevolg van 'n hoër effektiewe vraag na goedere en dienste of as gevolg van verhoogde winsgewendheid soos deur Dunlop beskryf, verander egter nog glad nie die vorm van die arbeidsvraagkurwe soos dit hierbo geskets is nie. Wat egter wel onder dergelyke omstandighede kan gebeur, is dat dit die posisie van die vraagkurwe na bo en/of na regs kan verskuif soos in figuur 6.4 aangedui.

FIGUUR 6.4



Weintraub, wat van mening is dat die tradisionele arbeidsvraagkurwe nie ten volle rekening hou met die realiteite van die arbeidsmark en die nuwere insigte van die kontemporêre ekonomiese denke nie, het in 1956 'n alternatiewe arbeidsvraagkurwe voorgestel wat min of meer soos volg sal lyk (16. 845).

FIGUUR 6.5



Hy lei die vraagkurwe in figuur 6.5 A af van die indiensneming wat nodig sal wees om die produksie voort te bring wat die vraag na en aanbod van goedere en dienste in ewig sal bring. Sy verklaring vir die vorm van die kurwe is kortliks soos volg:

(a) Besonder hoë nominale lone sal met inflasie gepaard gaan en dit kan verwag word dat die owerheid sal ingryp met monetêre maatreëls wat indiensneming sal laat daal. Dit verklaar die aa-gedeelte van die kurwe.

(b) By besonder lae lone sal die Pigou-effek in werking tree wat 'n verhoogde vraag na arbeid tot gevolg sal hê, vandaar die vorm van die bb-gedeelte van die kurwe.

(c) Die ab-gedeelte van die kurwe meen hy sal nie juis baie loonelasies wees nie. Dit klop met Reynolds se idees oor die mikrovraag na arbeid (kyk par.

6.2.1). Weintraub beweer dat dit onder sekere omstandighede selfs moontlik is dat die arbeidsvraagkurwe of dan minstens 'n deel daarvan 'n positiewe helling sal hê (kyk figuur 6.5 B). Die rede vir die positiewe helling van die ab-ge=deelte van die arbeidsvraagkurwe moet, volgens Weintraub (16, 846), hoofsaaklik gesoek word by die toekomsverwagtings van ondernemers in 'n volkshuishouding. Verwag hulle 'n stygende vraag na goedere en dienste in die nabye toekoms, sal hulle bereid wees om hul indiensneming uit te brei al is dit teen 'n verhoogde nominale loon. Implisiet word hier bedoel dat die ondernemer verwag dat hy die verhoogde arbeidskoste op die verbruikers sal kan afskuif. Onthou egter dat Weintraub se vraagkurwe met nominale lone werk. So 'n toestand van sake sal met ander woorde nie noodwendig die vorm van die tradisionele arbeidsvraag=kurwe, waar met reële lone gewerk word, verander nie. Dit mag wel die posisie daarvan verskuif.

### 6.3 DIE AANBOD VAN ARBEID

#### 6.3.1 Die totale of makroaanbod van arbeid in 'n volkshuishouding

Sommige skrywers waaronder Hicks (2,2) is geneig om die vraagstuk van die aanbod van arbeid op die makro-ekonomiese vlak te beskou as behorende by die bevolkingsleer en dit verder af te maak deur aanbod as onveranderlik en van buite gestuur te aanvaar.

Arbeidsekonome aanvaar egter vandag dat die kwessie van die totale aanbod van arbeid veel meer om die lyf het as die blote grootte van die bevolking. Van veel groter belang is byvoorbeeld die sogenaamde arbeidsdeelnamekoers van die bevolking, dit wil sê watter persentasie van die bevolking ekonomies bedrywig is. In die Verenigde State van Amerika word 'n persoon beskou as ekonomies bedrywig wanneer hy arbeidsgeskik is, en of 'n werk het of aktief na 'n werk soek (3, 321). Lombard en Stadler wys egter daarop dat vanweë die dualistiese karakter van die volkshuishouding van die Republiek van Suid-Afrika, waar te doene gekry word met 'n aansienlike persentasie van die Bantoebevolking wie se sogenaamde ekonomiese bedrywigheid uit 'n primitiewe vorm van selfversorging in hul tuislande bestaan, moet die begrip ekonomiese bedrywigheid met besondere oordeel gehanteer word, want die opbrengs van sulke Bantoes se sogenaamde ekonomiese bedrywigheid is, volgens Westerse maatstawwe, besonder laag (18, 18). Hulle definieer dan 'n persoon as ekonomies bedrywig wanneer hy buite die huis=like kring sy dienste teen 'n vergoeding aanbied (18, 67). Die definisie sluit dan alle dienste wat lede van 'n gesin aan mekaar lewer uit van ekonomiese bedrywigheid.

Of 'n mens ekonomies bedrywig is of nie hang volgens Reynolds (3, 324), Long (12, 36) en Dunlop (1, 347) meer van tradisie af as van enigiets anders. Tradisie skryf voor dat 'n gesonde volwasse man tussen sekere ouderdomsgrense ekonomies bedrywig sal wees tensy hy met opleiding (skool of universiteit) besig is. Tradisie het in die verlede voorgeskryf dat 'n dogter selfs nadat sy skool verlaat het nie 'n betrekking mag aanvaar nie. Tradisie bepaal grootliks 'n man se aftreeouderdom ensovoorts. Dit alles is sake wat oor die kort termyn nie wesentlik verander nie. Oor die lang termyn kan dit wel verander. Vandag is dit byvoorbeeld wel tradisie dat 'n dogter wat skool verlaat vir 'n vergoeding sal gaan werk. Noodtoestande kan egter wel oor die kort termyn drastiese veranderinge in die arbeidspatroon van die volk teweegbring. So het Wêreldoorlog II byvoorbeeld 'n wesentlike verandering in die patroon van ekonomiese bedrywigheid van vroue teweeggebring. Sulke veranderinge is meestal slegs vir die duur van die noodtoestand. Sulke noodtoestande het egter waarskynlik ook wesentlike lang termynveranderinge in die patroon van ekonomiese bedrywigheid van die bevolking en veral van die vrou tot gevolg gehad.

Die ekonomiese bedrywigheid van die vrouebevolking van 'n land word verder ook deur enkele ander faktore beïnvloed. Correa noem byvoorbeeld 'n verandering in die geboorte- en huweliksyfer van 'n land (19, 20). Long weer vestig die aandag op 'n omgekeerde verwantskap tussen die lone van mans en die ekonomiese bedrywigheid van vroue. Volgens Long se bevindings wat op die Verenigde State van Amerika se sensusgegevens gebaseer is, daal die vroue se deelnamekoers met gemiddeld 0.5 persent vir elke 1-persentstyging in die lone van mans oor die

jare 1900 tot 1950. Dit het tot gevolg dat die deelnamekoers van albei geslagte met gemiddeld 0.18 persent daal vir elke 1-persentstyging in die lone van mans (12, 60).

Pogings om die korttermynarbeidsaanbodskedule empiries te bepaal was volgens Dunlop nie baie suksesvol nie (1, 347). Tradisioneel word dit egter as 'n stygende funksie van lone aanvaar, maar dit is volgens Dunlop (1, 347) en Long (5) nie so nie. Long beweer in die verband dat "the aggregate labor supply curve is not only inelastic (indeed almost completely so) with respect to income change, but is independent also of great fluctuations in the labor demand" (5). Volgens Reynolds is daar egter wel aanduidings dat die aanbod van arbeid kan styg wanneer betrekkinge maklik bekombaar is (3, 327). Vermoedelik is lone in sulke tye en op sulke plekke dan ook aan die styg. Dunlop beweer egter in die verband: "It cannot be denied that certain minor groups within the labor force, for example, the old, the very young, some housewives and workers with two jobs, may be more sensitive to changes in wage rates" (1, 347). Dunlop is ook van mening dat 'n trapsgewys stygende aanbodkurwe wat vir lang periodes gelyk loop maar met spronge styg by groot loonsveranderinge maar ongevoelig is vir klein opwaartse veranderinge waarskynlik die beste weergawe van die praktyk sal wees. Hy wys ook daarop dat klein afwaartse loonsveranderinge minstens tydelik tot 'n algehele onttrekking van die normale aanbod kan lei (staking) (1, 347). Dunlop beveel aan dat die totale aanbod van arbeid oor die kort termyn vir teoretiese doeleindes beskou moet word as ongevoelig vir klein (modest) loonsveranderinge (1, 348).

Dit bring mens by die vraag of, indien die arbeidsaanbod wel loonelasties is, dit gevoelig is vir veranderinge in

(a) die reële loon of (b) die nominale loon. Volgens die klassieke teorie is die makroaanbod van arbeid 'n funksie van die reële loon.

$$N = N\left(\frac{W}{P}\right)$$

waar

N = indiensneming

W = nominale loon

P = algemene pryspeil.

Volgens Keynes is die makroaanbod van arbeid tot by volle indiensneming egter slegs afhanklik van die nominale loon.

$$N = N(W) \quad (1, 346)$$

Dunlop beweer dat Keynes verplig was om die wysiging aan te bring omdat dit andersins sou beteken dat beide die volume van indiensneming en die loonkoers, net soos by die klassieke teorie deur vraag en aanbod bepaal sou word, want Keynes se arbeidsvraagfunksie is, soos reeds in pragraaf 6.2.2 gesê, presies dieselfde as die klassieke teorie s'n, terwyl Keynes eintlik daarop uit was om te bewys dat welvaart (indiensneming en produksie) deur besparing, investering en verbruik bepaal word (1, 346). Oor die baie kort termyn was Keynes waarskynlik ook reg. Die baie lewenskosteklousules in vakbondloonooreenkomste en verwysings na stygende lewenskoste wanneer om hoër lone geagiteer word, dui egter daarop dat werkers tog baie bewus is van 'n dalende reële waarde van hul lone in tye van stygende pryse. Volgens Perry was 20 persent van die Amerikaanse werksmag se lone in 1960 onderhewig aan lewenskosteklousules (4, 25).

Alles in ag genome wil dit dus voorkom asof dit vir beleidsdoeleindes die beste sal wees om die makroaanbod van arbeid oor die kort termyn en onder normale omstandighede te beskou as relatief onelasties vir geringe loonstigings, terwyl 'n relatief groot loonverandering 'n geringe (trapsgewys) verandering in die totale aanbod van arbeid teweeg sal bring. Vir langtermynbeleidsdoeleindes skyn dit die beste te wees om te aanvaar dat die totale arbeidsaanbod 'n funksie is van faktore soos bevolkingsgroei, migrasie, tradisie ensovoorts, dit wil sê faktore wat streng gesproke, buite die bemoeienisveld van die ekonoom val.

### 6.3.2 Die aanbod van arbeid aan die individuele onderneming

Afgesien daarvan dat die faktore wat die makroarbeidsaanbod beïnvloed terselfdertyd ook die aanbod van arbeid aan die individuele onderneming, bedryf, bedryfstak of beroep op die een of ander manier beïnvloed, moet daar natuurlik ook nog ander faktore wees wat 'n invloed op die laasgenoemde aanbod het. Dit is immers denkbaar dat daar werkloosheid in die volkshuishouding as geheel kan heers, terwyl daar nogtans êrens in die stelsel 'n onderneming is wat 'n tekort aan arbeid van die een of ander soort ondervind, of omgekeerd dat daar oorvolle indiensneming heers terwyl sommige ondernemings meer werkers in diens kan neem as wat hulle verlang.

Die kardinale vraag hier is dus: Wat is die addisionele faktore wat die aanbod van arbeid aan die individuele onderneming, ensovoorts reël?

Blote nominale loon kan dit nie wees nie want volgens beide die klassieke teorie en volgens 'n moderne arbeidsekonoom soos Reynolds is die loonelastisiteit van arbeidsaanbod vir die individuele onderneming in 'n volmaakte arbeidsmark oneindig (10, 390 en 411). Dit beteken dat die individuele onderneming in 'n volmaakte arbeidsmark teen die heersende loon net soveel werkers as wat hy wil hê, kan huur. Teen 'n loon wat 'n klein bietjie laer as die heersende loon is, sal hy hoegenaamd geen werker te huur kry nie. Hyself sal natuurlik ook nie so onnosel wees om onder sulke omstandighede meer as die heersende loon aan te bied nie.

Hou egter in gedagte dat die suiwer ekonomiese teorie hier verwys na 'n volmaakte arbeidsmark, wat onder andere die volgende veronderstel:

- (a) Alle werkers is in alle opsigte absoluut homogeen.
- (b) Alle werkers is volmaak mobiel.
- (c) Onder heersende loon word verstaan die netto waarde van alle voor- en nadele verbonde aan die betrekking (insluitende die loon).
- (d) Alle werkers beskik oor volmaakte markkennis.
- (e) Die vraag na en aanbod van arbeid is in ewewig.
- (f) Die betrokke volkshuishouding is staties.

Dit is nodeloos om te sê dat al die voorwaardes net in die teorie voorkom. In die praktyk het mens te doen met heterogene, immobiele, oningeligte werkers. 'n Statiese toestand in ons ontwikkelingsbewuste wêreld en 'n volkshuishouding waar daar nie òf werkloosheid òf oorvolle indiensneming heers nie, bestaan blykbaar glad nie meer nie.

Dit wil dus voorkom asof dit vir beleidsdoeleindes wenslik is om kennis te neem van faktore voortspruitende uit die onvolmaakte arbeidsmark wat 'n bepalende invloed uitoefen op die aanbod van arbeid aan die individuele onderneming, bedryf, bedryfstak, beroepsgroep, ensovoorts.

Die eerste een van die faktore wat aandag verdien, is die heterogeniteit van die werkers. Wat ook al oorsaak en wat ook al gevolg is, is nie so seer ter sake nie as die feit dat die kwaliteit van verskillende werkers aansienlik verskil en dat die lone van werkers van dieselfde beroep ook aansienlik verskil. Volgens Hicks is dit nou juis die beter kwaliteit werker wat gewoonlik die hoër loon verdien en is die onderneming wat die hoër loon betaal gewoonlik in staat om die dienste van die beter kwaliteit werker te bekom (2, 73 - 74). Anders gestel, indien die loon van die werkers in 'n bepaalde gebied tussen twee grense skommel, sal die werkgewer wat 'n loon wat na aan die boonste grens lê betaal, in staat wees om mettertyd 'n superieure werkerskorps op te bou terwyl die werkgewer wat 'n loon betaal wat na aan die onderste grens lê, sal vind dat die werkers wat hy kan bekom almal relatief minderwaardige werkers is. Al het die laasgenoemde werkgewer dus dieselfde hoeveelheid werkers in diens as die eersgenoemde een sal sy arbeidsaanbod nogtans laer wees as die van die hoërloonwerkgewer omdat die hoeveelheid werk wat hy per werker ontvang, soveel laer is (2, 82 - 83).



'n Tweede faktor wat 'n belangrike invloed op die aanbod van arbeid aan die individuele onderneming ensovoorts het, is die relatiewe immobiliteit van die meeste werkers (11, 256). Hierdie relatiewe immobiliteit van werkers kan veral oor die kort termyn tot gevolg hê dat die arbeidsaanbod vir individuele ondernemings, dorpe, stede, ensovoorts heelwat kan verskil van wat mens op suiwer teoretiese gronde sou verwag dat dit moet wees. So byvoorbeeld, kan 'n onderneming 'n loon wat heelwat hoër is as die gebied se heersende lone aanbied sonder om daarin te slaag om die nodige werkers te trek indien daar volle indiensneming heers. Die rede moet dan by oorsake soos die volgende gesoek word:

(a) Die verandering van werkgewer mag vir die werkers koste meebring wat nie ten volle deur die hoër loon vergoed sal word nie.

(b) Baie werkers vind dit moeilik om hul bekende werkgemeenskap met alles wat dit meebring, te verlaat vir vreemde en onbekende werksomstandighede.

(c) Baie werkers wys 'n hoër betaalde betrekking van die hand net omdat hulle nie hul gesin uit 'n bekende skool, kerk en sosiale gemeenskap uit wil wegneem nie.

(d) Senioriteitsvoordele wat 'n werker by sy huidige werkgewer geniet, weerhou hom meermale van 'n verandering wat vir hom finansiële voordele kan meebring.

(e) Soms vereis die nuwe betrekking heropleiding om nuwe vaardighede te verwerf terwyl ou vaardighede dan heeltemal verlore gaan.

(f) Soms het slegs 'n baie klein persentasie van die bevolking die inherente vermoëns om 'n bepaalde beroep suksesvol te kan beoefen en sal geen loonsverhoging die aanbod verhoog nie.

(g) Baie werkers sal eenvoudig net nie weet van die beter betaalde betrekking wat daar vir hulle beskikbaar is nie.

(h) In ander gevalle sal daar juridiese, sosiale of ander hindernisse in die weg van moontlike werkers wees wat hulle verhoed om beter betaalde betrekking te aanvaar, byvoorbeeld werkreservering en toestromingsbeheer.

Dieselfde soort oorsake kan ook tot gevolg hê dat werkgewers wat 'n substandaard loon betaal oor die kort termyn nogtans daarin sal slaag om sy werkerskorps of minstens 'n groot deel van hulle te behou. Oor 'n langer termyn sal hy egter wel van sy werkers en veral van sy beter werkers begin verloor (2, 83). Oor nog 'n langer termyn sal hy met baie ernstiger tekorte te kampe begin kry omdat hy net nie meer daarin sal slaag om nuwe toetreders (skoolverlaters) te trek nie.

Dit wil dus voorkom asof die onvolmaakthede van die arbeidsmark verantwoordelik gehou kan word vir baie van die afwykings wat daar bestaan in die arbeidsaanbodpatroon waarmee baie werkgewers te doen kry en dat dit tot gevolg het dat die allokasie van arbeid aan individuele werkgewers as gevolg daarvan nie sodanig is dat die volkshuishouding as geheel die optimale welvaart verkry uit die arbeid van sy arbeidsmag nie. Dit moet egter onthou word dat genoemde onvolmaakte arbeidsmarktoestande in sommige gevalle juis daarvoor verantwoordelik is dat sommige individuele werkgewers se belange beter gedien word as wat 'n volmaakte mark dit sou dien. Maar dit geskied dan ten koste van die bereiking van die optimale welvaartspeil in die volkshuishouding.

Laastens moet ook steeds in gedagte gehou word dat daar in 'n volkshuishouding sekere nie-ekonomiese oorwegings mag bestaan wat kan veroorsaak dat die totale belange van die volkshuishouding beter gedien word deur 'n onvolmaakte allokasie van arbeid. Oorwegings van die aard word egter as van buite gegewe en nie vatbaar vir ekonomiese beoordeling nie, beskou. Wanneer daar dan van die verbetering van die arbeidsmarktoestande gepraat word, word daarmee bedoel verbetering binne die grense wat deur die van buite gegewe nie-ekonomiese faktore daargestel word.

## 6.4 GEVOLGTREKKINGS

### 6.4.1 Die vraag na arbeid

(a) Die individuele onderneming se vraag na arbeid word bepaal deur die grensgeldopbrengs van arbeid (kyk par. 6.2.1).

(b) Die individuele onderneming se vraag na arbeid is nie 'n direkte vraag nie maar word afgelei van die vraag na die produkte wat deur die arbeid geproduseer word en as afgeleide vraag het dit twee parameters naamlik grootte en elastisiteit (kyk par. 6.2.1).

(c) Die grootte van die individuele onderneming se vraag na arbeid word bepaal deur (i) die relatiewe belangrikheid van arbeid se aandeel in die betrokke produksieproses en (ii) die mate van vervangbaarheid van arbeid in die betrokke produksieproses en (iii) die verwagte toekomstige vraag na die betrokke produkte (kyk par. 6.2.1).

(d) Enigeen van die bogenoemde drie faktore kan die posisie, maar nie die vorm nie, van die individuele onderneming se arbeidsvraagkurwe verander (kyk par. 6.2.1).

(e) Die elastisiteit van vraag na arbeid word bepaal deur (i) die relatiewe belangrikheid van arbeid in die betrokke produksieproses, (ii) die pryselastisiteit van vraag na die betrokke produk en (iii) die mate waarin arbeid in die betrokke produksieproses met ander produksiefaktore vervang kan word (kyk par. 6.2.1).

(f) Die pryselastisiteit van vraag na arbeid word deur die helling van die arbeidsvraagkurwe aangetoon (kyk par. 6.2.1).

(g) Die totale vraag na arbeid in 'n volkshuishouding word verkry deur eenvoudig die individuele ondernemings se individuele vraag na arbeid te sommer. Indirek word die totale vraag na arbeid dus ook deur die grensproduktiwiteit van arbeid bepaal (kyk par. 6.2.2).

(h) Die totale vraag na arbeid word egter grootliks bepaal deur die totale effektiewe vraag na goedere en dienste in die volkshuishouding, wat op sy beurt weer tot 'n groot mate deur die totale vraag na likwiede betaalmiddele (Keynes se likwiditeitsvoorkeur) bepaal word (kyk par. 6.2.2.).

### 6.4.2 Die totale aanbod van arbeid

(a) Die totale aanbod van arbeid in 'n volkshuishouding word bepaal deur die grootte en die arbeidsdeelnamekoers (of ekonomiese bedrywigheidskoers) van die bevolking (kyk par. 6.3.1).

(b) Dit word gerade geag om 'n persoon in die Republiek van Suid-Afrika as ekonomies bedrywig te klassifiseer slegs indien hy sy dienste buite die huislike kring teen vergoeding aanbied (kyk par. 6.3.1).

(c) Die ekonomiese bedrywigheid van vroue, en alsoo van die volkshuishouding as geheel, skyn af te neem soos mans se loon styg (kyk par. 6.3.1).

(d) Dit wil voorkom asof dit gerade is om die korttermyn-totale aanbod van arbeid in 'n volkshuishouding te beskou as redelik loononelasies vir geringe loonstygings, terwyl groter loonstygings sprong- of trapsgewyse veranderinge in die totale aanbod van arbeid teweeg sal bring (kyk par. 6.3.1).

(e) Die langtermyn-totale aanbod van arbeid skyn hoofsaaklik in funksie van faktore soos bevolkingsgroei, bevolkingsgrootte, migrasie, tradisie, ensovoorts te wees (kyk par. 6.3.1).

### 6.4.3 Die aanbod van arbeid aan die individuele onderneming

(a) Tradisionele ekonomiese teorie leer dat die individuele onderneming in 'n volmaakte mark teen die heersende loon net soveel werkers as wat hy wil hê, in diens kan neem (kyk par. 6.3.2).

(b) Dit wil voorkom asof die arbeidsmark in so 'n mate van die volmaakte mark kan afwyk dat die arbeidsaanbod waarmee die individuele onderneming soms in die praktyk te kampe kry in 'n aansienlike mate van die teoreties veronderstel-

de aanbod kan afwyk (kyk par. 6.3.2).

(c) Vir beleidsdoeleindes is dit wenslik om kennis te neem van die faktore wat vir die onvolmaaktheid van die arbeidsmark en also vir die atipiese arbeidsaanbod verantwoordelik is (kyk par. 6.3.2).

LITERATUURLYS

- 1 DUNLOP, J.T. The demand and supply functions for labour. The American Economic Review ;XXXVIII (2), May, 1948. (Papers and proceedings of the sixteenth annual meeting) : 341 - 350.
- 2 HICKS, J.R. The theory of wages. New York, Peter Smith, 1948.
- 3 REYNOLDS, L.G. Labor economics and labor relations .(4th edition), New Jersey, Prentice-Hall, 1964.
- 4 PERRY, G.L. Unemployment, money wage rates and inflation. Massachusetts, The M.I.T. Press, 1966.
- 5 LONG, D.G. The labor force and the supply curve of labor. Unpublished paper referred to by Dunlop J.T. on p. 348 in 1.
- 6 VILJOEN, P. du T. Wage differentiation with reference to the building industry in the Union of South Africa. Unpublished M.Com. thesis, Pretoria University, 1957.
- 7 REYNOLDS, L.G. Toward a short-run theory of wages. American Economic Review. 38, 1948 : 289 - 308.
- 8 LESTER, R. Effects of the war on wages and hours. American Economic Review, 33, 1943 : 218 - 237.
- 9 SCHREIBER, W. On two topical questions of distribution theory and policy. German Economic Review, 7(3) 1969 : 199 - 215.
- 10 REYNOLDS, L.G. The supply of labor to the firm. Quarterly Journal of Economics, 60, 1945 - 46 : 390 - 411.
- 11 DAVIS: P. and MATCHETT, G.J. Modern labor economis. New York, The Ronald Press Co., 1954.
- 12 LONG C.D. The labor force under changing income and employment. Princeton, Princeton University Press, 1958.
- 13 SCHUMANN, C.G.W., FRANZSEN D.G. en DE KOCK, G. Ekonomie, n Inleidende studie. Universiteitsuitgewers en boekhandelaars, Stellenbosch, 1964.
- 14 KEYNES, J.M. The general theory of employment, interest and money. London, Macmillan, 1936.
- 15 CARTTER, A.M. Theory of wages and employment. Homewood Illinois, Richard D. Irwin, Inc., 1959.
- 16 WEINTRAUB, S. A macroeconomic approach to the theory of wages. The American Economic Review, 46, 1956.
- 17 BOULDING, K.E. Economic analysis. I,(4th edition), New York, Harper & Row, 1966.
- 18 LOMBARD, J.A. en STADLER, J.J. Die ekonomiese stelsel van Suid-Afrika. Kaapstad, HAUM, 1967.
- 19 CORREA, H. The economics of human resources. Amsterdam, North-Holland Publishing Co., 1963.

HOOFSTUK 7

DIE INVLOED VAN LONE OP DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK

7.1 DIE INVLOED VAN LONE OP DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK GESIEN VANUIT DIE OOGPUNT VAN DIE GRENSPRODUKTIWITEITSTEORIE VAN ARBEID.

Indien die grensproduktiwiteitsteorie van arbeid aanvaar word, en daar bestaan min rede om dit op die makrovlak oor die kort termyn geheel en al te verwerp, dan kan daar by eerste oorweging verwag word dat daar oor die jare heen 'n redelike voorspelbare verband tussen lone as persentasie van bruto binnelandse produk en produktiwiteitstyging sal bestaan. Volgens die teorie moet totale lone immers gelyk wees aan arbeid se bydrae tot die produksie van die bruto binnelandse produk (1, 263 - 264). Lone as persentasie van die bruto binnelandse produk sal met ander woorde oor die jare heen saam met arbeidsproduktiwiteit moet (of minstens kan) styg, want hoe produktiewer die werkers is, hoe groter is die waarde van hul grensproduk en dus ook van hul "bydrae" tot die bruto binnelandse produk, en hoe groter kan hul reële loon wees. By verdere oorweging blyk die aargeleentheid egter nie so eenvoudig te wees nie, aangesien daar ander faktore wat dit ietwat ingewikkelder maak by betrokke is.

Eerstens moet onthou word dat arbeidsproduktiwiteit meestal styg omdat die arbeid met 'n groter hoeveelheid kapitaalgoedere kan saamwerk in die produksieproses (kyk hoofstuk 4) terwyl die grensproduktiwiteitsteorie juis aanneem dat die hoeveelheid kapitaal wat met die arbeid saamwerk, konstant is. Tweedens moet onthou word dat lone as persentasie van die bruto binnelandse produk nie net styg omdat reële loonkoerse gestyg het nie, maar ook omdat industrialisasie en die opkoms van die grootbedryf daarvoor verantwoordelik is dat 'n groot persentasie van die produksie wat in die 19de eeu deur individuele ondernemers (vakmanne) in eenmansake vir eie rekening onderneem is, vandag in groot fabriekes deur loontrekkers onderneem word (2, 109). Dit het tot gevolg dat die persentasie van die ekonomies bedrywige bevolking wat loontrekkers is oor die afgelope eeu aansienlik gestyg het, en dat lone as persentasie van bruto binnelandse produk ook aansienlik gestyg het (kyk tabel 7.1). Dit sal dus geen nuttige doel dien om lone as persentasie van die bruto binnelandse produk met produktiwiteitsstygings te vergelyk nie.

TABEL 7.1

LONE AS 'N PERSENTASIE VAN DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Jaar	%	Jaar	%	Jaar	%	Jaar	%
1850	35.8	1925	59.2	1938	66.6	1951	64.6
1860	37.2	1926	58.9	1939	66.1	1952	66.7
1870	48.6	1927	60.5	1940	63.9	1953	68.3
1880	51.5	1928	60.4	1941	61.9	1954	68.8
1890	53.5	1929	58.2	1942	61.9	1955	67.8
1900	47.3	1930	61.8	1943	64.3	1956	69.1
1910	46.9	1931	66.6	1944	66.4	1957	69.7
1919	57.9	1932	73.0	1945	68.0	1958	70.7
1920	59.2	1933	73.6	1946	65.1	1959	70.3
1921	59.8	1934	70.0	1947	65.0	1960	71.7
1922	61.0	1935	66.2	1948	63.1	1961	71.7
1923	60.5	1936	66.1	1949	64.7	1962	71.8
1924	60.1	1937	65.1	1950	63.8	1963	72.1

Bostaande tabel is oorgeneem uit 'n artikel deur Rüstow (2, 89 - 115). Hy wys egter daarop dat die syfers uit verskillende bronne kom en daarom nie streng vergelykbaar is nie. Berekenings vir die periode 1850-1910 is gedoen deur King (Wages and salaries as percent of personal income payments), vir 1919-1928 deur S. Kuznets (Employee compensation as percentage of national income), vir 1929-1957 deur die Departement van Handel van die VSA (Employee compensation as percentage of national income) en vir 1958-1963 gebaseer op syfers uit die Yearbook of national accounts statistics 1964.

Lone kan egter, volgens die grensproduktiwiteitsteorie, 'n beperkende invloed op produksie hê, indien dit hoër as die grensprodukt van arbeid styg. Hierdie aangeleentheid is egter alreeds in hoofstukke 3 en 5 bespreek en sal nie verder hier aandag geniet nie, behalwe om daarop te wys dat Reynolds dit ernstig in twyfel trek dat so iets oor die kort termyn wel sal gebeur. Hy beweer dat die meeste ondernemings vandag soveel geleentheid het om hul organisasies en dus ook hul kostestruktuur en winsgewendheid op te knap dat dit onwaarskynlik is dat hulle op 'n loonsverhoging wat hul winsgewendheid in gevaar stel, sal reageer. Deur produksie en indiensneming in te kort (3, 298 - 299). Oor die lang termyn sal indiensneming en produksie baie meer deur effektiewe vraag na goedere en dienste (kyk par. 5.4. en 5.5), tegnologiese ontwikkelings, innovasies en die ontdekking en aanwending van nuwe hulpbronne (4, 93 - 100) beïnvloed word as deur loonkoerse. Dit sal dus ook nie enige nuttige doel dien om lone as persentasie van bruto binnelandse produk in historiese verband met ekonomiese ontwikkeling in verband te probeer bring nie. Daar moet egter nie uit die oog verloor word nie dat goedkoop arbeid wel 'n belangrike hulpbron in die strewe na ekonomiese ontwikkeling kan wees nie. Maar daarvoor word later meer gesê (kyk par. 7.3).

## 7.2 LONE AS PERSENTASIE VAN DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK IN DIE GESKIEDENIS VAN 'N VOLKSHUISHOUDING

Volgens Rüstow bestaan daar 'n besliste patroon waarvolgens lone as persentasie van die bruto binnelandse produk sal verander soos 'n volkshuishouding oor die jare heen volgens die Westerse kapitalistiese stelsel ekonomies ontwikkel en industrialiseer (2, 109 - 111). Hy deel die ontwikkelingsgang in drie fases in wat soos volg verloop:

(a) Die eerste fase is die oorgangsperiode vanaf die voorkapitalistiese struktuur na die moderne industriële volkshuishouding toe. Dit begin met die ingebruikneming van masjinerie wat nie meer deur diere- of mensekrag aangedryf word nie. Die persentasie van die ekonomies bedrywige bevolking wat vir 'n loon en nie vir eie rekening werk nie, is aan die begin nog maar klein maar soos industrialisasie toeneem, neem dit teen 'n steeds stygende koers toe. Gevolglik sal totale lone in die stadium vinniger toeneem as wat totale ondernemerswinste sal toeneem, ten spyte van 'n skerp daling in produksiekoste as gevolg van die industrialisasie. Die belangrikste faktor wat lone as persentasie van bruto binnelandse produk in hierdie stadium beïnvloed, is dus die skerp toename van loontrekkers as persentasie van die ekonomies bedrywige bevolking. Lone as persentasie van die bruto binnelandse produk kan in hierdie fase styg van 30 persent en minder tot selfs hoër as 50 persent.

(b) In die tweede fase is 'n hoë graad van industrialisasie alreeds bereik. Ondernemerswinste het tot op sy maksimumvlak gestyg en stagneer dan daar. Loontrekkers is grootliks afhanklik van die private kapitalistiese sektor van die volkshuishouding vir hul inkome, en lone as persentasie van die bruto binnelandse produk styg baie stadig van om en by 50 persent tot 60/70 persent.

(c) Die derde fase is volgens Rüstow nog net deur Engeland en die Verenigde State van Amerika bereik. In dié fase het die persentasie van die ekonomies bedrywige bevolking wat nie loontrekkers is nie so laag gedaal, dat 'n verdere versterking van die loontrekkers se getalle vanuit die rigting amper geen betekenisvolle invloed op lone as persentasie van die bruto binnelandse produk kan uitoefen nie. Tog kan lone as persentasie van die bruto binnelandse produk aanvanklik nog skerp styg ten koste van ondernemerswinste.

Omdat lone in hierdie fase reeds baie hoër as die minimumbestaansloon is, word 'n groot persentasie van lone nou gespaar wat op sy beurt weer bydra tot die vermindering van ondernemerswinste en ook 'n groot hoeveelheid nuwe investering jaarliks vereis om volle indiensneming te verseker.

Rüstow meen dat die gegewens in tabelle 7.1 en 7.2 sy "teorie"bewys of minstens nie weerspreek nie. In tabel 7.1 kan gesien word dat die verloop van lone as persentasie van die bruto binnelandse produk in die geval van die Verenigde State van Amerika (die enigste land waarvoor gegewens vir so 'n lang termyn beskikbaar is) by benadering is soos wat op grond van Rüstow se "teorie" voorspel kan word.

TABEL 7.2

LONE AS 'N PERSENTASIE VAN DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK VIR 'N  
AANTAL LANDE 1950 EN 1963\*

Land		% 1950	% 1963
Guatemala		24.5	32.8
Suid-Korea	(1)	27.9	34.3
Griekeland	(2)	37.5	38.4
Japan		41.8	53.8
Nieu-Seeland		46.3	57.8
Italië	(1)	49.4	58.5
Frankryk		52.7	62.4
Denemarke	(3)	53.0	60.9
België	(1)	53.5	59.3
Ierland		55.1	56.9
Oostenryk		55.3	64.3
Noorweë		56.9	67.6
Wes-Duitsland		58.6	64.8
Swede		59.2	72.7
Switserland		60.8	62.8
Kanada		62.0	68.2
VSA		64.1	72.1
Engeland		71.0	74.6

\*Bron: Yearbook of national accounts statistics, 1964, aange-  
haal deur Rüstow (2, 113).

- (1) Syfers vir 1953-1963
- (2) Syfers vir 1955-1963
- (3) Syfers vir 1950-1962

In tabel 7.2 kan gesien word dat die enigste twee lande wat nog in 'n pre-kapitalistiese ontwikkelingstadium verkeer, Guatemala en Suid-Korea, se persentasies baie laag is. In die geval van Griekeland en Nieu-Seeland wat tans vinnig besig is om te industrialiseer, is die persentasies soos voorspel vinnig aan die toeneem. Dieselfde verskynsel is te vinde in die geval van Japan wat oor die tydperk 1950-1963 van die eerste na die tweede fase toe beweeg het. Die ander voorbeelde kan almal as Westerse geïndustrialiseerde volkshuishoudings beskryf word wat almal in die tweede fase verkeer behalwe die Verenigde State van Amerika en Brittanje wat, volgens Rüstow reeds in die derde fase is.

Volgens tabel 7.3 en grafiek 7.1 wil dit voorkom asof die Republiek van Suid-Afrika hom ook tans in die tweede fase bevind. Daar moet egter onthou word dat ons hier met 'n dualistiese volkshuishouding te doen het. Eerstens kry ons die Westerse kapitalistiese sektor wat seker alreeds in die tweede van Rüstow se fases is. Tweedens kry ons die prekapitalistiese onderhoudsektor, wat hoofsaaklik uit die Bantoetuislande bestaan, wat op die oomblik na alle waarskynlikheid nog maar aan die begin van Rüstow se eerste fase verkeer.

TABEL 7.3

WERKNEMERSVERGOEDING (LONE) AS PERSENTASIE VAN DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK  
TEEN FAKTORKOSTE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKÁ 1911 TOT 1968\*  
(R-miljoen)

Jaar	BBP	Lone	%	Jaar	BBP	Lone	%
1911	299.8	147.0	49.0	1940	986.6	506.4	51.3
1912	316.1	152.6	48.3	1941	1114.6	582.7	52.3
1913	318.3	155.3	48.8	1942	1236.2	660.8	53.5
1914	303.1	156.8	51.7	1943	1322.1	724.0	54.8
1915	307.0	163.1	53.1	1944	1402.3	796.6	56.8
1916	343.0	174.9	51.0	1945	1514.6	887.3	58.6
1917	374.6	190.9	51.0	1946	1621.3	944.0	58.2
1918	415.9	208.1	50.0	1947	1806.3	1018.6	56.4
1919	506.5	237.5	46.9	1948	2004.4	1129.2	56.3
1920	558.1	283.8	50.9	1949	2176.3	1239.9	57.0
1921	490.5	266.9	54.4	1950	2549.1	1350.8	53.0
1922	438.8	231.9	52.8	1951	2829.7	1507.1	53.3
1923	476.9	240.4	50.4	1952	3002.0	1712.4	57.0
1924	512.6	254.4	49.6	1953	3401.2	1841.1	54.1
1925	536.9	268.0	49.9	1954	3645.5	1955.3	53.6
1926	555.1	280.8	50.6	1955	3850.7	2084.2	54.1
1927	580.4	292.4	50.4	1956	4138.0	2233.5	54.0
1928	601.0	300.2	50.0	1957	4375.6	2365.8	54.1
1929	599.0	305.6	51.0	1958	4447.9	2491.6	56.0
1930	551.0	294.7	53.5	1959	4689.2	2594.1	55.3
1931	497.3	270.4	54.4	1960	4973.3	2723.1	54.8
1932	466.1	250.5	53.7	1961	5259.8	2879.6	54.7
1933	531.4	263.4	49.6	1962	5604.2	3049.0	54.4
1934	601.2	303.8	50.5	1963	6214.1	3320.4	53.4
1935	687.6	338.8	49.3	1964	6869.1	3664.9	53.4
1936	766.5	377.0	49.2	1965	7513.5	4079.1	54.3
1937	813.5	410.9	50.5	1966	8180.1	4501.0	55.0
1938	844.4	436.7	51.7	1967	9049.9	4854.7	53.6
1939	891.9	453.8	50.9	1968	9641.2	5349.4	55.5

\*Departement van Statistiek.

### 7.3 'N MAKRO-EKONOMIESE BESKOUIING VAN DIE ROL VAN LONE OP BRUTO BINNELANDSE PRODUK

Die direkte invloed wat lone op produksie, indiensneming en ekonomiese ontwikkeling uitoefen, is alreeds in hoofstuk 5 (kyk par. 5.4 en 5.5) bespreek en sal nie weer hier herhaal word nie. Daar is egter enkele indirekte invloede wat tog verdere aandag verdien. Daaronder tel die invloed van lone op die effektiewe vraag na goedere en dienste.

In 'n geslote statiese volkshuishouding, dit wil sê een waarin daar geen buitelandse handels- en ekonomiese betrekkinge daarop nagehou word nie, moet produksie (BBP) in 'n toestand van ewewig gelyk wees aan verbruik (C).

$$BBP = C \dots\dots\dots(1)$$

Indien verbruik kleiner as produksie is, sal daar oorskotte ontstaan wat eventueel tot werkloosheid van produksiefaktore (insluitende werkers) sal lei. Indien verbruik groter as produksie is, sal dit uiteindelik tot inflasie lei.

In 'n dinamiese geslote volkshuishouding vind daar egter ook netto investering plaas. 'n Deel van die geproduseerde goedere en dienste word met ander woorde aangewend om die volkshuishouding se voorraad kapitaalgoedere uit te brei. In so 'n volkshuishouding moet produksie dus gelyk wees aan verbruik plus investering (I).

$$BBP = C + I \dots\dots\dots(2)$$



Verbruik kan vir doeleindes van hierdie model verder onderverdeel word in verbruik deur loontrekkers (C1) en verbruik deur alle ander verbruikers (Ca).

$$\therefore \text{BBP} = C1 + Ca + I \dots\dots\dots(3)$$

In 'n geslote volkshuishouding wat in ewewig is, kan investering egter slegs uit een bron gefinansier word naamlik besparings (S) in die sin van onthouding van verbruik van geproduseerde goedere en dienste deur òf loontrekkers òf ander verbruikers.

$$\therefore \text{BBP} = C1 + Ca + S \dots\dots\dots(4)$$

Uit vergelykings (3) en (4) is dit nou duidelik dat dit in 'n toestand van ewewig noodsaaklik is dat besparings gelyk moet wees aan investerings.

$$S = I \dots\dots\dots(5)$$

Die inherente onstabiliteit van die Westerse kapitalisme lê juis in vergelykings (3) en (5) opgesluit. In vergelyking (4) is dit dieselfde mense wat die inkome of BBP ontvang wat dit weer òf spandeer aan verbruikersgoedere en dienste (C1 en Ca) òf spaar (S). Dit is egter nie dieselfde mense wat spaar (S) en investeer (I) nie (vergelyking 5) of wat die inkome (BBP) ontvang en wat investeer (I) nie (vergelyking 3). Besparing vind onder andere plaas deur groot getalle individue terwyl dit in 'n Westerse kapitalistiese volkshuishouding hoofsaaklik ondernemings is wat investeer. Daar moet dus die een of ander faktor of meganisme wees wat besparing en investering aan mekaar gelykstel. Werk die faktor of meganisme nie goed nie dan is  $S \neq I$  en is  $\text{BBP} \neq C1 + Ca + I$ . Is  $I > S$  dan sal  $\text{BBP} < C1 + Ca + I$  en sal inflasie intree. Is  $I < S$  dan sal  $\text{BBP} > C1 + Ca + I$  en sal daar oorskotte ontstaan wat weer sal lei tot 'n vermindering van produksie en werkloosheid van produksiefaktore.

Uit bostaande blyk dat dit van die grootste belang is vir die behoud van 'n bruto binnelandse produk wat groot genoeg is om volle indiensneming te verseker dat investering gelyk of groter as besparing moet wees. (Die inflasie-ewewig word voortaan geïgnoreer omdat dit nie hier ter sake is nie.) Nou is daar twee kante van waar die probleem benader kan word, naamlik of van die investeringskant af of van die besparingskant af. Die investeringskant van die vraagstuk sal voorlopig geïgnoreer word, omdat dit by ekonomiese ontwikkeling tuis hoort en dus nie hier ter sake is nie.

Benader mens die vraagstuk van die besparingskant af kan daar eerstens opgemerk word dat 'n volkshuishouding waarin daar glad nie gespaar (en geïntesteer) word nie, 'n baie stabiele een sal wees, want daar bestaan dan geen kans dat besparing en investering uit ewewig sal wees nie ( $S \neq I$ ). Hieruit kan dus saam met Phelps (5, 498) afgelei word dat verbruik 'n meer stabiele faktor as besparing in die volkshuishouding is. Besparing en verbruik word egter bepaal deur 'n mens se verbruiksgeneigtheid. Indien 'n persoon R0.80 uit elke R1 wat hy verdien spandeer, is sy verbruiksgeneigtheid gelyk aan 0.8 en sy spaargeneigtheid gelyk aan 0.2. Daar kan dus beweer word dat hoe hoër 'n volk se verbruiksgeneigtheid, hoe stabielier die BBP en indiensneming sal wees. Daar word gewoonlik aanvaar dat die verbruikersgeneigtheid van loontrekkers hoër is as die van ander inkomsteontvangers (5, 498). Indien dit wel so is, sal dit beteken dat verbruik deur loontrekkers (C1) 'n baie groter stabiliserende invloed op die BBP en alsoo op indiensneming het as verbruik deur ander inkomsteontvangers (Ca) en dat dit stabiliteitsonthalwe wenslik is om lone te verhoog ten koste van ander vorme van inkomste.

Die saak is egter glad nie so eenvoudig soos wat dit hierbo voorgestel word nie. Daar is gesê dat die mees stabiele BBP en dus ook indiensneming gekry sal word in 'n volkshuishouding waarin daar geen besparing plaasvind nie. Vind daar egter in so 'n volkshuishouding wel 'n netto bevolkingsaanwas plaas, dan beteken dit dat die per capita-BBP sal daal wat natuurlik ewe ongewens is as 'n onstabiele BBP. Gevolglik sal daar in 'n volkshuishouding waar daar wel 'n netto bevolkingsaanwas plaasvind, gestrewe moet word na 'n BBP wat minstens in dieselfde verhouding as die bevolking sal toeneem. Dit vereis egter investering en investering vereis besparing. In so 'n geval is dit dus wenslik dat ander inkomsteontvangers, wie se verbruiksgeneigtheid, veral grensverbruiksgeneigtheid, laer as loontrekkers s'n is, se inkomste verhoog moet word ten koste van loontrekkers s'n.

Indien dit verder ook nog wenslik is dat daar in 'n volkshuishouding ekonomiese ontwikkeling of groei moet plaasvind, omdat die per capita-BBP laer is as wat deur die beleidmakers as wenslik geag word, is dit vanselfsprekend dat investering teen 'n nog vinniger koers moet plaasvind, en is dit derhalwe noodsaaklik dat besparing aangemoedig of selfs verpligtend gemaak moet word. Een van die maniere om dit te doen, is juis om lone baie laag vas te pen sodat winsontvangers wie se grensspaargeneigdheid hoog is meer kan spaar. Terselfdertyd sal hoër winste 'n effektiewe aansporing vir nuwe investerings wees. Bogenoemde situasie kry mens veral in die onderontwikkelde lande van Asië, Afrika en Suid-Amerika, waar arbeid dan bowendien nog volop of selfs oorvloedig is. Die Arthur Lewis-model: Economic development with unlimited supplies of labour (kyk par. 5.3.4) is spesiaal vir sulke omstandighede opgestel.

Daar dien egter ook op gelet te word dat in die meeste volwasse industriële volkshuishoudings van die Weste die gemiddelde reële loon reeds ver bo die minimum bestaanspeil van die werkers is. Die gevolg is dat daar gereeld groot bedrae uit lone bespaar word en dat lone daar beslis nie meer die stabiliserende faktor is wat dit in hierdie bespreking veronderstel is om te wees nie. In sulke lande is gereelde netto investerings dus noodsaaklik om die besparings uit lone te balanseer en om also volle indiensneming te verseker.

#### 7.4 GEVOLGTREKKINGS

7.4.1 Daar bestaan geen maklik bepaalbare verwantskap tussen stygings in arbeidsproduktiwiteit en stygings in lone as persentasie van die bruto binnelandse produk nie (kyk par. 7.1).

7.4.2 Dit wil voorkom asof dit geen nuttige doel kan dien om lone as persentasie van bruto binnelandse produk historiese met ekonomiese ontwikkeling in verband te probeer bring nie (kyk par. 7.1).

7.4.3 Lone as persentasie van die bruto binnelandse produk verander blykbaar volgens 'n vaste patroon soos 'n volkshuishouding van 'n voorkapitalistiese stelsel tot 'n volwasse Westerse kapitalisme ontwikkel (kyk par. 7.2).

7.4.4 Vanweë die dualisme van die Suid-Afrikaanse volkshuishouding skyn dit onmoontlik te wees om 'n akkurate klassifikasie van die ontwikkelings stadium of voorspelling van die verdere ontwikkelingsverloop van die volkshuishouding op grond van lone as persentasie van die bruto binnelandse produk te maak (kyk par. 7.2).

7.4.5 'n Volkshuishouding waarin daar glad nie gespaar word nie en waarin daar geen netto bevolkingsvermeerdering plaasvind nie, se bruto binnelandse produk en indiensneming sal baie stabiel wees (kyk par. 7.3).

7.4.6 Daar word gewoonlik aanvaar dat loontrekkers se verbruiksgeneigdheid groter is as die van ander inkomsteontvangers (kyk par. 7.3).

7.4.7 Dit wil voorkom asof die verhoging van lone ten koste van ander inkomstes 'n stabiliserende invloed op indiensneming en die bruto binnelandse produk van 'n volkshuishouding kan hê (kyk par. 7.3).

7.4.8 Indien 'n stygende bruto binnelandse produk om die een of ander rede in 'n volkshuishouding wenslik of noodsaaklik is, beteken dit dat netto investering en dus ook besparing ook wenslik of noodsaaklik is. In so 'n geval is dit gewoonlik veral in onderontwikkelde gebiede wenslik of noodsaaklik om ander inkomstes ten koste van lone te verhoog (kyk par. 7.3).

LITERATUURLYS

- 1 KERR, C. Labor's income share and the labor movement. In: New concepts in wage determination. Edited by G.W. Taylor and F.C. Pierson. New York, McGraw-Hill Book Co., 1957.
- 2 RÜSTOW, H.J. The development of the shares of wages and profits in an industrial society. The German Economic Review, 5, 1967: 89 - 115.
- 3 REYNOLDS, L.G. Toward a short-run theory of wages. The American Economic Review, 38, 1948 : 289 - 308.
- 4 HIGGINS, B. Economic development. Revised Edition. London, Constable and Co., 1968.
- 5 PHELPS, O.W. Introduction to labor economics. New York, McGraw-Hill Book Co., 1955.

## ANDER RGN-PUBLIKASIES

### INLIGTING

Humanitas/n Semesterpublikasie van die RGN/R1.50

Nuusbrief/Maandelikse publikasie met die jongste inligting oor navorsing deur die RGN/Gratis

Jaarverslag/Verskyn jaarliks/RO.55

IN-1/Fourie, E.C./Register van huidige navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika 1968/1969/R2.75

IN-2/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse universiteite I (UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, UNISA en ALGEMEEN)/1969/R1.10

IN-4/Waardebepalings van Suid-Afrikaanse en buitelandse opvoedkundige kwalifikasies/1970/RO.55

IN-7/Sauer, G. en Geggus, C./Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1970/R1.15

IN-8/Sauer, G. en Stimie, C.M./Algemene inligting/1970/Gratis

IN-10/Fourie, E.C./Register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika 1969/1970/R3.25

IN-12/Geggus, C. en Stimie, C.M./Opleiding na standerd tien uitgesonderd universiteitsopleiding/1971/RO.90

IN-13/Stimie, C.M./Education in South Africa/1970/RO.50/(slegs Engels)

### KOMMUNIKASIE

KOMM-1/Erasmus, P.F./Die radio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die situasie in Suid-Afrika/1970/R1.35

KOMM-2/Erasmus, P.F./Beeldradio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die moontlike instelling van sodanige diens in Suid-Afrika/1971/RO.40

### MANNEKRAG

MM-1/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van stads- en streeksbeplanners/1969/RO.35

MM-2/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van medici/1969/RO.30

MM-3/Terblanche, S.S./Die beroepsomstandighede van 'n groep pasgegradueerdes/1969/RO.50

MM-4/Redelinghuys, H.J./'n Verkenningstudie oor die Bantoe-ondernemer in die Tswana-tuisland/1970/RO.90

MM-12/Ebersohn, D./Die nasionale register van natuur- en geesteswetenskaplikes soos op 30 September 1967/Gratis

MM-13/Terblanche, S.S. en Van der Westhuizen, A.I./Die vraag en aanbod van Kleurlingmannekrag, 1973/1970/RO.35

MM-14/Wolmarans, C.P./Die plek en funksie van navorsing op die gebied van Publieke Administrasie in die Instituut vir Mannekragnavorsing/1970/Gratis

- MM-15/Meij, L.R./Die bestudering van die menslike faktore wat 'n rol speel in die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande/1970/R1.85
- MM-16/Terblanche, S.S./Die verband tussen inkomsteverskille, beroep en onderwyspeil van ekonomies bedrywige Blankes in 1960/R1.00
- MM-17/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van ingenieurs, 1973 en 1980/1971/R1.50
- MM-18/Boshoff, F./Die rol van lone in die volkshuishouding/1971/(in druk)
- MM-22/Wessels, D.M./Deeltydse werk vir getroude vroue/1971/R1.50
- MT-1/Verhoef, W. en Roos, W.L./Die doel en eksperimentele opset van Projek Talent-opname/1970/RO.65
- MT-2/Roos, W.L./Die 1965-Talentopnametoetsprogram/1970/RO.70
- MT-3/Roos, W.L./Die intellektueel-superieure leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standaard ses-vlak/1970/RO.50
- MT-4/Strydom, A.E./Sportdeelname, skoolprestasie en aanpassing van standaard ses-seuns/1970/RO.55
- MT-5/Smith, F.B./Die enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie/1970/RO.50

#### SOSIOLOGIE

- S-1/Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/RO.90
- S-2/Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H. van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1.40
- S-3/Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1.30
- S-4/Grové, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/RO.90
- S-5/Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2.80
- S-6/Van der Walt, T.J./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2.40
- S-7/Strydom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskoste van die gesin/1970/RO.55
- S-8/Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/(in druk)
- S-9/Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare. Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by die pasgetroudes/1970/R1.20
- S-10/Strydom, H.G./Blanke manlike dowes in Transvaal/1971/(in druk)
- S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2.40/(slegs Engels)

#### TAAL, LETTERE EN KUNS

- Nienaber, P.J./Suid-Afrikaanse Dokumentasiesentrum vir Taal en Lettere/1970/Gratis
- Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Musiek/1971/Gratis









ISBN 0 86965 007 6